# Voëlvlug deur die Nuwe Testament

GJC Jordaan

INHOUDSOPGAWE

**Voëlvlug deur die Bybelboeke (Nuwe Testament) ... 3**
MATTEUS: Die beloofde Messias is hier ... 3
Vier Evangelies ... 3
Matteus: tollenaar, Jood en ooggetuie ... 3
Matteus: Tematiese rangskikking ... 3
Sewe Bybelstudiestukke ... 3
MARKUS: Jesus is die Seun van God! ... 6
Wie was Markus? ... 6
Markus: die Evangelie aan die heidene ... 6
Sewe Bybelstudiestukke ... 6
LUKAS: die priesterlike Messias ... 9
'n Wetenskaplike ondersoek ... 9
Gerig aan gelowiges uit die heidene ... 9
Lukas bevat heelwat unieke gegewens ... 9
Lukas 'n unieke gesigshoek ... 9
Die samestelling van die boek ... 9
Sewe Bybelstudiestukke ... 10
JOHANNES: Jesus is God - glo en jy sal lewe ... 13
Wat maak Johannes eiesoortig? ... 13
Die sentrum van sy prediking ... 13
Jesus openbaar as God self ... 13
Sewe Bybelstudiestukke ... 13
HANDELINGE: Die evangelie wêreldwyd ... 16
Hoe Christus se uitbreidingsplan ontvou ... 16
"Hulle"- en "ons"-gedeeltes ... 16
Satan se verydelingspogings gekortwiek ... 16
Sewe Bybelstudiestukke ... 16
GALASIËRS: Vryheid in Christus ... 20
Skrywer en geadresseerdes ... 20
Doel van die brief ... 20
Die verloop van die brief ... 21
Die besondere betekenis van die brief ... 21
Sewe Bybelstudiestukke ... 21

1 en 2 TESSALONISENSE: Die briewe oor die wederkoms ........ 24
Twee briewe aan die Tessalonisense ........ 24
Die besondere Godsopenbaring in die twee briewe ........ 24
Sewe Bybelstudiestukke ........ 25
1 KORINTIËRS: Advies aan 'n probleemgemeente ........ 27
Korrespondensie met 'n probleemgemeente ........ 27
Waaroor gaan 1 Korintiërs? ........ 27
Sewe Bybelstudiestukke ........ 28
2 KORINTIËRS: 'n Apostel in die beskuldigdebank ........ 31
Waaroor gaan 2 Korintiërs? ........ 31
Watter besondere plek het 2 Korintiërs in die Bybel? ........ 31
Sewe Bybelstudiestukke ........ 31
ROMEINE: Die regverdige sal deur die geloof lewe ........ 35
'n Vierde sendingreis in vooruitsig ........ 35
Waar kom die kerk in Rome vandaan? ........ 35
Paulus stel sy leer vooruit bekend ........ 35
Die struktuur van die brief ........ 35
Ten slotte ........ 36
Sewe Bybelstudiestukke ........ 36
FILEMON EN EFESIËRS: Briewe uit gevangenskap ........ 39
Vier briewe uit gevangenskap ........ 39
Drie briewe saam afgestuur ........ 39
Filemon: die allesoortreffende broederband in Christus ........ 39
Efesiërs: Christus is Hoof oor alle dinge, ook van die kerk ........ 40
Sewe Bybelstudiestukke ........ 40
KOLOSSENSE EN FILIPPENSE: Nog briewe uit die gevangenis ........ 43
Kolossense: dwaalleer afgewys ........ 43
Filippense: blydskap in beproewing ........ 43
Sewe Bybelstudiestukke ........ 44
1 en 2 TIMOTEUS en TITUS - Van 'n herder aan 'n herder ........ 47
Pastorale briewe ........ 47
1 Timoteus: hoe om 'n goeie dienaar te wees ........ 47
Titus: die herderlike opdrag ........ 47
2 Timoteus: bemoediging vanuit die dodesel ........ 48
Sewe Bybelstudiestukke ........ 48
HEBREËRS: Die OU Testament in Jesus Christus vervuld ........ 51
Wie? Waar? Wanneer? Wat? ........ 51
'n Kragtige openbaring van Christus ........ 51
Sewe Bybelstudiestukke ........ 51
DIE BRIEWE VAN PETRUS: Moedhou tot by die wederkoms ........ 54
1 Petrus - Moedhou by swaarkry ........ 54
2 Petrus - Die apostel se geestelike testament ........ 54
Sewe Bybelstudiestukke ........ 54
DIE JOHANNESBRIEWE: Liefde, waarheid, lewe ........ 57
1 Johannes: wees verseker van die ewige lewe ........ 57
2 Johannes: tree op in liefde vir die waarheid ........ 57
Johannes: tree op in waarheid en liefde ........ 57
Sewe Bybelstudiestukke ........ 57
JAKOBUS EN JUDAS; Jesus se broers skryf ........ 60
Jakobus: die goeie werke van die geloof ........ 60
Jakobus en Paulus in teenspraak? ........ 60
Wedergeboorte, geloof en goeie werke ........ 60
Judas: staan vas teen dwaalleer! ........ 60
Sewe Bybelstudiestukke ........ 61
Die OPENBARING Van Johannes: Die Kerk op pad na die voleinding ........ 63
Beelde en simbole ........ 63
'n Troosboek in tye van verdrukking ........ 63
Die inhoud van Openbaring ........ 63
Voortsetting en afsluiting van die Bybel ........ 63
Sewe Bybelstudiestukke ........ 64

**Voëlvlug deur die Bybelboeke (Nuwe Testament)**

***MATTEUS: Die beloofde Messias is hier***

### Vier Evangelies

Die eerste vier boeke van die Nuwe Testament is waarskynlik die bekendste boeke van die Bybel. Hierdie boeke staan bekend as die vier Evangelies. Die woord *evangelie* is eintlik 'n Griekse woord wat "goeie boodskap" beteken. Die vier Evangelies word so genoem omdat hulle almal die goeie boodskap van die koms van die Messias aankondig.

Die feit dat daar *vier* Evangelies is, beteken nie dat daar vier verskillende boodskappe oor die koms van die Messias is nie. Dit is dieselfde boodskap, maar vier verskillende boodskappers. Die Heilige Gees het vier boodskappers gelei om dieselfde boodskap aan te kondig sodat ons die boodskap met des te groter duidelikheid kan ontvang.

By die deurlees van die Evangelies is dit uit die staanspoor duidelik dat die eerste drie Evangelies (Matteus, Markus en Lukas) baie op mekaar lyk, terwyl Johannes 'n heel unieke aanbieding gee. Oor Johannes later meer. Wat die eerste drie Evangelies betref: omdat hulle so baie ooreenkom, word hulle die *Sinoptiese Evangelies* genoem *(sinopties* beteken "saamkykend", oftewel "dieselfde dinge beskouend"). Die eerste drie Evangelies neem dus naastenby dieselfde dinge in oënskou, maar tog nie op dieselfde manier nie. Elkeen beskryf dit vanuit 'n eie oogpunt en met eie beklemtoning.

### Matteus: tollenaar, Jood en ooggetuie

Die eerste Evangelie is beskryf deur Matteus. In alle waarskynlikheid was hy die tollenaar Matteus wat een van Jesus se dissipels geword het (Matt. 9:9; 10:3). Anders as Markus en Lukas, was hy dan van die begin af 'n ooggetuie wat Jesus se optrede noukeurig kon beskryf. En as oud-tollenaar (wat daaraan gewoond was om noukeurig met syfers en bedrae te werk) was Matteus by uitnemendheid toegerus om sy beskrywing uiters noukeurig te doen!

Bowendien was Matteus (weer eens anders as Markus en Lukas) 'n gebore Jood. Hy het dus grootgeword met die Ou-Testamentiese profesieë van die Messias wat kom. Omdat hy dan ooggetuie was van hoe daardie beloftes in Jesus vervulling bereik het, het hy in sy beskrywing van die evangelie veral beklemtoon dat die Messias-beloftes in Jesus vervul is (bv. 2:15,17,23; 8:17; 12:17).

### Matteus: Tematiese rangskikking

'n Baie opvallende kenmerk van die Evangelie volgens Matteus is die *vyf groot preke* van Jesus wat omtrent eweredig deur die boek versprei is. Dit is Jesus se bergrede (hfst. 5-7), sy uitsendingsrede (hfst. 10), sy gelykenisrede (hfst. 13), sy lewenspraktykrede (hfst. 18) en sy profetiese rede (hfst. 24-25). Tussen hierdie vyf groot preke gee Matteus dan vertellings oor wat Jesus gedoen het. Hy bied die gebeure dus nie in tydsvolgorde aan nie, maar veel eerder groepeer hy dit tematies. Die sentrale tema van Matteus se beskrywing van die evangelie is dan waarskynlik: *getrou aan sy verbondsbeloftes het God Jesus gestuur as die Messias-Profeet.*

### Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**
***Lees Matteus 1:17-25; 3:13-17; 4:1-11.***
Hierdie gedeeltes handel oor Jesus se geboorte. sy doop en sy eerste botsing met Satan.

1. Gedagtig aan die sentrale tema van Matteus se evangeliebeskrywing, waarom dink u voer hy Christus se geslagsregister terug juis tot by Abraham (1:17; Luk. 3:38 voer dit verder terug tot by Adam)?
2. Waarom wou Josef sy verlowing met Maria in die geheim verbreek (1:19; vgl. Deut. 22:23-24)? Waarom noem Matteus twee keer uitdruklik dat Josef nie met Maria gemeenskap gehad het nie (1:18,25; vgl. vers 22-23)?
3. Watter evangelie (blye boodskap) is opgesluit in die name "Jesus" en "Emmanuel" (1:21,23)?
4. Waarom wou Johannes aanvanklik Jesus nie doop nie (1:14; vgl. veral ook 3:6)? Waarom was

dit nodig dat Jesus gedoop word (3:15)? Waaroor het Jesus se doop eintlik gegaan, aldus die stem uit die hemel (3:17; vgl. Ps. 2:6,7)?

5. Op watter verskillende maniere het Satan Jesus probeer verlei om sy eie voordeel te soek (4:3,6,9)? Op watter manier het Jesus elke versoeking afgewys (4:4,7,10)?

**STUDIE 2**

***Lees Matteus 5:1-20; 5:48-6:8; 7:24-29.***

Hierdie hoofstukke kom uit Jesus se bergrede.

1. Maak 'n lys van die kere wat Jesus in 5:1-20 na "die koninkryk van die hemele" verwys. En na "geregtigheid". Let op die samehang tussen die twee begrippe. Wat het ons nodig om in die koninkryk van die hemele in te gaan (5:30)? Wat (of Wie) is ons geregtigheid aldus 5:10,11?
2. Kan ons in onsself volmaak wees soos die Vader volmaak is (5:48; vgl. Rom. 3:10,11)? Hoe word ons dan wel volmaak voor die Vader gestel (vgl. Joh. 1:16)?
3. Watter soort liefdadigheid kan God nie behaag nie (6:1,2)? En in watter soort gebede het Hy geen behae nie (6:6,7)? As ons hemelse Vader dan weet wat ons nodig het voordat ons Hom vra (6:8), waarom moet ons dan bid (vgl. HK V/A 116)?
4. Hoe kon die mense in Jesus se prediking agterkom dat Hy die beloofde Messias van God was (7:28-29)?

**STUDIE 3**

***Lees Matteus 10.***

Hierdie hoofstuk bevat Jesus se "uitsendingsrede". Dit beskryf hoe Jesus sy dissipels uitgestuur het om die evangelie te verkondig.

1. Waarvandaan het die dissipels mag gekry om wondertekens te doen (10:1)? Waarom het hulle die mag ontvang (10:7; vgl. ook 9:33)?
2. Wie dink u was "die verlore skape van die huis van Israel" (10:6)? Waarom stuur Jesus sy dissipels eers na die verlore skape van Israel toe (vgl. 9:36)? Was Jesus se opdrag blywend, of het Hy sy opdrag later self uitgebrei (vgl. Matt. 28:19)?
3. Gedagtig daaraan dat daar destyds dikwels "wondergenesers" rondgegaan het wat uit hulle "bedryf" goed geld gemaak het, waarom het Jesus sy dissipels verbied om 'n beursie en 'n reissak saam te neem (10:9,10)?
4. Met watter waarskuwings stuur Jesus sy dissipels uit (10:16,17,22)? En met watter raad (10:16,23)? En met watter troos (10:19, 20, 22, 26-28)? Geld hierdie waarskuwings, raad en troos vir alle tye (vgl. Mark. 13:9-13 en Luk. 21:12-17)?
5. Hoe moet ons Matteus 10:34 verstaan in die lig van die "vrede op aarde"-boodskap by Jesus se geboorte (Luk. 2:14) en ander gedeeltes soos Efesiërs 2:14 (vgl. veral Joh. 14:26-27)?

**STUDIE 4**

***Lees Matteus 13.***

In hierdie hoofstuk vind ons ’n reeks van koninkryksgelykenisse wat Jesus vertel het.

1. Verduidelik aan die hand van Jesus se eie uitleg in 13:18-23 hoe ons die gelykenis van die saaier (13:1-8) moet verstaan.
2. Waarom het Jesus op hierdie stadium van sy bediening in gelykenisse begin preek (13:10-16, veral vers 11; ook 13:34-35)? Wie dink u *gee* die vermoë aan mense om die verborge dinge te ken (13:11; vgl. Luk. 24:45)?
3. Verduidelik aan die hand van Jesus se eie uitleg in 13:36-43 hoe ons die gelykenis van die onkruid (13:24-30) moet verstaan.
4. Watter ooreenkoms is daar tussen die beeld wat in die gelykenis van die mosterdsaad (13:21-32) en dié van die suurdeeg (13:33) gebruik word? Kan 'n mens daaruit agterkom wat in beide gevalle die punt van vergelyking (die eintlike saak wat Jesus bekend maak) is?
5. Hoe belangrik behoort die koninkryk van die hemel vir ons te wees, volgens die gelykenis van die verborge skat (13:44) en dié van die kosbare pêrel (13:45-46)?

**STUDIE 5**

***Lees Matteus 16:13-23; 18:15-35.***

In hierdie verse vind ons die kragtige belydenis van die dissipels dat Jesus die Christus is, asook Jesus se woorde dat Hy die sleutels van die hemelryk sal gee.

1. Waarom kon Petrus (en saam met hom die dissipels) raaksien dat Jesus die Christus is, terwyl sovele ander dit nie kon raaksien nie (16:18)? Waarom kan *u* raaksien dat Jesus die Christus is?

2. Let op die mooi woordspeling in 16:18: "Jy is Petrus, en op hierdie rots (Grieks: *petra)* sal Ek my kerk bou." Anders as die Roomse verklaarders, verstaan ons hierdie woorde so: dat nie Petrus self nie, maar die belydenis dat Jesus die Christus is die rots is waarop die kerk gebou word. Watter gronde vir laasgenoemde uitleg vind u in 1 Korintiërs 3:10,11 en Efesiërs 2:19-22)?
3. Wat word bedoel met "die sleutels van die koninkryk van die hemele" (16:19; vgl. HK V/A 83)? Waarom kan die apostels (en elke Woordbedienaar) met absolute vertroue aan berouvolle sondaars verkondig dat God in Christus hulle sondes vergewe (16:19)?
4. Waarom was Petrus se wens dat Jesus nie doodgemaak sal word nie, 'n versoeking van Satan (16:22-23)?
5. Hoe moet 'n gelowige optree met iemand wat teen hom/haar gesondig het (18:15-17)? Hoe kom dit ooreen met artikels 72-77 van ons Kerkorde?
6. Waarom moet ons bereid wees om mense wat teen ons gesondig het, heeltemal te vergewe (18:22-35)? Hoe moet ons in die lig hiervan die vyfde bede van die Onse Vader ("... vergeef ons ons skulde soos ons ons skuldenaars vergewe") verstaan (vgl. HK Sondag 51)?

**STUDIE 6**

***Lees Matteus 21:1-17; 25:31-46.***

In hoofstuk 21 word twee insidente berig waar Jesus in die openbaar as Koning (Seun van Dawid) verklaar is. Hoofstuk 25 vorm deel van sy profetiese rede.

1. Waarom was dit gepas dat Jesus, die Koning van alle konings, op die rug van 'n donkie Jerusalem sou binnery (21:1-5)?
2. Waaruit is dit duidelik dat die skare Jesus as 'n koning beskou het (21:8-9)? Watter feeslied gebruik hulle om Jesus as koning te besing (21:9; vgl. Ps. 118:26)? Dink u dat hulle Hom as *hemelse* Koning verwag het of as 'n *aardse* koning (vgl. Joh. 6:15 en selfs Hand. 1:6)?
3. Hoe wys Jesus dadelik na sy intog dat Hy as hemelse Koning gekom het (21:12-14)? Wie het Hom herken as die Koning en wie nie (21:15-16; vgl. ook Matt. 11:25,26)?
4. Sal al die volke eendag voor God se troon verskyn (25:31,32; vgl. ook Openb. 21:24)? Sal alle mense die koninkryk van God ingaan (Matt. 25:31)? Wie sal wel die koninkryk beërf en waarom (25:34; vgl. Ook Ef. 1:4)?
5. Waarom kan ons sê dat ons liefde tot God uitdrukking vind in ons liefde tot ons naaste (25:40,45; vgl. ook 1 Joh. 5:20,21)?

**STUDIE 7**

***Lees Matteus 27:32-66; 28:1-20.***

In hierdie hoofstukke word die dood en opstanding van die Here beskryf.

1. Lees ook Psalm 22:1-19 en kyk hoeveel profetiese woorde u daarin kan vind wat by Jesus se kruisiging in vervulling gegaan het.
2. Wat dink u was die betekenis daarvan dat die voorhangsel van die tempel in twee geskeur het (27:51; vgl. Eks. 26:33 en Heb. 10:19-22)? Waarom het die aarde gebewe en die rotse geskeur (Matt. 27:51,54)?
3. Waarom het daar by Jesus se opstanding weer 'n groot aardbewing plaasgevind (28:2)? Waarom was dit nodig dat die engel en ook die opgestane Jesus self die vroue oor en oor gerusstel: "Moenie bang wees nie" (28:4,5,8,10)?
4. Watter onderduimse plan het die Joodse Raad bedink om die waarheid van die opstanding van Jesus te betwis (28:11-15)?
5. Hoe verklaar Jesus sy koninklike mag aan sy dissipels (28:18)? Watter koninklike opdrag gee Hy aan hulle (28:19)? En watter koninklike troos (28:20)? Geld hierdie woorde van Hom steeds vandag vir ons (28:20)?

***MARKUS: Jesus is die Seun van God!***

In die Bybel neem Markus die tweede plek onder die Evangelies in. Nogtans word oor die algemeen aanvaar dat dit eerste geskryf is. Daar is goeie rede om te vermoed dat van die ander Evangelieskrywers (Matteus, en veral Lukas) Markus se Evangelie as bron van inligtinggebruik het toe hulle hulle onderskeie Evangelies neergeskryf het.

**Wie was Markus?**

Markus was self nie een van die apostels nie. Hy was dus, anders as Matteus, nie self ooggetuie van Jesus se optrede nie.

Waarskynlik was hy Johannes Markus, die seun van Maria (Hand. 12:12), wat as jong man saam met sy oom Barnabas, Paulus op sy eerste sendingreis vergesel het (Hand. 13:5). Later, toe Paulus in Rome gevange gehou is, was Markus ook daar om hom by te staan (vgl. Kol. 4:10; Filem. 24). Maar daar in Rome was hy veral Petrus se metgesel, tot so 'n mate dat Petrus in een van sy sendbriewe na Markus as sy seun verwys (1 Pet. 5:13). Dit was dan waarskynlik uit Petrus se mond dat Markus die inligting gekry het wat in sy Evangelie vervat is.

Daarom kan ons aanvaar dat Markus sy Evangeliebeskrywing daar in Rome voltooi het kort voor Petrus se dood (± 65 n.C.).

**Markus: die Evangelie aan die heidene**

Waar Matteus se Evangelie gerig was aan die Christene uit die Jode, het Markus syne geskryf met die oog op die Christene uit heiden geledere. Dit kan ons onder meer sien in die feit dat Markus dikwels vir sy lesers die Joodse gebruike verduidelik (bv. Mark. 7:3,4).

Aan hierdie gelowiges dui Markus in sy Evangelieverhaal aan dat Jesus, hoewel Hy werklik mens geword het, bo alle twyfel *die Seun van God* is.

Dit dui hy aan deur besondere klem te plaas op die wonderdade wat Jesus gedoen het. Daarvoor was die apostel Petrus, wat self 'n man van die daad was, natuurlik 'n uitmuntende getuie. Kort en kragtig soos wat Petrus van geaardheid was, so kort is die Evangelieverhaal van Markus, bykans die helfte korter as die ander Evangelies. Dit is asof die skrywer sonder onnodige omhaal van woorde by sy doel wil uitkom: om die openbaring van God aangaande sy Seun op skrif te stel.

**Sewe Bybelstudiestukke**

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Markus 1.***

In sy eerste hoofstuk is dit asof Markus hom byna haas om te begin vertel van Jesus se wonderwerke. Let ook op hoe baie die woord "dadelik" in hierdie hoofstuk voorkom - 'n teken van Petrus se "haastige" vertelstyl.

1. Watter blyke gee Markus reg aan die begin (1:1) van die doel wat hy met sy Evangelieverhaal het? Waarom dink u slaan hy Jesus se geboortegeskiedenis en geslagsregister oor (vgl. inleidende opmerkings hierbo)?
2. Wat was die betekenis van die doop waarmee Johannes gedoop het (1:4)? Was dit dieselfde doop as dié waarmee die apostels gedoop het (1:7,8; vgl. Hand. 19:3-5)?
3. Wat was Jesus se eerste dissipels van beroep (1:6)? Wat bedoel Jesus as Hy sê dat Hy hulle "vissers van mense" sal maak (1:17)?
4. Waarom was die mense verslae oor hoe Jesus hulle geleer het (1:22)? Watter gerug oor Hom het in die hele omtrek van Galilea versprei (1:28)?
5. Waarom dink u het die demone Jesus geken (1:24,34)? Let op dat Jesus hulle verbied om dit te vertel. Daarop kom ons later weer terug.
6. Noem 3 genesingswonders van Jesus wat in Hoofstuk 1 beskryf word.

**STUDIE 2**

***Lees Markus 3.***

1. Waarom het die Fariseërs Jesus dopgehou (3:2)? Waarom was Jesus kwaad vir die Fariseërs (3:5)? Bestaan daar so iets soos "heilige toorn"? Wat sou dit wees? Wat was daar saam met die toorn in Jesus se hart (3:5)?
2. Wat het die onreine geeste uitgeroep toe Jesus hulle uitdryf (3:11)? Let weer op dat Jesus hulle herhaaldelik verbied het om dit bekend te maak. Daaroor later meer.
3. Watter bynaam het Jesus vir Simon gegee (3:16)? Weet u wat beteken die bynaam? En watter bynaam aan die seuns van Sebedeus? Wat beteken dié bynaam?
4. Watter lasterlike opmerkings het die Fariseërs oor Jesus gemaak (3:21,22)? Watter antwoord het Jesus hulle gegee (3:26)? Wat is lastering teen die Heilige Gees (3:29)? Waarom is daar geen vergewing teen hierdie soort lastering nie (3:26)?

**STUDIE 3**

***Lees Markus 5.***

1. Op watter verskillende maniere word aangedui hoe groot die mag van onreine geeste was wat hulle intrek in hierdie arme man van Gadara geneem het (5:4,5,9,13)? Het die onreine geeste Jesus as Seun van God herken?
2. Ons weet dat die Jode nie toegelaat was om varkvleis te eet nie. Waarom dan 'n trop van tweeduisend varke (5:13; vgl. 5:1)?
3. Het Jesus na die man se genesing van hom verwag om sy mense te los en Hom te volg (5:18,19)? Waarom (5:19)? Moet ons noodwendig, as ons Christus wil volg, ons familie en vriende en ons volk verlaat?
4. In 5:23 en in 5:28 lees ons van twee mense se algehele vertroue in die krag van Jesus. Op grond waarvan het hulle so op Hom vertrou? Watter verklaring gee dit vir die groot skare wat Jesus orals gevolg het (3:20; 5:21)?
5. Van watter ander buitengewone geleenthede was Petrus, Johannes en Jakobus die enigste getuies (5:37; vgl. 9:9 en 14:33)? Wat het Jesus onteenseglik met die opwekking van die dogtertjie gewys (5:42)? Let weer op dat Jesus die klein kring getuies verbied om vir niemand te vertel dat Hy haar opgewek het nie.

**STUDIE 4**

***Lees Markus 8.***

1. In 8:1-9 word berig hoe Jesus vir die tweede maal op wonderbaarlike manier kos gee vir 'n groot skare (vgl. ook 6:34-44). Watter getalle (brood, mandjies, mense) maak daarvan so 'n groot wonder? Wat word met hierdie besondere wonder van die Seun van God geopenbaar?
2. Waarom het die Fariseërs, na sovele kragtige tekens wat Jesus gedoen het, nou weer op 'n teken aangedring (8:11)? Waarom weier Jesus om 'n teken vir hulle te gee (8:12)?
3. Wat bedoel Jesus in 8:15 waar Hy sê: "Pasop vir die suurdeeg van die Fariseërs en van Herodus" (vgl. Matt. 16:12)? Die Fariseërs en die Herodiane (vgl. 3:6; 12:13) het 'n staatkundige, aardse Messiasryk verwag. Dink u dat hulle daarom Jesus se wonderdade verkeerd sou interpreteer? Watter verklaring gee dit daarvoor dat Jesus by herhaling die mense wat sy wonders gesien het, verbied het om dit uit te vertel?
4. Selfs na Petrus se belydenis dat Jesus die Christus is (8:29), beveel Hy hulle om nie uit te vertel nie. Wat leer Hy dan direk daarna vir sy dissipels (8:31)? Hoe verskil dit wat Hy hulle in 8:31 leer met die Messiasverwagting van die Fariseërs en Herodiane (8:15)? Watter Messiasverwagting openbaar Petrus in 8:32? Waarom dink u reageer Jesus in 8:33 so heftig op Petrus se woorde?

**STUDIE 5**

***Lees Markus 12.***

1. Na wie, in die gelykenis van die landbouers (12:1-9), dink u verwys die eienaar, sy seun en die landbouers onderskeidelik (vgl. 12:12)? Wat leer Jesus ons in hierdie gelykenis oor die evangelie aan die Jode en aan die heidene (vgl. Matt. 21:43)?
2. Dink u dat die Fariseërs en Herodiane opreg bedoel het wat hulle in 12:14 oor die leer van Jesus gesê het? Motiveer. Waarom moet ons belasting aan die landsowerhede betaal (12:15,16)? Hoeveel mag die landsowerhede as belasting opeis (12:17)? Wat is nog belangriker as belasting aan die owerheid (12:17)?
3. Op watter manier bewys Jesus vir die Sadduseërs uit die Ou Testament dat daar wel 'n opstanding uit die dood is (12:26,27)? Sal ons aardse verhoudinge eendag in die hiernamaals net so voortgesit word (12:25)? Beteken dit dat ons mekaar in die opstanding nie eens sal ken

nie (vgl. 1 Tess. 4:17; Luk. 16:23)?

4. Watter verskillende groepe wou Jesus met strikvrae vastrek (12:13,18,28)? Maak 'n lys van die strikvrae wat hulle gestel het. Met watter aanhalings uit die Ou Testament het Jesus die skrifgeleerde se strikvraag oor die grootste gebod beantwoord (12:29-31)? Waarom dink u het hulle dit nie meer gewaag om Hom vrae te stel nie (12:34)?

**STUDIE 6**

***Lees Markus 13.***

Hierdie hoofstuk bevat Markus se kort samevatting van Jesus se profetiese rede.

1. Op watter gebeure dink u het die dissipels se vraag in 13:4 betrekking (vgl. 13:2)? Dink u dat Jesus se daaropvolgende antwoord (13:5 e.v.) net op daardie gebeure betrekking het?
2. Watter misleiding in die wêreld sal aanduiding wees dat die einde aan die kom is (13:6)? Watter wêreldgebeure sal die voleinding van die wêreld voorafgaan (13:7,8)? Wat moes eers gebeur voordat die tempel in Jerusalem verwoes sou word (70 n.C.; vgl. 13:9-13)?
3. Hoe sal die valse christusse en valse profete daarin slaag om selfs die uitverkorenes te mislei (13:22)? In wie se krag sal hierdie misleiers optree (vgl. Openb. 13:12-14)?
4. Watter wêreldtekens sal die wederkoms van Christus voorafgaan (13:24-26)? Kan 'n mens presies dag en datum uit die voortekens aflei wanneer die wederkoms sal plaasvind (13:33-35)? Hoe moet die gelowiges dan die voortekens lees (13:28,29)? Watter opdrag het die kerk in die wagtyd vir die wederkoms (13:33,37)?

**STUDIE 7**

***Lees Markus 14:53-65; 15:21-47.***

1. Watter teenstrydige getuienis het die valse getuies voor die Joodse Raad teen Jesus ingebring (13:55-59)?
2. Wat was die kernvraag wat die Joodse Raad tydens sy "verhoor" aan Jesus gestel het (14:61)? Hoe klop die vraag met die sentrale openbaring van die hele Markusevangelie? Hoe vergelyk Jesus se antwoord in 14:62 met sy vroeëre verbod dat niemand mag sê wie Hy is nie? Waarom dink u sê Jesus dit dan self openlik tydens sy verhoor?
3. Watter kruiswoorde van Jesus het Markus aangeteken (15:34)? In watter opsig was die offisier se woorde in 15:39 'n laaste bevestiging van die besondere openbaringsfokus van die Markusevangelie?
4. Het al die lede van die Joodse Raad Jesus se koninkryk verwerp (15:43)? Waarom was dit 'n waagstuk vir Josef van Arimathea om Jesus se liggaam te gaan vra (15:43)? Noem die verskillende getuies wat in 15:43-47 genoem word dat Jesus werklik dood was. Waarom dink u kan hulle getuienis sonder enige twyfel as betroubaar aanvaar word?

***LUKAS: die priesterlike Messias***

Net soos Markus was ook Lukas nie self een van die apostels nie, maar 'n reisgenoot van Paulus. Waar Markus egter aan die einde *Petrus* se metgesel in Rome was, was Lukas *Paulus* se metgesel tydens sy gevangenskap in Rome. In Paulus se gevangenskapsbriewe verwys hy dikwels na "Lukas die geliefde geneesheer" wat by hom is (Kol. 4:14; Filem. 24; 2Tim. 4:11). Soos Markus se Evangeliebeskrywing dan tot 'n groot mate die neerslag van Petrus se ooggetuienis was, sluit Lukas s'n meer aan by die getuienis van Paulus.

**'n Wetenskaplike ondersoek**

Maar natuurlik was ook Paulus nie self ooggetuie van Jesus se lewe op aarde nie. Daarom was Lukas genoodsaak om ook elders inligting te gaan inwin. En as geneesheer was hy by uitnemendheid daarvoor toegerus om dit op wetenskaplike wyse te doen. Hiervan getuig Lukas self in die voorwoord van sy Evangelie: "Ook ek het dit goed gedink, geagte Teofilus, nadat ek van voor af alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe ..." (Luk. 1:3).

**Gerig aan gelowiges uit die heidene**

Met hierdie voorwoord sê Lukas ook duidelik vir wie hy sy beskrywing van die Evangelie bedoel. Hy rig dit aan "hooggeagte Teofilus". Die leser se naam is baie beslis Grieks. Hy was dus van Griekse afkoms. Boonop was hy waarskynlik uit vooraanstaande kringe, want Lukas spreek hom aan as "hooggeagte" Teofilus. Daarby het dié Teofilus blykbaar pas tot die geloof gekom, of was in die proses daarvan, want Lukas skryf die Evangelie vir hom om "die dinge waaroor hy onderrig is" met des te groter sekerheid te verstaan (1:4). Lukas se Evangeliebeskrywing was dus gerig op gelowiges uit die heidendom wat pas tot geloof gekom het.

**Lukas bevat heelwat unieke gegewens**

'n Groot deel van Lukas se Evangelie bevat dieselfde gegewens as Matteus en Markus, maar ongeveer die helfte van die boek bestaan uit gegewens wat nêrens elders beskryf word nie. Dit is gegewens wat Lukas waarskynlik deur sy eie ondersoek bekom het. Groot dele van Jesus se geboortegeskiedenis, gegewens oor Jesus se kinderjare, die uitstuur van die 70 dissipels, die gelykenisse van die verlore seun/skaap/muntstuk en verskeie ander gelykenisse tel onder die gegewens wat net in Lukas se beskrywing van die Evangelie aangetref word.

Wonders van genesing en opwekking uit die dood het klaarblyklik 'n groot indruk op hierdie geneesheer gemaak, want Lukas beskryf heelwat van hierdie wonders wat nie in die ander Evangelies berig word nie.

**Lukas 'n unieke gesigshoek**

Juis hierdie belangstelling van Lukas is deur die Heilige Gees gebruik om aan hierdie Evangelie 'n eiesoortige gesigshoek te verleen. Dit plaas besondere klem op Jesus se bewoënheid met mense wat swaarkry, tot so 'n mate dat 'n mens met reg kan sê dat Lukas Jesus beskrywe as die Messias-Priester wat gekom het om sy volk uit ellende te verlos. So vorm die eerste drie Evangelies 'n wonderlike trilogie, wat saam die drievoudige ampswerk van Jesus Christus op uitnemende wyse uitbeeld: Matteus as die Messias-Profeet, Lukas as die Messias-Priester en Markus as die Messias-Koning!

**Die samestelling van die boek**

Lukas sê in sy voorwoord dat hy alles "in volgorde" beskrywe (1:3). Daarmee bedoel hy nie noodwendig *tyds*volgorde nie. Lukas ignoreer nie die tydsvolgorde van Jesus se optrede heeltemal nie. Die breë opset van sy boek stem wel daarmee ooreen. Maar dit bied nie 'n van-dag-tot-dag relaas van alles wat Jesus gedoen en gesê het nie. Veel eerder rangskik Lukas sy materiaal in 'n *openbarings-historiese* orde, dit wil sê op só 'n manier dat die groot lyne van God se heilsplan in Jesus se optrede duidelik na vore kom. So bring Lukas duidelik na vore dat Christus se verlossing voortvloei uit die *verbond* met Abraham, dat dit 'n *wêreldwye* verlossing is, 'n verlossing wat Jesus op *priesterlike wyse* bewerk het (vgl. bv. die plek van die tempel in Luk. 1 en in Luk. 24).

Breedweg het Lukas die gegewens dan soos volg gerangskik:

| | |
|---|---|
| *Lukas 1:1-4* | *Lukas se voorrede* |
| *Lukas 1:5 - 2:52* | *Geboorte van Johannes die Doper en van Jesus* |
| *Lukas 3:1-20* | *Optrede van Johannes die Doper* |
| *Lukas 3:21 - 4:13* | *Jesus se doop en versoeking* |
| *Lukas 4:14 - 9:50* | *Sy optrede in Galilea* |
| *Lukas 9:51 -19:44* | *Sy optrede op pad na Jerusalem* |
| *Lukas 19:45 - 21:36* | *Sy optrede in en om Jerusalem* |
| *Lukas 21:37 - 23:56* | *Sy lyding, kruisiging en begrafnis* |
| *Lukas 24:1-53* | *Sy opstanding, verskynings en hemelvaart.* |

**Sewe Bybelstudiestukke**

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Lukas 1:1-38.***

1. Wie het die dinge wat met Jesus gebeur het, aan Lukas oorgelewer (1:2)? Waarom dink u is hulle oorlewering betroubaar? Met watter doel het Lukas sy Evangelie geskrywe (1:4)? Van watter waarde is Lukas se beskrywing van die Evangelie vir ons vandag?
2. Waarom kon Sagaria die boodskap van 'n kind vir Elisabet skaars glo (1:7, 18)? Watter egpaar in die Ou Testament het 'n soortgelyke wonderboodskap gekry? Wat leer die ooreenkoms ons oor die verbondsopenbaring van God?
3. Waarom het Johannes met die gees en krag van *Elia* opgetree (1:17; vgl. ook Mal. 4:5, 6)?
4. Waarom dink u noem Lukas uitdruklik dat Josef uit die geslag *van Dawid* gekom het? Kyk hoeveel aanduidings die boodskap van die engel aan Maria bevat dat Jesus 'n Koning sal wees (1:32, 33, 35).
5. Watter onmoontlikheid het God by Elisabet laat gebeur (1:36)? Watter onmoontlikheid het Hy by Maria laat gebeur (1:3 5)? Lees wat ons oor Jesus se geboorte bely in die Twaalf Artikels, die Belydenis van Nicea, art. 10 van die Nederlandse Geloofsbelydenis en Sondag 14 van die Kategismus.

**STUDIE 2**

***Lees Lukas 2:1-20, 41-52.***

1. Waarom moes die nageslag van Dawid juis na Betlehem gaan vir die sensusopname (2:4; vgl. 1 Sam. 16:1-4)?
2. Watter verskillende aanduidings is daar in die engeleboodskap aan die skaapwagters dat die Kindjie wat gebore is, 'n Koning is (2:10, 11)? Aan wie word eer toegesing in die lied van die engeleskaar (2:14)? En aan wie vrede (2:19)?
3. Hoe het die skaapwagters geweet waar om na die kindjie te gaan soek (2:12, 16)? Watter woorde dink u het Maria in haar hart bewaar (2:44)?
4. Waar het Jesus se ouers aan die gewoonte gekom om die Paasfees in Jerusalem te gaan vier (2:41, 42; vgl. Deut. 16:1-6)? Het hulle alleen gegaan (2:44)?
5. Waarom het Jesus sulke verbasende wysheid gehad (2:47,52; vgl. ook Matt. 7:28,29)? Hoe het Jesus se bomenslike wysheid sy verhouding met sy ouers beïnvloed (2:51)? Waarom dink u word in 2:19 en weer in 2:51 gesê dat Maria al die dinge in haar hart bewaar het (dink bv. aan waar Lukas hierdie besondere inligting oor Jesus se kinderjare sou kry)?

**STUDIE 3**

***Lees Lukas 4:14-32; 5:1-11.***

1. Watter gerug (berigte) oor Jesus dink u het deur die omgewing versprei (4:14; ook 4:15,32)? Wat was Jesus gewoond om op die Sabbatdag te doen (4:16)? Wat kan ons by sy gewoonte leer?
2. Uit watter boek het Jesus in die sinagoge voorgelees (4:17)? Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het: "Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul" (4:21)?
3. Waarom het Jesus die Jode in die sinagoge spesifiek aan die weduwee in Sidon en Naäman die Siriër herinner (4:25-27; vgl. 3:8)? Waarom was hulle daaroor vir Hom kwaad (4:28, 29)?
4. Kyk op 'n kaart van Palestina waar die meer van Gennesaret (5:1) geleë is. Waarom was die vissers besig om hulle nette uit te spoel (5:2, 5)? Waarom dink u het Simon weer die net in die water ingegooi (5:5)?

5. Waarom roep Simon Petrus uit: "Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige man" (5:8, 9)? Wat bely hy eintlik met hierdie woorde?
6. Wat was Jesus se antwoord op Petrus se belydenis (5:10)? Wat bedoel Jesus met die antwoord (vgl. ook Matt. 13:47-50).

**STUDIE 4**

***Lees Lukas 12:4-21; 14:1-14.***

1. Wat is vir ons 'n baie groter bedreiging as die liggaamlike dood (12:4, 5)? Wie het beheer oor daardie ergste bedreiging? Watter "vrees" moet ons dan aan Hom betoon? Beteken dit dat ons vir Hom *bevrees* (bang) moet wees (12:7)?
2. Watter soort voëltjies is destyds as goedkoopste (minderwaardigste) vleiskos in Palestina verkoop (12:6)? Watter waarde heg God aan die voëltjies? Watter troos het ons uit Jesus se woorde oor dié voëltjies (12:7)?
3. Wanneer laster 'n mens teen die Heilige Gees (12:10; vgl. ook vers 9, asook Mark. 3:28-30; Heb. 10:26-31)?
4. Is dit verkeerd om geld te besit en te spaar (vgl. Gen. 13:2; Job 42:12; Luk. 19:2,9)? Wat was die sonde van die ryk man van die gelykenis in 12:16-20 dan?
5. Wat leer die Here Jesus ons met die genesing van die man op die Sabbatdag (14:1-6)?
6. Hoe word nederigheid in hierdie lewe beloon (12:10)? Watter nederigheid vereis God van ons om tot die ewige lewe verhoogte word (12:11)?

**STUDIE 5**

***Lees Lukas 18:1-14; 19:1-10.***

1. Waarom het die regter van die gelykenis tog op die ou einde, ten spyte daarvan dat hy 'n harde man was (18:3), tog op die ou einde na die weduwee se versoek geluister (18:5)? Wat leer ons daaruit oor ons gebede voor God (18:7)?
2. Met watter verskillende gesindhede het die Fariseër en die tollenaar gebid (18:10-13)? Wat leer ons daaruit oor die hartsgesindheid waarmee ons moet bid (18:14)?
3. Waarom het die Jode Saggeus as 'n sondige man beskou (19:7; vgl. vers 2)? Waarom het Jesus nogtans by hom tuisgegaan (19:10)? Wat leer Jesus ons deur sy optrede?
4. Waarom noem Jesus vir Saggeus 'n seun van Abraham (19:9; vgl. Gal. 3:7)? Hoe laat blyk Saggeus dat sy hart reg gesind is (19:4, 8)? Watter troos kry ons as sondaars uit 19:10?

**STUDIE 6**

***Lees Lukas 22:31-53.***

1. Wat het Petrus (en alle gelowiges) die nodigste wanneer Satan ons aanval (22:31, 32)? In 22:32 verwys Jesus na "eendag" wanneer Petrus bekeerd is. Was Petrus dan nie bekeerd nie? Watter bekering het Petrus nog voorgelê (vgl. 22:33-34)? Watter bekering is gedurigdeur nodig vir die gelowiges?
2. Bedoel Jesus in 22:36-38 werklik dat die dissipels met swaarde die stryd moet voer (vgl. Matt. 26:52; Joh. 18:36)? Waarom sê Hy dan vir sy dissipels dat hulle hulle kleed moet verruil vir 'n swaard (vgl. Joh. 15:19; 16:32-33)?
3. Watter beker bid Jesus dat die Vader tog van Hom moet wegneem (vgl. ook Joh. 18:11)? Waarom dink u was dit nodig dat Judas Jesus vir die owerpriester moes uitwys (22:47)? Hulle het tog reeds geweet hoe Hy lyk (22:53), maar dink veral aan die tyd van die dag waarin hulle Hom kom gevange neem het
4. Hoe betoon Jesus selfs in hierdie vreeslike oomblikke priesterlike sorgsaamheid vir die mense wat op sy pad kom (22:50, 51)? Watter duistere magte was in daardie uur teen Jesus losgelaat (22:53; vgl. 22:3)?

**STUDIE 7**

***Lees Lukas 24:13-53.***

1. Kyk op 'n kaart of u 'n aanduiding kan kry van waar die dorpie Emmaus (24:13) moontlik geleë was. Waarom het die twee Emmausgangers Jesus of die pad nie herken nie (24:16)? Waarin laat blyk die twee manne hulle kleingeloof(24:21)?
2. Hoe het Jesus hulle na die waarheid toe gelei (24:27)? Waarmee moet ons in ons tyd kleingeloof en ongeloof bestry? Wat dink u het die twee se harte brandend gemaak terwyl Jesus die Skrifte vir hulle uitgelê het (24:32; vgl. Hand. 2:3)?
3. Waarom het die dissipels bang geword toe Jesus aan hulle verskyn het (24:37)' Hoe het Jesus hulle gerusgestel (24:38-43)?

4. Getuig die Ou Testament van Jesus Christus (24:44)? Wat stel ons in staat om die Bybelse getuienis oor Christus te verstaan (24:45)?
5. Watter belofte van die Vader het Jesus vir die dissipels gestuur (24:49; vgl. Hand. 1:5)?
6. Wat het Jesus gedoen terwyl Hy in die hemel opgeneem is (24:51)? Waar het die apostels daarna gedurig saamgekom (24:53)? Hoe word hiermee vir oulaas klem gelê op Jesus se optrede as *Messias-Priester* (vgl. die inleiding hierbo).

***JOHANNES: Jesus is God - glo en jy sal lewe***

Die vierde Evangelie is, volgens Johannes 21:20-24, geskryf deur die dissipel vir wie Jesus liefgehad het. Alhoewel dit nêrens gesê word nie, is dit duidelik dat daardie dissipel Johannes was. Sy naam word nooit in die vierde Evangelie genoem nie; telkens word hy genoem "die dissipel vir wie Jesus liefgehad het" (f3:23; 20:2; 21:20).

Die skrywer van hierdie Evangelie was dus, net soos Matteus, 'n dissipel van Jesus, en daarom 'n baie betroubare getuie van wat Hy gedoen en geleer het (vgl. Luk. 1:2). En tog, as 'n mens die Johannes-Evangelie oopmaak en begin lees, besef jy dadelik: hierdie keer is dit anders. Dit is nie 'n *ander evangelie* nie, maar 'n totaal *ander aanbieding* as enige van die vorige drie Evangelies. Nie net aan die begin nie, maar enduit word die leser aangegryp deur Johannes se eiesoortige aanbieding.

**Wat maak Johannes eiesoortig?**

Johannes beskryf heelwat woorde en dade van Jesus wat glad nie in die ander Evangelies voorkom nie, bv. die bruilof in Kana, Jesus se gesprekke met Nikodemus en die Samaritaanse vrou, die genesing van die siek man in Betesda, en veral die lang leergesprekke van Jesus (Joh. 7, 8, 10 en 14-17).

Op grond hiervan sê sommige verklaarders dat Johannes daarvan uitgegaan het dat sy lesers die ander Evangelies ken. Daarom herhaal hy nie maar vul aan wat by hulle ontbreek.

Maar Johannes se uniekheid lê dieper as dit. Johannes is meer as net 'n Evangelie-*beskrywer.* Hy beskryf die Evangelie van Christus so dat dit in werklikheid Evangelie*prediking* is. En dit is juis die onuitputlike dieptes en rykdomme van sy prediking wat die leser so aangryp!

**Die sentrum van sy prediking**

In die sentrum van Johannes se prediking staan Johannes 20:30-31: "Nog baie ander tekens het Jesus voor die oë van die dissipels gedoen, maar hierdie is opgeskrywe sodat julle tot geloof mag kom dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en sodat julle deur te glo die lewe mag hê in sy Naam."

Die boodskap wat Johannes verkondig is dus: *Glo in Jesus as Messias-Seun, en julle het die ewige lewe!* Anders gestel: *Jesus is die Brenger van die lewe; in Hom en uit Hom is die lewe!*

Hierdie boodskap word bevestig deur die bekende "Ek is"-uitsprake van Jesus wat regdeur die Evangelie voorkom: "Ek is die brood van die lewe" (6:35, 48, 51); "Ek is die lig van die wêreld" (8:12); "Ek is die deur van die skape" (10:7,9); "Ek is die goeie herder" (10:11, 14); "Ek is die opstanding en die lewe" (11:25); "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (14:6); "Ek is die ware wingerdstok" (15:1,5)

**Jesus openbaar as God self**

Met hierdie "Ek is"-uitsprake maak Jesus op treffende wyse bekend dat Hy God is. Dit gryp immers terug op Eksodus 3:14, waar God Homself aan Moses bekendgestel het met die Naam "Ek is". Regdeur die Evangelie verkondig Johannes op verskillende maniere dat Jesus in werklikheid God is, vanaf die beginwoorde "die Woord was God" (1:1) tot by die belydenis van Tomas in 20:28: "My Here en my God!"

**Sewe Bybelstudiestukke**

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Johannes 1:1-14; 3:1-21.***

1. Hoe weet ons dat die *Woord* in 1:1 na Christus verwys (vgl. 1:14 en Heb. 1:1)? Wat word bedoel met "in die begin" (1:1,2; vgl. 1:3, 10; Heb. 1:2; Kol. l:16enGen. 1:3)?
2. In watter opsig is Christus die "lig vir die mense" (1:4, 9)? Wie was sy eiendom na wie toe Hy

gekom het (1:11; Matt. 15:24; Hand. 3:25, 26)? Vir wie anders het Hy ook die lig gebring (l:12; 10:16; Matt. 28:19)?
3. Noem 3 eienskappe van God wat in sy Seun sigbaar geword het (1:14; vgl. ook 11:31 en 14:6).
4. Waarom dink u het Nikodemus *in die nag* na Jesus toe gekom (3:2)? Waaraan het Nikodemus gesien dat Jesus van God kom (3:2)? Wat het 'n mens nodig, bo en behalwe tekens, om God se koninkryk raak te sien (3:3)?.
5. Wie laat 'n mens weer gebore word (3:5)? Waar vind die wedergeboorte plaas (3:6)? Waarom kan die mens nie self oor die wedergeboorte besluit nie (3:8)?
6. Wie red die wêreld van die oordeel van God (3:16, 17)? Wat gee Hy in die plek van die oordeel aan die mens (3:15, 16)? Wie word gered en wie nie (3:18)?

**STUDIE 2**

***Lees Johannes 4:1-30; 6:44-59.***

1. Waarom was dit vreemd dat Jesus met die Samaritaanse vrou gepraat het (4:7; vgl. 7:9, 27)? Wat eintlik buitengewoon is, dui Jesus aan, is dat juis *Hy haar* om *water* vra - waarom (1:10)? Waarom les die "water" wat Jesus gee jou dors tot in ewigheid (4:14)?
2. Wat was vir die vrou die belangrike saak in die aanbidding van God (4:20)? Wat is egter belangriker as die plek waar jy tot God bid (4:24)? Hoe kan só tot God gebid word (4:25, 26)?
3. Wat het die vrou aanvanklik van Jesus gedink(4:19)? Waarom (4:17, 18)? Wat het sy uiteindelik van Hom gedink (4:29)?
4. Wat leer Jesus ons in 6:44 oor roeping en uitverkiesing? En oor die opstanding?
5. Langs watter weg verkry die uitverkorenes die ewige lewe (6:47)? Waarom dink u het Jesus juis by hierdie geleentheid na Homself verwys as "die brood van die lewe" (6:48; vgl. 6:1-13, 23, 26)? Hoe het God eeue tevore aan Israel in die woestyn die koms van Christus uitgebeeld (6:49-51, 58; vgl. Eks. 16:15)?
6. Hoe het Jesus Homself as brood tot die ewige lewe aan die mensdom gegee (6:51)? Hoe word die woorde van Jesus steeds vandag in die kerke op sigbare manier uitgebeeld (6:53-57; vgl. Kategismus So. 28)?

**STUDIE 3**

***Lees Johannes 8:12-51.***

1. Wat bedoel Jesus as Hy sê: "Ek is die lig van die wêreld" (8:12; vgl. 1:4, 5, 9)? Waarom kon die Fariseërs nie die waarheid oor wie Jesus is, aanvaar nie (8:13, 14)?
2. Hoe gee Jesus vir die omstanders te kenne dat Hy een met die Vader is (8:19)? En dat Hy deur die Vader na die wêreld gestuur is (8:23, 26, 28, 29, 42)?
3. Wat bedoel Jesus wanneer Hy sê dat Hy weggaan (8:21; vgl. 14:2-6; 16:16)? Wanneer het Hy dan van hulle weggegaan (vgl. Hand. 1:11)? Hoe kan ons dissipels van Jesus wees (8:31)? En kinders van God (8:47)? Hoe kan ons die waarheid leer ken (8:31, 32)? Waarvan maak die waarheid ons vry (8:32-34)? Wie is die waarheid wat ons vrymaak (8:32; vgl.ook8:36; 14:6)?
4. Waaruit was dit duidelik dat die Fariseërs wel van Abraham afstam, maar die duiwel as vader het (8:39-44)?
5. Hoe bring Jesus ons by die ewige lewe uit (8:24, 51)?

**STUDIE 4**

***Lees Johannes 10:22-42; 11:1-44.***

1. Vir "fees van die tempelwyding" (10:22) vergelyk die inskrywing onder *Tempelwyding* in die Woordelys agterin die 1983-vertaling. Waarom is die Jode se beskuldiging dat Jesus hulle in onsekerheid hou oor wie Hy is, nie waar nie (10:24, 25)? Waarom het hulle dan nie besef wie Hy is nie (10:26, 27)?
2. Waaruit kan 'n mens weet dat Jesus werklik die Seun van God is (10:37, 38)?
3. Wat bedoel Jesus as Hy sê dat Lasarus se siekte nie tot die dood toe is nie (11:4) maar dat hy slaap en dat Jesus hom gaan wakker maak (11:11)?
4. Hoe het Martha haar vertroue in Jesus laat blyk (11:21,22)? Het sy egter verwag dat Jesus Lasarus sou opwek (11:24)? Wat het Jesus eintlik met die opwekking van Lasarus geopenbaar (11:25, 26)? Het Martha die wonderwerk nodig gehad om te glo (11:27)?
5. Wat het die Jode gedink toe hulle Jesus sien huil (11:35, 36)? Waarom het Jesus eintlik gehuil (11:33,37-38)? Watter uitwerking het die opwekking van Lasarus by die mense gehad (11:40, 42, 45)?

**STUDIE 5**

***Lees Johannes16.***

1. Wanneer het mense Jesus se volgelinge om die lewe gebring met die idee dat hulle 'n diens aan God bewys (16:2; vgl. Hand. 9:1-2; 22:3-5)?
2. Wat het Jesus bedoel met 'n Klein tydjie en julle sien My nie; en weer 'n klein tydjie en julle sal My sien" (16:16-19; vgl. 16:20 en 20:20)?
3. Waarheen het Jesus weggegaan (16:5, 16)? Waarom was dit vir ons voordelig dat Jesus weggegaan het (16:7)?
4. Wie is die Trooster (16:7; vgl. 14:26)? Wanneer kom die Trooster (16:8; vgl. Hand. 2:1-4)? Van watter 3 dringe kom die Trooster die wêreld oortuig (16:8)? Waaraan sal hierdie 3 dinge sigbaar wees (16:9-11)?
5. Waarom sal die dissipels eers "in daardie dag" in Jesus se Naam kan bid (16:24, 26; vgl. Rom. 8:34)?
6. Waarom sal die dissipels vrede kan hê al vervolg die wêreld hulle (16:32, 33)? Waarom verskil die vrede wat Jesus gee van die vrede wat die wêreld gee (vgl. 14:27)?

**STUDIE 6**

***Lees Johannes 17.***

1. Wie gee die ewige lewe en aan wie gee Hy dit (17:2)? Waarin bestaan die ewige lewe (17:2)?
2. Van wanneer af bestaan die Seun van God (17:5)? Wie behoort aan God (17:9)? Waarom en van wanneer af behoort hulle aan Hom (17:6; vgl. ook Ef. 1:4-5)? Waaraan kan God se eiendom uitgeken word (17:8)?
3. Watter een van Jesus se dissipels moes verlore gaan, en waarom (17:12; vgl. 13:26,27)?
4. Wat bedoel Jesus daarmee dat sy dissipels in die wêreld is (17:11) maar nie van die wêreld nie (17:16)?
5. Vir wie, bo en behalwe sy dissipels, doen Jesus voorbidding by die Vader (17:20)? Wat bid Jesus vir hulle (17:21)?
6. Is Christus en die Vader Een (17:22)? Is Hulle eenders? Waarin is die gelowiges se eenheid geleë (17:21; vgl. ook die NGB art. 27)? Hoe verskil dit van die eenheid wat die wêreld nastreef? Waarom mag die gelowiges nie met die wêreld een wees nie (17:16)?

**STUDIE 7**

***Lees Johannes 21.***

1. Waarom dink u wou Petrus gaan visvang (21:3; vgl. Luk. 5:3)? Watter wonder het Jesus daarop met hulle laat gebeur (21:3-6)? By watter ander geleentheid het Hy 'n soortgelyke wonder met hulle laat gebeur (Luk. 5:5, 6)? Waarom dink u het Jesus hulle juis aan daardie geleentheid laat herinner?
2. Wat het die dissipels gesien toe hulle op die strand aankom (21:9)? Aan watter droewige geleentheid het dit spesifiek Petrus herinner (vgl. Joh. 18:18, 24-27)? Waarom dink u wou Jesus Petrus daaraan herinner (vgl. 21:15-17)?
3. Hoeveel keer het Jesus Petrus gevra of hy Hom liefhet (21:15-17)? Waarom dink u het Petrus bedroef geraak toe Jesus hom soveel keer die vraag vra (17:17; vgl. 13:38 en Luk. 22:60-62)?
4. Watter drie eendersklinkende opdragte het Jesus aan Petrus gegee (21:15-17)? Wat was die betekenis van hierdie opdragte (vgl. 1 Pet. 5:2)? Kan u die ooreenkoms en die verskil tussen die opdragte aantoon? Wat was die laaste opdrag aan Petrus (21:19)? Van watter betekenis was hierdie opdragte vir Petrus se apostelskap?
5. Het Jesus gesê dat die dissipel vir wie Hy liefgehad het (Johannes) tot by die wederkoms sou bly lewe (21:22, 23)? Wat dink u dan het Hy bedoel (vgl. ook Joh. 2:4)?
6. Watter getuienis het ons uit die slotwoorde van die vierde Evangelie dat Jesus se woorde baie meer is as dié wat in die Bybel opgeteken is (21:25)? Dink u dat dit wat wel opgeteken is, genoeg is vir ons geloof (20:31; vgl. ook NGB art. 7)?

***HANDELINGE: Die evangelie wêreldwyd***

Die inleidende woorde van Handelinge is (1:1): *"Die eerste verhaal, Theofilus, het ek opgestel oor alles wat Jesus begin doen en leer het tot op die dag dat Hy opgeneem is..."* Hiermee is dit onmiddellik duidelik dat die boek deur dieselfde skrywer as die Lukas-Evangelie geskryf is.

In Handelinge gaan Lukas voort om aan Theofilus Jesus se dade te beskrywe. Na sy hemelvaart het Jesus nie opgehou om te werk nie. Vanaf sy hemeltroon sit Hy sy werk voort. Maar nou doen Hy dit deur die krag van die Heilige Gees en met die apostels as sy werktuie (1:8).

Hy stuur en lei die apostels om sy evangelie te verkondig en sy kerk te vestig volgens die uitbreidingsplan wat Hy self vasgestel het: "Julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterstes van die aarde."

**Hoe Christus se uitbreidingsplan ontvou**

Die boek Handelinge beskryf dan hoe die kerk deur die werk van die apostels uitgebrei is:

- Eers is hulle toegerus met die uitstorting van die Heilige Gees (2:1-36).
- Daarna is die kerk gevestig in Jerusalem en Judea (2:37 - 7:60).
- Die volgende uitbreidingsfase was na Samaria (8:1-40).
- Hoofstuk 9 beskryf die bekering van Paulus, wat aanvanklik die kerk vervolg het, maar uiteindelik die apostel onder die heidennasies geword het.
- Vanaf hoofstuk 13 tot aan die einde van die boek beskryf Lukas dan Paulus se reise waarop hy die evangelie aan die heidene verkondig het en uiteindelik, as gevangene, in Rome opgedaag het.

Daar, in Rome, eindig die vertelling (hfst. 28), want as destydse wêreldsentrum was Rome in werklikheid die "uiterste van die aarde".

**"Hulle"- en "ons"-gedeeltes**

Wat opmerklik is van die boek, is dat die eerste deel in die derde persoon ("hulle") geskryf is - oor Petrus, Paulus en hulle metgeselle. Vanaf 16:10, vanaf Paulus se aankoms in Troas, tot aan die einde van die boek word daar egter gereeld in die eerste persoon ("ons") geskrywe.

Hieruit kan afgelei word dat die skrywer, Lukas, in Troas hom by Paulus se reisgeselskap aangesluit het, in Filippi agtergebly het (17:1 - 20:5), maar hom later weer daarvandaan verder vergesel het tot in Rome, waar hy tot die einde toe Paulus se metgesel was (2 Tim. 4:11).

**Satan se verydelingspogings gekortwiek**

By die kruis en opstanding het Christus reeds die oorwinning oor Satan behaal, maar Satan het nie gaan lê nie. Steeds probeer hy die uitbreiding van die kerk van Christus verydel. Dit sien ons duidelik in die boek Handelinge.
Ons sien ook hoedat Christus telkens Satan se pogings tot niet maak. Voorbeelde hiervan is:

- Twee keer verbied die Joodse Raad die apostels om die evangelie te verkondig; albei kere weier die apostels om hulle te gehoorsaam (4:19; 5:19).
- Die Jode vervolg die kerk in Jerusalem en Judea; Christus omskep dit tot 'n geleentheid vir die evangelie om uit te brei (8:1-4).
- Saulus is die voorste vervolger van Christus; Christus maak hom sy voorste werktuig.
- In Filippi word Paulus in die gevangenis toegesluit; dit lei daartoe dat die tronkbewaarder en sy gesin gelowig word.

Uiteindelik word Paulus as gevangene na Rome geneem. Waarop loop dit uit? Handelinge 20:30, 31:
*"En Paulus het twee volle jare in sy eie gehuurde huis gebly en almal ontvang wat na hom gekom het, terwyl hy die koninkryk van Godgepreek en onderrig gegee het aangaande die Here Jesus Christus, met volle vrymoedigheid sonder enige verhindering. ".*

**Sewe Bybelstudiestukke**

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Handelinge 1:1-14; 2:1-20, 36-47.***

1. Waaroor het Jesus in die 40 dae tussen sy opstanding en Hemelvaart met sy dissipels gepraat (1:3)? Op watter "belofte van die Vader" het Hy hulle beveel om te wag (14; vgl. 1:5 en Joh. 14:26)?
2. Op die vraag van die dissipels of Jesus "in hierdie tyd die koninkryk vir Israel gaan oprig (1:6), gee Jesus in 1:7, 8 die antwoord. Wanneer, sê Hy, gaan dit gebeur (1:7)? Wie gaan die koninkryk oprig, en waar (1:8)?
3. Waarmee het die apostels hulle besig gehou in die dae tussen Jesus se Hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees (1:14; 2:1)?
4. Met watter 3 tekens is die Heilige Gees op die apostels uitgestort (2.2, 3, 4)? Hoe het dit gekom dat daar so 'n verskeidenheid van volke in Jerusalem saam was (2:5, 9-11; vgl. Matt. 23:15)?
5. Hoe antwoord Petrus die spotters wat gesê het dat die apostels maar net te veel gedrink het (2:13-17)? Wat verkondig Petrus aangaande Jesus aan die skare op Pinkster (2:36)?
6. Hoeveel mense is op daardie dag tot die kerk toegevoeg (241)? Deur watter 3 aktiwiteite is daardie eerste gemeente gekenmerk (1:42, 46)? Dink u dat dit steeds kenmerkend is van die kerk vandag?

**STUDIE 2**

***Lees Handelinge 4:5-21; 6:1-7; 7:48-8:5.***

1. Waaroor is Petrus en Johannes deur die Joodse leiers ondervra (4:7: vgl. 3:1-8)'? Wat of Wie staan in die middelpunt van Petrus se antwoord (4:10-12)? Wat het aan Petrus die vrymoedigheid gegee om hierdie antwoord te gee (4:8)?
2. Waarom kon die Joodse leiers Petrus en Johannes nie weerlê nie (4:14-16)? Watter verbod het hulle die apostels opgelê (4:18)? Wat was Petrus en Johannes se antwoord op hierdie verbod (4:19, 20; vgl. ook 5:29)?
3. Waaroor het daar in die Jerusalemse gemeente ongelukkigheid ontstaan (6:1)? Watter plan het die apostels gehad om hulle eie werk te verlig (6:2-4)? Watter kwalifikasies was nodig vir die 7 manne wat aangewys is (6:3)? Hoe is die manne aangewys (6:5)? Dink u dat die manier van aanwysing vandag steeds geld?
4. Watter wanopvattings van die Jode oor die tempel (7:48-49) en oor die wet (7:53) wys Stefanus in sy toespraak uit? Waarom het die Joodse leiers hulle ore toegestop (7:57)?
5. Watter ooreenkomste en verskille was daar tussen die laaste woorde van hierdie eerste Christenmartelaar (7:59-60) en die kruiswoorde van die Here Jesus (vgl. Luk 23:34, 46)?
6. Wie het die voortou geneem in die vervolging van die Jerusalemse gemeente (8:3)? Wat was die gevolge van die vervolging (8:1)? Watter goeie gevolg het die Here uit die vervolging bewerk (8:4)?

**STUDIE 3**

***Lees Handelinge 9:1-21; 11:1-18.***

1. Met watter doel het Saulus Damaskus toe gegaan (9:2)? Watter tekens was daar dat dit God was wat daar, op die pad na Damaskus, 'n boodskap aan Saulus gegee het (9:3, 9)? Waarom het Jesus gesê dat Saulus Hóm vervolg (9:5), terwyl hy in werklikheid die gelowiges vervolg het (vgl. Matt. 25:40)?
2. Wat het die Here in die gesig aan Ananias gesê: (a) oor Saulus se nuwe lewenswyse, (b) oor Saulus se roeping (9:15), en (c) oor wat Saulus sou deurmaak (9.16)?
3. Aangesien die Heilige Gees reeds in Jerusalem oor die kerk uitgestort is (vgl. 2:1-12), waarom was dit dan nodig dat die Gees weer op Cornelius en sy huismense uitgestort word (10:45)? Waarom het hierdie gebeurtenis (ook bekend as die klem Pinkster) nie die Joodse gelowiges oortuig om heiden-gelowiges te aanvaar nie (11:2, 3)?
4. Wat het God met die gesig van die laken uit die hemel aan Petrus bekendgemaak (11:9)? Hoe het Petrus besef dat God ook die heiden-gelowiges deel van sy kerk maak (11:15-17)? Het die Joodse gelowiges uiteindelik Petrus se insig met hom gedeel (11:18)?

**STUDIE 4**

***Lees Handelinge 12:1-25; 13:1-12; 14:8-17.***

1. Wie was die Jakobus wat tydens Herodes se vervolging om die lewe gebring is (12:2; vgl. Matt. 4:21, 22)? Hoe is dit dan dat Jakobus weer later in die gemeente optree (12:17; 15:13, Jak. 1:1, vgl. Matt 13:55)? Waarom het Herodes Petrus in hegtenis geneem (12:3, 4)?

2. Wat het die gemeente gedoen om Petrus te bevry (12:5)? Hoe het God Petrus bevry (12:7, 10)? Waarom dink u wou die gelowiges aanvanklik nie glo dat Petrus bevry was nie (12:13-16)?
3. Hoe het Herodes aan sy einde gekom (12:23)? Waarom het so 'n gruwelike einde by hom gepas (12.21-23)? Hoe is dit dan dat Herodes se dood hier beskrywe word, terwyl reeds in Matteus 2:19 berig is dat hy dood is (vgl. die inskrywing onder *Herodes* in die Woordelys agterin die 1983-vertalmg)?
4. Watter opdrag het Christus deur die Heilige Gees aan die kerk in Antiogië gegee (13:2)? Wie het saam met Saulus op die sending gegaan (13:2, 5, vgl. ook 12:25)?
5. Wie was die eerste bekeerling op Paulus se prediking (13:7, 12)? Watter straf het Elimas ontvang omdat hy die evangelie teengestaan het (13:11)? Let op hoedat Saulus die oomblik vanaf sy aankoms in nie-Joodse gebied nie meer op sy Joodse naam, Saulus, genoem word nie, maar op sy Latynse naam, Paulus (13:9).
6. Waarom wou die inwoners van Listre offers aan Paulus en Barnabas bring (14:11-13)? Hoe gebruik Paulus die geleentheid om die boodskap van die ware God aan hulle te verkondig (1415)?

**STUDIE 5**

**Lees Handelinge 15:35 -16:3; 17:1-34.**

1. Waaroor het daar 'n twis tussen Paulus en Barnabas ontstaan voordat hulle op die tweede sendingreis vertrek het (15.37, 38)? Wat was die gevolg van die twis (15:39)?
2. As die besnydenis dan nie nodig is vir die gelowige om gered te word nie (15:1-2. 28). waarom het Paulus dan nogtans vir Timoteus besny (16 3)? Wat kan ons hieruit aflei oor Paulus se houding teenoor volkstradisies? Wat het later van hierdie Timoteus geword (1 Tim. 1:3, 8, 12, 13)?
3. Hoe het die ongelowige Jode probeer om die apostels se werk in Tessalonika stop te sit (17:5)? Watter waarheid en watter leuen was daar in die klag wat hulle teen die apostels ingebring het (17:7)?
4. Oor watter situasie in Atene was Paulus hewig ontsteld (17:16)"? Hoe het hy hierdie selfde situasie gebruik as aan-knopingspunt om die evangelie te verkondig (17:22-24)?
5. Hoe het dit gekom dat die Ateners Paulus toegelaat het om hulle in die Areopagus toe te spreek (17:18-21)? Wat leer Paulus hulle aangaande die ware God (17 24, 25, 26)? En aangaande Christus (17:31)? Hoe het die Ateners gereageer toe Paulus oor die opstanding van Christus begin praat (17:32)?

**STUDIE 6**

**Lees Handelinge 19:1-6; 20:1-38; 22:30-23:11.**

1. Wie was Apollos en wat het hy in Korinte gemaak (191, vgl. 18:24-28)?
2. Hoe het die doop van Johannes verskil van die doop van die apostels (19:4; vgl. Matt 3:11 en 28'19)? Waarom was dit dan geoorloof dat die apostels die dissipels in Efese weer gedoop het (19:5)? Waarom dink u was daar weer 'n "klein Pinkster" nodig (19:6; vgl. studie 3, vraag 3)?
3. Waarom het die jongman tydens Paulus se preek aan die slaap geraak (20:9; vgl. 20:7)? Op watter wonderwerk het hierdie insident uitgeloop (20:12)?
4. Waarom wou Paulus nie op reis na Jerusalem by Efese aandoen nie (20:16)? Hoe het Paulus geweet dat hy die Efesiërs nie weer sal sien nie (20:25, vgl. 20:22-23)? Met watter opdrag laat Paulus die ouderlinge van Efese agter (20:28)? Wie is die "wrede wolwe" wat onder die kudde sal inkom (20:29, 30)? Hoe sal die kerk te midde van sulke aanvalle staande kan bly (20:31, 32)?
5. Hoe wou die hoëpriester Paulus se mond voor die Joodse Raad snoer (23:2)? Waarom was dit teen die wet dat Paulus geslaan word (23:3; vgl. Lev. 19.15)? Hoe het Paulus daarin geslaag om verdeeldheid in die Joodse Raad te wek (23:6, 7)?
6. Met watter gesig het God Paulus tydens sy gevangenskap bemoedig (23:11)?

**STUDIE 7**

***Lees Handelinge 24:24 - 25:12; 28:1-10,16-31.***

1. Wie was Feliks (24:24; vgl. 23:26)? Hoe het dit gekom dat Paulus voor hom verskyn het (vgl. 23:12-24)? Oor watter deel van Paulus se prediking het Feliks hom ontstel (24:25)? Waarom juis daaroor? Watter slegte verwagtings het Feliks heimlik gekoester?
2. Hoe het dit gebeur dat Paulus ook voor Festus verskyn het (24:27 - 25:2)? Kon die Jode enige skuld teen Paulus bewys (25:7)? Wat het Paulus ter verdediging voor Festus gesê (25:8)?
3. Waarom wou Festus Paulus na Jerusalem neem (25:9)? Waarom sou so-iets vir Paulus lewensgevaarlik wees (25:2, 3)? Hoe het Paulus hierdie gevaar afgeweer (25:11, 12)?

4. Op watter eiland het Paulus en sy reisgenote op pad na Italië as drenkelinge uitgespoel (28:1)? Watter twee wonders het God deur Paulus op die eiland laat gebeur (28:3-6, 8)?
5. Hoe is Paulus in Rome as gevangene aangehou (28 16, 30)? Wie het Paulus na 3 dae geroep om met hom te kom praat (28:17)? Watter versekering het hy hulle gegee (28.19)? Wie is die "hoop van Israel" waarvan Paulus in 28:20 praat?
6. Waarom was daar baie van die Jode wat ongelowig gebly het (28:24-28)? Wat was die gevolg hiervan (2828;? Op watter blye noot eindig Paulus se gevangenskap in Rome

***GALASIËRS: Vryheid in Christus***

In hierdie hoofstuk begin ons om die briewe van die apostel Paulus onder oë te neem, dit wil sê: van Romeine tot Filemon. Ons gaan die briewe egter in 'n ander volgorde behandel as wat hulle in die Bybel voorkom. In die Bybel is hulle geplaas vanaf die langste na die kortste brief. Maar ons behandel hulle in chronologiese volgorde, met ander woorde vanaf die brief wat Paulus eerste geskryf het tot die een wat hy laaste geskryf het.

Natuurlik weet ons nie presies in watter volgorde Paulus die briewe geskryf het nie. Maar ons kan wel uit hulle inhoud en uit gegewens in Handelinge afleidings maak waaruit ons elke brief met 'n redelike mate van sekerheid kan dateer. Die volgorde van die briewe was dan waarskynlik soos volg (vgl. JC Coetzee se *Gids deur die boeke van die Nuwe Testament,* bl. 8):

| ***Brief*** | ***Datum*** | ***Gebeure*** |
|---|---|---|
| | 47-48 n.C. | Eerste sendingreis |
| Galasiërs | 48-49 n.C. | Aan die einde van die eerste sendingreis |
| | 49 n.C. | Die apostelkonvent in Jerusalem |
| 1 Tessalonisense | 50-51 n.C. | Tydens tweede sendingreis |
| 2 Tessalonisense | 50-51 n.C. | Tydens tweede sendingreis |
| 1 Korintiërs | ± 54 n.C. | Tydens derde sendingreis |
| 2 Korintiërs | ± 55 n.C. | Tydens derde sendingreis Romeine |
| | ± 56 n.C. | Aan die einde van die derde sendingreis |
| | 57-59 n.C. | Paulus gevange geneem, reis na Rome |
| Filemon | 60-62 n.C. | Tydens gevangenskap in Rome |
| Efesiërs | 60-62 n.C. | Tydens gevangenskap in Rome |
| Kolossense | 60-62 n.C. | Tydens gevangenskap in Rome |
| Filippense | 60-62 n.C. | Tydens gevangenskap in Rome |
| 1 Timoteus | 62-64 n.C. | Tydens onbekende vierde sendingreis |
| Titus | 62-64 n.C. | Tydens onbekende vierde sendingreis |
| 2 Timoteus | 65-66 n.C. | Tydens tweede gevangenskap in Rome |
| | 66-67 n.C. | Paulus sterf in Rome |

**Skrywer en geadresseerdes**

Volgens 1:1 is die brief deur Paulus geskryf aan "die gemeentes van Galasië ". Hy skryf dus nie aan een gemeente nie, maar aan 'n aantal gemeentes wat in dieselfde gebied is, naamlik Galasië. Galasië was 'n Romeinse provinsie in Klein-Asië, dié gebied waardeur die apostel Paulus sy eerste sendingreis onderneem het. Aan die einde van sy eerste sendingreis skryf Paulus dus hierdie brief aan die gemeentes wat hy so pas gestig het.

**Doel van die brief**

Paulus skryf die brief om 'n baie besondere rede. Sommer direk na die briefaanhef en seëngroet noem hy die rede: "Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word ... na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie, behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring" (1:6, 7). Hieruit is dit duidelik dat kort op Paulus se hakke in die gemeentes valse leraars ingekom het wat 'n ander evangelie as Paulus gebring het. Hulle het die evangelie van Christus verraai, skryf Paulus in 1:7.

Wat het die valse leraars gepreek? Uit hoofstuk 3 kan 'n mens aflei dat hulle geleer het dat die Christene die Joodse wette moet nakom as hulle gered wil word. Christus se genade is nie genoeg nie; ons moet self die werke van die wet doen om deur God vrygespreek te word, het hulle gesê. Veral die besnydenis was vir hulle 'n absolute voorvereiste vir saligheid (5:6-12).

Teenoor hierdie dwaalleer (wat as wettisisme *of Judaïsme* bekend staan), spel Paulus weer opnuut die ware evangelie van Christus aan hulle uit: Christus se versoening aan die kruis is vir ons genoeg; ons het niks meer as sy genade nodig om ons van die oordeel oor die sonde te bevry nie (2:15-21; 3:13-21). Hou daarom in die geloof aan Christus vas as jou enigste Verlosser (5:6).

### Die verloop van die brief

Die brief is dan soos volg saamgestel:

| | |
|---|---|
| 1:1-5 | Briefaanhef |
| 1:6-9 | Geen ander evangelie is dié van Christus nie |
| 1:10-24 | Paulus het die evangelie van God self ontvang |
| 2:1-14 | Paulus se teenstand teen wettisisme |
| 2:15-21 | Dit is óf Christus óf die wet |
| 3:1-29 | Nie die wet nie maar alleen die geloof bring redding |
| 4:1-31 | In Christus is ons nou bevry van wetsonderhouding |
| 5:1 - 6:10 | Staan dan vas in die vryheid van Christus |
| 6:11-18 | Briefslot |

### Die besondere betekenis van die brief

Die Heilige Gees het hierdie brief - soos trouens elke ander Bybelboek - nie sonder rede nie deel van die Kanon gemaak. In die Galasiërbrief word immers baie belangrike sake aan ons geopenbaar:

- Saam met Romeine en Jakobus word die verhouding tussen geloof en werke vir ons uitgespel.
- Galasiërs waarsku teen die gevaar van wettisisme in die kerk.
- Die brief gee vir ons belangrike inligting oor die eerste paar jaar in Paulus se lewe na sy bekering.
- Heel belangrikste in hierdie boek is die openbaring van die gelowige se vryheid in Christus: om vry te wees is om nie self vir jou verlossing hoef te werk nie; dit is ook om nie in losbandigheid aan jou eie begeertes diensbaar te wees nie; Christelike vryheid is juis om as verlostes in Christus gelei te word deur die Heilige Gees van God.

### Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Galasiërs 1:1-24.***

1. Waarom het die Galasiërs afvallig geraak van die Evangelie wat Paulus aan hulle verkondig het (1:7)? Wat moet die gelowige se houding wees teenoor iemand wat 'n ander Evangelie bring as dié wat ons ontvang het (1:8, 9)?
2. In watter opsigte het Paulus voorheen onder sy tydgenote in die Jodedomuitgestyg(l:14; vgl. Filip. 3:5)? Wanneer het God besluit dat Paulus as sy apostel sou dien (1:15)? Wanneer het Hy Paulus as apostel geroep (1:15; vgl. Hand. 22:6-21)?
3. Waar was Paulus vir die eerste drie jaar na sy roeping (1:17, 18)? Wat het waarskynlik met hom gedurende daardie drie jaar gebeur (1:12)? Wie was die enigste apostels wat Paulus in die eerste 14 jaar na sy bekering gesien het (1:18, 19; 2:1)?
4. Waarom was Paulus vir die eerste 14 jaar na sy bekering persoonlik onbekend in Judea (1:21, 22)? Waarom ag Paulus dit nodig om hierdie inligting aan die Galasiërs te skryf (1:11)?

**STUDIE 2**

***Lees Galasiërs 2:1-21.***

1. Wie het by Paulus se aankoms in Jerusalem daarop aangedring dat Titus besny moes word (2:4)? Waarom (2:3, 4)? Waarom het Paulus nie aan hulle eise toegegee nie (2:5)?
2. Watter verskillende werkterreine het God onderskeidelik aan Petrus en Paulus toegeken (2:8)?
3. Het Petrus aanvanklik in Jerusalem beswaar gehad teen gelowiges wat nie besny was nie (2:6, 8)? Wat was sy houding jeens hulle toe hy in Antiochië gekom het (2:12, 13)? Wat was Paulus se reaksie hierop (2:11, 14)? Hoe is hierdie geskil op die ou einde opgelos (vgl. Hand. 15:1-12)?
4. Hoeveel keer word in vers 16 gesê dat ons nie deur die werke van die wet voor God regverdig word nie? Waardeur word ons wel regverdig gemaak (2:16)? Hoe het ons ou lewe waarin ons die wet moes dien, tot 'n einde gekom (2:19, 20)? Watter lewe het in die plek daarvan gekom (2:20)?

**STUDIE 3**

***Lees Galasiërs 3:1-18.***

1. In watter opsig is die Galasiërs onverstandig (3:1, 3)? Op watter manier gee God die Heilige Gees aan die gelowiges (3:2,4)? Langs watter weg het Abraham geregtigheid voor God gekry

(3:6)?
2. Waarom kan mense van nie-Joodse afkoms die ware kinders (nageslag) van Abraham wees (3:7)? Watter verbondsbelofte van God aan Abraham is vervul deurdat ook heidene gelowiges geword het (3:8, 9)?
3. Watter eis word deur die wet gestel as voorwaarde vir die ewige lewe (3:12)? Wat eis die wet as die mens nie alles in die wet volmaak onderhou nie (3:10)? Kan enige mens die wet volmaak onderhou (vgl. Rom. 3:10)? Wat is daarom die uiteinde van elke mens wat deur wetsonderhouding gered wil word?
4. Hoe het God ons van die vervloeking van die wet losgekoop en ons sy seën gegee (3:13, 14)? Hoe het God se verbondsbelofte aan Abraham reeds na Christus verwys (3:16)?
5. Moes Abraham die seën van God verdien, of het God dit belowe as iets wat hy uit genade sou ontvang (3:14,18)? Op grond waarvan gee God dan sy seën aan ons (3:18)?

**STUDIE 4**
***Lees Galasiërs 3:19 - 4:7.***
1. Wie was die middelaar deur. wie God die wet gegee het (3:19; vgl. Eks. 20:19)? Na wie was hierdie middelaar se optrede 'n heenwysing (3:20; vgl. 1 Tim. 2:5)?
2. Met watter twee beelde word die Ou-Testamentiese taak van die wet beskrywe (3:23, 24)? Hoe dink u het die wet die volk van God bewaak en soos 'n tugmeester gelei om by die geloof in Christus uit te kom (3:23, 24); vgl. ook HK V/A 5, 10 en 16-18)?
3. Wie is die ware nageslag van Abraham (3:29)? Watter verband is daar tussen die ware nageslag van Abraham en die kinders van God (3:26, 27, 29)? Sê Paulus in 3:28 dat alle verskille tussen volke, klasse en geslagte opgehef moet word? In watter opsig is alle gelowiges, te midde van allerlei verskille, tog wel een (3:28)?
4. Vir hoe lank het die seremoniële wette 'n taak gehad om te vervul (4:2, 4)? Wat het 'n einde gebring aan die funksie van daardie wette (4:4)?. Word ons deur wetsonderhouding kinders van God (4:4, 5)? Watter waarborg het ons in ons dat ons wel kinders van God is (4:6)?

**STUDIE 5**
***Lees Galasiërs 4:8-31.***
1. Waaraan stel Paulus 'n lewe in diens van die wet gelyk (4:8-10)? In watter opsig moet die Galasiërs net soos Paulus word (vgl. Filip. 3:8-10)? Na watter geleentheid verwys Paulus met die woorde "die eerste keer" in vers 13? Met watter entoesiasme en openhartigheid het die Galasiërs toe die evangelie van Paulus ontvang (4:14, 15)?
2. Met watter bybedoelings werk die dwaalleraars onder die Galasiërs (4:17.)? Wat bedoel Paulus in 4:19 waar hy sê dat hy weer in barensnood is (4:19)?
3. Watter seun van Abraham is uit die slavin Hagar gebore, en watter seun uit Sara, die vrye? Met watter berg vereenselwig Paulus Hagar (4:25)? Wat anders is van daardie selfde berg afkomstig, waaraan die Jode (die teenswoordige Jerusalem) soos slawe onderworpe is (4:24)?
4. Wie is aan die Jerusalem daarbo (oftewel die hemelse Jerusalem) verbonde (4:26)? Waarom en in watter opsig is die gelowiges vry (28, 30, 31)? Het God werklik twee verbonde (4:24) gemaak, of is dit 'n geval van een genadeverbond in Christus wat deur die Jode, los van Christus, verdraai is asof dit 'n ander verbond is?

**STUDIE 6**
***Lees Galasiërs 5:1-16.***
1. Waarvan het Christus ons vrygemaak (5:1 -3)? Waartoe het Christus ons *nie* vrygemaak nie (5:13)? As ons dan nie deur wetsonderhouding salig 'kan word nie, langs watter weg word ons dan wel salig (5:5, 6)?
2. Na wie verwys Paulus met die spreekwoord 'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur" (5:9; vgl. Matt. 16:6, 12)? Wie beskou die kruis van Christus as 'n struikelblok (5:11; vgl. 1 Kor. 1:23)? Waarom (vgl. Luk. 9:26)?
3. Noem die werke wat eie is aan die vlees (sondige natuur) van die mens (5:19-21). Waarom is ons nie vry om hierdie werke te doen nie (5:16, 17)?
4. Noem die vrug van die Gees wat eie is aan die kinders van God (5:22). Staan die vrug van die Gees en die gebod van God (die Tien Gebooie) in stryd met mekaar of sluit hulle by mekaar aan (5:23)?

**STUDIE 7**

***Lees Galasiërs 6:1-18.***

1. Wat staan ons te doen as ons agterkom dat iemand anders in sonde verval het (6:1)? Op watter manier moet ons dit doen (6:1)? Waarom kan ons dit nie vanuit 'n hooghartige posisie doen nie (6:1, 3)?
2. Hoe moet ons dit verstaan dat ons mekaar se laste moet dra (6:2) maar dat elkeen sy eie pak sal dra (6:5; vgl. Rom. 15:1 en Rom. 14:12)?
3. Watter beginsel vind ons in 6:6 oor die versorging van diegene in die leraarsamp? Aan wie moet ons bereid wees om goed te doen (6:9)? Aan wie moet ons veral goed doen (6:10)?
4. Wat is die enigste iets waarin Paulus hom mag beroem (6:14)? Waarom? Wat sou dit in praktyk beteken dat jy jou daarin beroem? Watter letterlike littekens dra Paulus aan sy liggaam (6:17; vgl. 2 Kor. 11:24-26)? Watter geestelike litteken *van Christus* dra hy aan hom - en ook elkeen van ons (6:17; vgl. Filip. 1:1)?

***1 en 2 TESSALONISENSE: Die briewe oor die wederkoms***

Na afloop van die apostelkonvent (vgl. Hand. 15) het Paulus op sy tweede sendingreis vertrek.[1] Nadat hy weer die gemeentes in Galasië besoek het (Hand. 16:1-8), het hy na Europa oorgevaar, waar hy die gemeente in Filippi gestig het (Hand. 16:9-40).

Daarvandaan het Paulus verder gereis en in Tessalonika aangekom (Hand. 17). Nadat hy vir drie weke lank die evangelie aan die Tessalonisense verkondig het en heelwat van hulle gelowig geword het, het 'n groep ongelowige Jode soveel vyandigheid teenoor Paulus veroorsaak dat hy en sy geselskap genoodsaak was om uit Tessalonika te vlug voor hy sy werk kon voltooi (Hand. 17:5-10).

In Berea aangekom, het Paulus Silas en Timoteus daar laat agterbly (Hand. 17:10-14) met die opdrag om die gelowiges in Tessalonika te gaan bemoedig (1 Tess. 3:2). Self het hy egter na Atene gereis (Hand. 17:15-34) en daarvandaan verder na Korinte (Hand. 18:1). In Korinte het hy gewag totdat Silas en Timoteus weer by hom aangesluit het (Hand. 18:5).

**Twee briewe aan die Tessalonisense**

By hulle aankoms in Korinte het Silas en Timoteus aan Paulus vertel dat die Tessalonisense baie standvastig in die geloof en liefde is. Hieroor was Paulus so dankbaar dat hy 'n brief aan die gemeente geskryf het (1 Tessalonisense) om sy dankbaarheid te betuig (1 Tess. 1 en 2). Hy maak toe sommer van die geleentheid gebruik om enkele geloofsfeite waaroor hy hulle nog wou inlig, maar wat hy vanweë sy haastige vlug uit die gemeente nie kon doen nie, op skrif aan hulle deur te gee (vgl. 3:10). Dit was die feite oor die Nadat Paulus die eerste brief aan die Tessalonisense afgestuur het, het daar blykbaar 'n nuwe berig oor die Tessalonisense by hom uitgekom wat minder gerusstellend was. By sommige van hulle het daar naamlik die wanopvatting ontstaan dat die wederkoms van Christus al daar is. Waar die opvatting vandaan gekom het, is onduidelik. Moontlik het valse predikers dit vir hulle geleer. Uit 2 Tessalonisense 2:2 lyk dit of hulle dalk ook 'n verkeerde afleiding kon gemaak het óf uit Paulus se prediking óf uit sy brief.

Ewenwel, hulle verkeerde wederkomsbeskouing het gelei tot 'n heeltemal onaanvaarbare optrede: in afwagting van die wederkoms het hulle opgehou om te werk. Hulle het blykbaar geredeneer: Ag, die Here se koms is tog so naby dat ons nie nog tyd gaan mors deur te werk nie. Die gevolg was dat hulle 'n las op die gemeente geraak het en vir kos en klere van die res afhanklik was.

Daarom het Paulus dit nodig geag om kort op die hakke van die eerste brief 'n tweede een te stuur (2 Tessalonisense), waarin hy die wanopvatting en wangedrag van die betrokke lidmate regstel. Baie duidelik wys hy hulle daarop dat die tyd eers moet ryp word voordat die wederkoms plaasvind (2 Tess. 2:1-12) en vermaan hy hulle baie ernstig om "rustig te werk en hulle eie brood te eet" (3:6-12).

**Die besondere Godsopenbaring in die twee briewe**

In hierdie twee briewe word heelwat feite in verband met die wederkoms aan ons geopenbaar. Die sentrale tema van die eerste brief sou ons kon formuleer as: *die heerlike troos van die hoop op die wederkoms van ons Here.* Die tweede brief: *die wederkoms sal plaasvind eers ná verdrukking en groot afval onder die Antichris.*

1 Tessalonisense bied die heerlike troos van God dat die liggame van die ontslape gelowiges by die wederkoms eerste sal opstaan en dat hulle saam met die gelowiges wat dan nog in die lewe sal wees, die Here sal aanskou as Hy kom.

2 Tessalonisense bied saam met Openbaring 13 aan ons die openbaring aangaande die Antichris wat die wêreld sal verlei om van God afvallig te raak. 2 Tessalonisense leer ons ook dat die gelowige te midde van die hemelse verwagting van die wederkoms steeds 'n roeping en taak het om op aarde te vervul. In aansluiting hierby is die woorde wat Luther blykbaar by geleentheid gesê het: "Selfs al

[1] Volgens berekening het die apostelkonvent in die jaar 49 n.C. plaasgevind, sodat ons die aanvang van Paulus se tweede sendingreis op ongeveer 50 v.C. kan stel

sou ek weet dat die wederkoms môre gaan plaasvind, plant ek vandag nog 'n boom!"

### Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees 1 Tessalonisense 1:1 - 2:16.***

1. Aan watter dade van die Tessalonisense dink Paulus onophoudelik in sy gebede (1:3)? Hoe verskil die volgorde hiervan in vergelyking met 1 Korintiërs 13:13? Gedagtig aan Paulus se doel met die brief aan die Tessalonisense, waarom dink u het hy die woorde juis in hierdie volgorde gerangskik?
2. Waarom het die Tessalonisense voorbeelde geword vir al die gelowiges in Masedonië en in Griekeland (1:7-10)? Noem twee opsigte waarin die Tessalonisense vir almal wat tot bekering gekom het, tot voorbeeld is (1:9, 10).
3. Na watter lyding en mishandeling in Filippi verwys Paulus in 2:2 (vgl. Hand. 16:22, 23)? Watter onsuiwerheid en bedrog (2:3) sê Paulus was daar nie by hom in die verkondiging van die evangelie nie (vgl. 2:5,6)? Watter voorbeeld kan u noem waar Paulus nie eer gesoek het nie (vgl. Hand. 14:11-15; 16:16-19)?
4. Watter werk het Paulus vir 'n inkomste tydens sy sendingreise gedoen (2:9; vgl. Hand. 18:3)? Watter twee beelde gebruik Paulus om sy verhouding tot die Tessalonisense te beskryf (2:7, 11)? 5. Van wie het die gelowiges in Tessalonika (en ook dié in Judea) die meeste teenstand gekry (2:14)? Watter gevolge het hierdie optrede vir die teenstanders self (2:16)?

**STUDIE 2**

***Lees 1 Tessalonisense 2:17 - 3:13.***

1. Verduidelik Paulus se woorde in 2:17 - 3:2 in die lig van Handelinge 17:10-15. Wat bedoel Paulus in 2:18 waar hy sê dat die Satan hom verhinder het om na hulle toe te kom (vgl. 1 Kor. 12:7; Ef. 6:12)?
2. Waarom het Paulus Timoteus na Tessalonika toe teruggestuur (3:2)? Hoe lank voordat Paulus hierdie brief begin skryf het, het Timoteus weer by hom aangesluit (3:6)? Watter berig oor die Tessalonisense het Timoteus vir Paulus gebring (3:6)? Hoe klop Timoteus se brief met 1:2, 3?
3. Waarom wil Paulus so graag terug by die gelowiges in Tessalonika wees (3:10)? Op watter manier dink u sou Paulus dit wat aan iemand se geloof ontbreek, kon voltooi?
4. Watter twee dinge met betrekking tot die Tessalonisense smeek Paulus in gebed van die Here af (3:11, 12)? By watter geleentheid wil Paulus hê dat die Tessalonisense sterk van hart en onberispelik in heiligheid moet wees (3:13)?

**STUDIE 3**

***Lees 1 Tessalonisense 4.***

1. Waarop moet die Tessalonisense hulle nog meer toelê (oorvloediger wees), volgens Paulus se vermaning 4:1 (vgl. die omskrywing in die 1983-vertaling)? Kan Paulus - of enige Woordbedienaar - self bevele aan mense gee Deur wie kan en moet hy wel bevele gee (4:2)? Watte soort bevele sou dit wees?
2. Wat is God se wil met betrekking tot kuisheid in die huwelik (4:3, 4)? Is 'n onkuise seksuele lewe primêr 'n oortreding teen mense of 'n oortreding teen God (4:8)
3. Watter tekort aan broederliefde is daar by iemand wat nie self vir 'n eie inkomste wil werk nie (4:11,12)? Watter swak getuienis aan die buitewêreld gaan daar uit van 'n werksku gelowige (4:12)?
4. Waarom is gelowiges vol hoop by die afsterwe van 'n dierbare(4:13,14)? Wat sal met die gestorwe gelowige gebeur op die dag wanneer Christus weer kom (4:16)? Waarheen sal die opgestane gelowiges ná hulle opstanding gaan (4:17)? Wie sal met hulle saamgaan (4:17)?

**STUDIE 4**

***Lees 1 Tessalonisense 5.***

1. Wanneer sal die wederkoms van die Here plaasvind (5:1, 2)? Watter wanindruk van die sorgelose ongelowiges sal by die wederkoms skielik beëindig word (5:3)? Oor watter lig (insig) beskik die gelowiges wat hulle anders as die ongelowiges maak (5:4, 5)? In watter ander opsig is ons *kinders van die lig* (vgl. Ef. 5:6-9)?
2. Met watter beelde word die valse gerustheid van die ongelowiges in 5:7 uitgebeeld? Wat sou

Paulus dan bedoel met die opdrag aan die gelowiges: "laat ons waak en nugter wees" (5:6)? Waarmee moet die gelowiges hulleself teen aanslae verweer sodat hulle tot die einde toe waaksaam kan bly (5:8)? Watter ander betekenis het *waak* en *slaap* in 5:10 (vgl. 4:15)?

3. Om watter rede moet die gemeente liefde en agting aan die voorgangers (Woordbedienaars en ouderlinge) betoon (5:12, 13)? Watter 3 opdragte tot onderlinge liefdesbetoon gee die apostel aan die gelowiges in 5:14?
4. Watter 4 dinge moet die gelowige getrou nakom om sy persoonlike geloofslewe op te bou (5:17-20)? Waaraan moet elke profesie (Woordverkondiging) getoets word (5:21; vgl. 1 Kor. 2:13; Joh. 4:1)? In watter opsigte sal God die gelowiges wat Hy beroep het, onberispelik bewaar vir die wederkoms (5:23)?

**STUDIE 5**

***Lees 2 Tessalonisense 1.***

1. Saam met wie skryf Paulus hierdie brief (1:1)? Het Paulus die hele brief self eiehandig geskryf (vgl. 3:17, 18)? Watter moontlike verklaring het u vir Silvanus en Timoteus se betrokkenheid by die skrywe van die brief?
2. Oor watter gesindheid van die Tessalonisense betuig Paulus dank aan God (1:3)? Oor watter optrede van hulle praat hy met trots by die ander gemeentes (1:4)? In ag genome die plek waarvandaan Paulus hierdie brief geskryf het, wie was die "ander gemeentes" waarvan hy in 1:4 praat?
3. Waarvan is geloofsvolharding vir die gelowiges 'n teken: ten opsigte van hulleself (1:5), en ten opsigte van hulle verdrukkers (1:6)? Wanneer en hoe sal God vergelding bring oor diegene wat sy kerk vervolg (1:7, 8)?
4. Watter kenmerke van die hel word in 1:9 vir ons afgeteken? Hoe vergelyk dit met die dieptepunt van die hel wat Christus aan die kruis deurgemaak het (vgl. Mark. 15:34)? Wat sal al die gelowiges eendag by die wederkoms saam doen, met ander woorde: hoe sal dit in die hemel wees (1:10)?

**STUDIE 6**

***Lees 2 Tessalonisense 2.***

1. Watter verwarring en vrees was daar by die gelowiges in Tessalonika met betrekking tot die wederkoms (2:2)? Wat het die verwarring en vrees veroorsaak (2:2)? Watter twee dinge, sê Paulus, moet eers gebeur voordat die wederkoms plaasvind (2:3)?
2. Watter ander 3 benamings gee Paulus vir die mens van die sonde (2:3,4, 8)? Met watter 2 benamings benoem die apostel Johannes hom (vgl. 2 Joh. 1:7)? Aan watter aanmatigende optrede sal die mens van die sonde uitgeken kan word (2:4)?
3. Sê Paulus wie of wat dit is wat die Antichris teëhou (2:6, 7)? Het u dalk 'n idee wie of wat dit kan wees? Waarmee sal die Antichris die wêreld verlei om hom te volg (2:9, 10; vgl. ook Openb. 12:3; 13:14)? Waarom sal die ongelowiges die Antichris volg (2:10)?
4. Waarom sal die ongelowiges die leuen van die Antichris glo(2:ll)? Wat is God se doel daarmee (2:12)? Waarom sal die gelowiges nie agter die leuen aanloop nie maar in die waarheid bly (2:13)? Wat is God se doel daarmee (2:14)? Wat leer hierdie verse ons oor God se uitverkiesing en verwerping (lees ook art. 16 NGB)?

**STUDIE 7**

***Lees 2 Tessalonisense 3.***

1. Watter gesindheid openbaar ongelowiges op die lang duur ten opsigte van die evangelie van Christus (3:1, 2)? Wat leer ons in 3:2-4 oor die plek wat die Here het in ons stryd teen die Bose en teen die sonde?
2. Wat moet die gemeente se houding wees teenoor lidmate wat onordelik optree deur nie te wil werk nie (3:6)? Watter voorbeeld het Paulus self aan die gemeente gestel (3:7-8)? Wat het Paulus waarskynlik in praktyk gedoen (vgl. Hand. 18:3)?
3. Moet die gelowige *altyd* vir werklose mense (bedelaars en boemelaars) met kos en klere help (3:10)? Wat is ons roeping ten opsigte van mense wat duidelik net leeglêers is en nie wil werk nie (3:12)? Maar wat moet ons gesindheid wees jeens mense wat werklik in nood verkeer (3:13)?'
4. Wat moet die gemeente doen met lidmate wat die Woord van die Here nie wil gehoorsaam nie (3:14, 15)? Wat is die doel hiermee (3:14)? Hoe vergelyk 3:14, 15 met Jesus se woorde in Matteus 18:15-17? Hoe vergelyk dit met die doel van die tug soos beskrywe in Artikel 71 van ons Kerkorde (vgl. agterin die jonger Psalmboeke)?

***1 KORINTIËRS: Advies aan 'n probleemgemeente***

In ons Bybelstudie oor die Tessalonisensebrief het ons gesien hoe Paulus in Korinte aangekom het:: op sy tweede sendingreis het hy, nadat hy inderhaas uit Tessalonika moes padgee, via Atene tot in Korinte gereis en daar vir Timoteus gewag (Hand. 18:1-5; 1 Tess. 3:6). So het dit gekom dat die gemeente in Korinte gestig is. Paulus het 'n jaar en ses maande lank daar gebly voordat hy sy terugreis na Palestina begin het (Hand. 18:11,18).

**Korrespondensie met 'n probleemgemeente**

Die gemeente in Korinte het egter gou in 'n "probleemgemeente" ontwikkel. Wat waarskynlik hiertoe bygedra het, was die feit dat Korinte 'n ryk hawestad was, uiters kosmopolitaans en met gruwelik lae sedes. As handelsentrum was Korinte se inwoners meer as gewoonlik blootgestel aan 'n verskeidenheid van heidense godsdienste en filosofieë.

Sulke invloede het ook op die gemeente ingewerk en gelei tot allerlei verwarring en twiste.

Die gevolg was dat Paulus, sover ons weet, nie minder nie as *vier* briewe aan die kerk in Korinte geskryf het. Net twee van die briewe is in die Bybel opgeneem, naamlik die tweede en die vierde briewe[2]. In hierdie briewe het Paulus probleme wat in die Korintiese gemeente bestaan het, uit die weg probeer ruim. Daarmee neem die Korintiërbriewe 'n baie belangrike plek in die Bybel in: dit is briewe waarin die Heilige Gees vir die gelowiges van alle tye antwoorde gee op 'n verskeidenheid van praktiese probleme wat dikwels in die kerk voorkom.

**Waaroor gaan 1 Korintiërs?**

Die brief wat ons as 1 Korintiërs ken, het Paulus dan waarskynlik tydens sy derde sendingreis geskryf terwyl hy in Efese was (Hand. 19:1, 10). Wat gebeur het, was dat daar twee groepe mense uit Korinte by Paulus aangekom het, wat rede vir Paulus gegee het om die pen op te neem en te skryf:

* Die eerste groep was die "huisgenote van Chloë" (1 Kor. 1:11) wat vir Paulus vertel het van 'n hele paar dinge in Korinte wat nie reg loop nie, onder meer van verdeeldheid en twiste, en van allerlei onsedelikheid. Op hierdie berigte het Paulus die eerste 6 hoofstukke van 1 Korintiërs geskryf: hoofstukke waarin hy die gemeente oor al hierdie verkeerdhede vermaan.
* Die tweede groep was Stefanas en Fortunatus en Agaïkus (1 Kor. 16:17). Saam met hulle het daar 'n brief uit Korinte aangekom wat die gemeente self aan Paulus geskryf het (7:1). In die brief het hulle oor allerlei praktiese probleme die apostel se advies gevra. Paulus se antwoorde op hierdie adviesvrae beslaan dan die tweed helfte van 1 Korintiërs (hfst. 7-16).

Gevolglik bestaan 1 Korintiërs uit die volgende onderafdelings:

| | | |
|---|---|---|
| 1:1-9 | Briefaanhef | |
| 1:10 - 6:20 | Probleme volgens Chloë se mense | |
| | *Probleem 1:* | *Groepvorming in die gemeente (1:10 - 4:21)* |
| | *Probleem 2:* | *Hoerery binne die gemeente (5:1-13)* |
| | *Probleem 3:* | *Gelowiges gaan oor kerksake hof toe (6:1-11)* |
| | *Probleem 4:* | *Nogeens hoerery (6:12-20)* |
| 7:1 - 16:4 | Antwoorde op vrae en probleme in die brief uit Korinte | |
| | *Vraag 1:* | *Oor die huwelik (7:1-40)* |
| | *Vraag 2:* | *Oor vleis wat uit die afgodstempels kom (8:1 -10:22)* |
| | *Vraag 3:* | *Oor die plek van die vrou in die kerk (11:1-16)* |
| | *Vraag 4:* | *Oor onordelikheid by die Nagmaal (11:17-34)* |
| | *Vraag 5:* | *Oor die beste geestesgawes (12:1 -14:40)* |
| | *Vraag 6:* | *Oor die opstanding van die liggaam (15:1-58,* |
| | *Vraag 7:* | *Oor hoe bydraes vir armes ingesamel moet word (16:1-4)* |
| 16:5-24 | Briefslot. | |

[2] Wat ons as 1 Korintiërs ken, was inderwaarheid reeds Paulus se tweede brief aan hulle (1 Kor. 5:9); en tussen 1 en 2 Korintiërs was daar nóg 'n brief (vgl. 2 Kor. 2:4), sodat 2 Korinte in werklikheid Paulus se vierde brief aan hulle was.

**Sewe Bybelstudiestukke**

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees 1 Korintiërs 1:1-19; 2:1-5.***

1. Hoe was Sostenes (1:1) waarskynlik by die brief betrokke, veral as 'n mens 16:21 in ag neem? Waaroor is Paulus, te midde van die feit dat Korinte 'n "probleemgemeente" is, nogtans dankbaar (1:4-6)?
2. Waaroor vermaan Paulus die gemeente in 1:10? Waar het hy sy inligting vandaan gekry (1:11)? Waarom, dink u, het daar juis partyskappe rondom die persone van Paulus, Apollos en Sefas ontstaan (vgl. Hand. 18:1,11; 18:24-19:1; Gal. 2:9)?
3. Wat dink u wil Paulus by die Korintiërs tuisbring met die 3 vrae wat hy in 1:13 vra? Waarom dink u bring hy dit so uitdruklik onder hulle aandag dat hy self maar min van hulle gedoop het (1:14-16)?
4. Waarom het Paulus die evangelie nie met woorde van menslike wysheid verkondig nie (2:1; vgl. 1:17)? Met watter doel het hy dit nie gedoen nie (2:5)?
5. Wat was die kerninhoud van Paulus se prediking (2:2)? Vir wie is hierdie inhoud blote dwaasheid, en vir wie is dit wysheid (1:18)? Waarom is dit so (2:5; 1:19)?
6. Toegepas op die prediking in ons tyd: Waarop moet die dominee se preke (en ons aanhoor daarvan) toegespits wees - op die optrede van die dominee (lekker om na te luister) of op die evangeliese inhoud van die preek (Jesus Christus, die gekruisigde)? Waarin is die krag van 'n preek geleë - in die oorredende woorde van die prediker, of in die Gees wat daarin werk (2:1-5)?

**STUDIE 2**

***Lees 1 Korintiërs 3:1-17; 6:1-20.***

1. Waarom het die gelowiges in Korinte nog nie geloofsvolwassenheid bereik nie (3:1-3)? Watter druk plaas 'n geloofsonvolwasse gemeente op die prediking (3:2; vgl. ook Heb. 5:11-14)? Met watter beeld beskryf Paulus die gemeente in hierdie verse (3:1, 2)?
2. Met watter beeld beskryf hy die gemeente in 3:6-8? Waarom behoort die *dominee* nie vir geloofsgroei geprys te word nie (3:6-7)? Waarom is die Woordbedienaar se werk wel van uiterste belang vir die kerk (3:5)? Waarom is dit dan verkeerd om predikante met mekaar te vergelyk en teen mekaar af te speel (3:4-5)?
3. Met watter beeld beskryf Paulus die kerk in 3:10-17? Watter plek neem die apostels en Woordbedienaars in hierdie beeld in (3:10)? En Christus (3:11)? Met watter boumateriaal beskryf Paulus die werk van Woordbedienaars wat voortreflike diens in die kerk lewer (3:12)? En hulle wat knoeiwerk lewer (3:12)? Op watter dag sal elke Woordbedienaar se bouwerk as 't ware met vuur getoets word (3:13; vgl. 4:5)?
4. Wat behoort gelowiges te doen eerder as om met mekaar na 'n wêreldse hof te gaan (6:1, 4)? Waarom (6:2, 3)? Moet gelowiges met álle sake na die gemeente gaan (6:4)? Watter sake dink u is wel van so 'n aard (nie "alledaags" nie) dat dit wel in 'n wêreldse hof beslis moet word?
5. Waarom beteken ons vryheid in Christus nie dat ons maar kan doen net wat ons wil nie (6:12)? Waarom kan ons ons vryheid in Christus nie gebruik as 'n verskoning om onbeheersd te eet en te drink nie (6:13; vgl. 6:10 en 10:31)? En waarom nie as verskoning vir onbeheersde seksualiteit nie (6:13, 20)?
6. In 6:19 vergelyk Paulus die gelowiges vir 'n tweede keer in hierdie brief met 'n tempel (die vorige keer was in 3:16). Watter verskil is daar in die toepassing van die beeld hier in hoofstuk 6 in vergelyking met die beeld in hoofstuk 3?

**STUDIE 3**

***Lees 1 Korintiërs 7:1-17; 8:1-13; 10:12-22.***

In hierdie hoofstukke begin die apostel om die vrae te beantwoord wat die Korintiërs in hulle brief aan hom gestel het (vgl. 7:1). Die eerste vrae gaan oor die huwelik en oor die eet van afgodsoffers.

1. Uit 7:1 kan 'n mens aflei dat die Korintiërs in hulle brief aan Paulus iets gevra het soos: "Is dit verkeerd dat 'n man ongetroud bly?" Wat is Paulus se antwoord hierop (7:1,2)? Belet hy daarmee die huwelik? Belet hy daarmee 'n ongetroude lewe?
2. Watter huweliksplig is man en vrou aan mekaar verskuldig (7:3, 4)? Watter plig is daar op ongetroudes (7:8, 9)? Wat moet ongetroudes doen wat hierdie plig nie kan nakom nie (7:9)?
3. Waarom mag getroudes nie skei nie (7:10)? Watter plig rus daar op iemand wat wel skei (7:11)? Wat staan 'n gelowige te doen wat met 'n ongelowige getroud is - moet hulle skei of getroud bly

(7:12-16)? Is dit maar Paulus se eie opinie (7:12), of is dit ook wat God sê (vgl. 7:40)?

4. Wat het die gelowige nodig, bo en behalwe kennis, om vir die gemeente tot nut te wees (8:1-3; vgl. ook 13:2)? Waarom (8:1)?
5. Paulus vermaan die "sterker" gelowiges om nie 'n struikelblok vir die swakker gelowiges te word nie (8:7). Watter kennis het by die swakker gelowiges ontbreek (8:7)? Hoe kon die sterkeres dan vir die swakkeres 'n struikelblok word (8:10)? Hoe moet jy met jou beter kennis optree teenoor 'n medegelowige wat nie soveel insig soos jy het nie (8:13)?
6. Waarom moet die gelowige van afgodediens af wegbly (10:14; vgl. 1:12)? Waarvan getuig deelname aan die Nagmaal (10:16,17)? Waarvan het deelname aan die Ou-Testamentiese offermaaltye getuig (10:18)? Watter getuienis gaan daar dan uit van 'n gelowige wat aan godsdienstige bedrywighede van heidene deelneem (10:20, 21)?

**STUDIE 4**

***Lees 1 Korintiërs 11:2-34.***

In hierdie hoofstuk beantwoord Paulus vrae van die Korintiërs oor die plek van die vrou in die kerk en oor onordelikhede by die Nagmaal.

1. Met watter ander twee verhoudings vergelyk Paulus die hoofskap van die man oor die vrou (11:3)? Waarom is dit dan geen oneer vir die vrou om die man as haar hoof te hê nie (11:3)? Wie is die belangrikste, die man (die hoof) of sy vrou (11:9, 11-12)?
2. In die destydse samelewing het vroue 'n sluier gedra as teken dat sy haar aan haar man onderwerp, maar prostitute het hulle hare afgesny as 'n teken dat hulle nie aan een man gebind is nie. Verduidelik in die lig hiervan hoe verse 5, 6 en 15 verstaan moet word.
3. Hoe het die verdeeldheid in die gemeente afbreuk gedoen aan die viering van Nagmaal (11:20, 21)? Hoe het dit dan gebeur dat Paulus die besonderhede oor die Nagmaal "van die Here ontvang het" (11:23; ook 15:3; vgl. Gal. 1:11,12)? Waarom dink u kom Paulus se weergawe van die Nagmaalsgebeure soveel ooreen met dié van Lukas (11:24, 25; Luk. 22:19, 20; vgl. die Bybelstudie oor die Lukas-evangelie)?
4. Watter geloofsoortuiging moet daar by elke Nagmaalsganger wees (11:26)? Wat gebeur met iemand wat sonder hierdie geloofsoortuiging (d.w.s. wat "die liggaam van die Here nie onderskei nie") aan die Nagmaal deelneem? Kan enigiemand dan sommer aan die Nagmaal deelneem? Waarom behoort kinders nie aan die Nagmaal deel te neem nie (11:28, 29)?

**STUDIE 5**

***Lees 1 Korintiërs 12***

In hierdie hoofstuk behandel Paulus die vraagstuk van die verskeidenheid van geestesgawes.

1. Waarvan weerhou die Gees van God 'n mens (12:3)? En waartoe stel die Gees 'n mens in staat (12:3)? Waar kom 'n mens se geloof dan vandaan (vgl. ook Ef. 2:8)?
2. Watter onderskeie Persone van die Goddelike Drie-eenheid is in verse 4, 5 en 6 ter sprake? Wat bewerk elk van die drie Persone onderskeidelik in die gelowiges (12:4-6)?
3. Waarom gee die Heilige Gees nie aan alle gelowiges dieselfde gawes nie (12:7, 11)? Skryf die verskillende geestesgawes neer wat Paulus in 12:8-10 opnoem. Waarom is die een gawe nie meer werd as die ander nie (12:11)?
4. Waarom moet ons nie daarna strewe dat alle gelowiges eenders moet wees nie (12:12-20)? Het die gemeente sommige lidmate nodiger as ander (12:21)? Mag die verskeidenheid in die kerk gesien word as 'n rede vir verdeeldheid (12:25)? Word die mens se individualiteit in gedrang gebring deur jou eenwees met die liggaam van Christus (12:27)?

**STUDIE 6**

***Lees 1 Korintiërs 14.***

1. Is dit verkeerd om in tale te spreek (14:5,18)? Watter ander gawe is by verre belangriker vir die gemeentelike samekoms (14:1)? Waarom (14:3-5,18-19)? In watter deel van ons openbare erediens word die gawe van profesie vandag gebruik?
2. Op wie is die spreek in tale gerig en op wie is dit *nie* gerig nie (14:2)? Watter soort gebed is die spreek in tale werklik (14:14)? Waarom pas gebede waarin beide gees en verstand meewerk (gewone gebede) eerder in die openbare erediens (14:12-17)? Waar moet die mens wat in tale kan spreek eerder sy gawe uitleef (14:28)?
3. Wat is 'n belangrike vereiste vir die verloop van openbare samekomste van die gemeente (14:26)? Waarom dink u was dit nodig dat die Gees destyds openbarings aan mense gegee het om te kan profeteer (14:30)? Wat gee die Gees in ons tyd aan mense om te kan profeteer (vgl. 1 Tim. 3:14,15)? Waarom is die prediking in ons tyd dan nie minder werd as die prediking van

destyds nie (vgl. 2 Tim. 3:16,17)?

4. Wat is 'n groot bedreiging vir vrede in die kerk (14:33)? Met watter opdrag sluit die apostel hierdie hoofstuk af (14:40)? Noem twee dinge waarin Paulus uitdruklik wil hê dat daar goeie orde en vrede moet wees (14:34-35, 39)? Het ons hiermee maar net Paulus se eie opinie of is dit 'n opdrag van die Here (14:37)?

**STUDIE 7**

***Lees 1 Korintiërs 15:1-24, 35-44, 51-58.***

1. In watter kernsake word die evangelie van Christus in 15:3-5 saamgevat? Hoe klop dit met die 12 artikels van ons geloof oor die heilswerk van Christus? Hoeveel verskynings van Jesus na sy opstanding vermeld Paulus in 15:4-8?
2. By watter geleentheid het Christus aan Paulus verskyn (15:8; vgl. Hand. 9:3,17)? Waarom noem Paulus homself 'n "ontydig geborene" (misgeboorte) en die "geringste van die apostels" (15:8, 9)? Waarom is Paulus egter steeds dankbaar (15:10)?
3. Wat was sommige Korintiërs se standpunt oor die opstanding (15:12)? Watter ander mense het destyds hierdie selfde beskouing oor die opstanding gehad (vgl. Matt. 22:23; Hand. 17:22, 32)?
4. Waarom is dit lastering teenoor Christus om te ontken dat daar 'n opstanding is (15:13)? Watter klag teen die prediking van Paulus is die verwerping van die opstanding (15:14,15)? Watter gevolge het die verwerping van die opstanding vir die gelowiges (15:16-19)?
5. Waarmee vergelyk Paulus die mens se liggaam wat begrawe word en sal opstaan (15:35-38)? Gaan dit iets of iemand anders as onsself wees wat in die opstanding opgewek word (15:36-38)? Gaan ons in die opstanding net soos in hierdie lewe lyk (15:39-44)? Noem 4 opsigte waarin ons liggame in die opstanding anders gaan wees as in hierdie lewe (15:42-44).
6. Wat sal met die ontslape gelowiges by die wederkoms gebeur (15:52)? En met dié wat nog in die lewe is (15:52)? Waarom sal ons eendag in die opstanding onverganklik en onsterflik wees (15:54-56)? Wie het hierdie oorwinning oor die sonde en daarom oor die dood vir ons bewerk (15:57)?

## *2 KORINTIËRS: 'n Apostel in die beskuldigdebank*

In ons vorige hoofstuk het ons gesien dat die brief wat in die Bybel as 2 Korintiërs bekend staan, in werklikheid die *vierde* brief van Paulus aan die gemeente in Korinte was. Met hierdie gemeente het die apostel meer maal kontak gemaak as met enige ander een. In die Bybel volg ons die spoor van Paulus se kontak met die Korintiërs soos volg:

* Op sy tweede sendingreis, teen ongeveer die jaar 50 n.C. ontstaan die gemeente in Korinte op die prediking van Paulus (Hand. 18:1-17).
* Nadat hy daarvandaan vertrek het, skryf die apostel aan hulle 'n brief, blykbaar oor hoerery (vgl. 1 Kor. 5:9). Die brief is vandag verlore.
* Tydens sy derde sendingreis, vanuit Efese (Hand. 19:1, 10) skryf Paulus weer 'n brief aan hulle, bekend as 1 Korintiërs (± 54 nC), oor die tweedrag en probleme in die gemeente (vgl. vorige *Bybelstudie).*
* Toe die brief nie die gewenste uitwerking het nie, het Paulus hulle blykbaar weer gaan besoek. Hoewel in Handelinge niks van hierdie tweede besoek berig word nie, lees ons wel in 2 Korintiërs 12:14 en 13;1,2 daarvan. Heel moontlik was dit steeds tydens Paulus se verblyf in Efese (Hand. 19).
* Na sy besoek het hy blykbaar 'n derde brief aan hulle geskryf, bekend as die "tranebrief" (2 Kor. 2:4). Ook hierdie brief is vandag verlore.
* Blykbaar het die tranebrief tog 'n goeie uitwerking gehad, want vanuit Masedonië (8:1), nog steeds op sy derde sendingreis, skryf Paulus met dankbaarheid sy vierde sendbrief aan Korinte. Dit is die brief wat ons as 2 Korintiërs ken.
* Van Paulus se laaste besoek aan Korinte lees ons in Handelinge 20:1-2. Dit was aan die einde van sy derde sendingreis, pas voor sy terugkeer na Jerusalem.

### Waaroor gaan 2 Korintiërs?

Soos hierbo aangedui is, het Paulus 2 Korintiërs geskrywe in dankbare reaksie op die goeie resultate wat sy tranebrief op die gemeente gehad het (2 Kor. 2:1-14; 6:11 - 7:16). Maar blykbaar was die goeie resultate beperk tot slegs 'n deel van die gemeente (10:2; 12:21). Sommige lidmate, nog gekwets deur sy vorige vermanings (13:2), het 'n vyandige houding teen Paulus ingeneem.

Hierdie vyandige lidmate het blykbaar goeie bondgenote gevind in 'n groep dwaalleraars wat die valse leer van die Judaïsme in die gemeente verkondig het. Dié dwaalleraars het natuurlik direk te staan gekom teen dit wat Paulus aan die gemeente geleer het. Daarom het hulle toe begin om Paulus met allerlei valse beskuldigings by die gemeente onder verdenking te bring en die egtheid van sy apostelskap te bevraagteken. Teen hierdie aanvalle moes die apostel homself verdedig. Gevolglik bestaan die grootste deel van 2 Korintiërs uit 'n verdediging teen die aanvalle op Paulus se apostelskap (2:15 - 6:10; 10:1 -13:10).

Intussen was Paulus op sy derde sendingreis ook besig om geld vir die arm gemeente in Jerusalem in te samel (vgl. 1 Kor. 16:1-4). Met die oog daarop het hy ook in 2 Korintiërs woorde ter aanmoediging geskryf en ook praktiese reëlings vir die insameling getref (hoofstukke 8 en 9).

### Watter besondere plek het 2 Korintiërs in die Bybel?

In die eerste deel van sy apostoliese verdediging skryf Paulus die kernsake van die prediking neer. Daaruit leer ons van die diepe troos wat die gelowiges ontvang in die opstanding van Jesus Christus (1:3-11), van die krag van God wat in swakke mense werk (4:1-15), van die gelowige se verlange na die ewige heerlikheid wat in hierdie lewe nog vir ons onsigbaar is (5:1-10), en van die gesag wat Christus aan die apostels as grondleggers van sy kerk gegee het (hfst.10 - 11). Verder ontvang ons in hierdie brief belangrike beginselbegronding vir finansiële bydraes en armsorg in die kerk van die Here (hfst. 8-9).

### Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees 1 Korintiërs 1:1 -2:13.***

1. Waarom is gelowiges in staat om ander mense te troos (1:4)? Waarom is die apostel nie negatief oor die lyding en verdrukking wat hy moet deurmaak nie (1:5,6)? By watter geleentheid het Paulus in die provinsie Asië as't ware by die dood omgedraai (1:8,9; vgl. Hand. 14:19)?
2. Teen watter (valse) aanklag verweer die apostel hom in 1:12? En in vers 13?
3. Waarom het Paulus aanvanklik beplan om op pad na Masedonië by Korinte aan te doen (1:15,16)? Waarom het hy later van plan verander (1:23 -2:1)? Wat het Paulus in die plek van die beplande besoek gestel (2:3,4)? Watter klagte is hierop teen Paulus ingebring, waarteen hy hom in 1:17,18 verweer?
4. Wat het blykens 2:5 tydens Paulus se tussenbesoek aan die Korintiërs gebeur? Wil Paulus hê dat diegene wat hulle te buite gaan, ongestraf moet gaan (2:6)? Wat wil Paulus egter hê moet daar óók met so iemand gebeur (2:7-11)?

**STUDIE 2**

***Lees 2 Korintiërs 2:14*** *- 4:7.*

1. Waarmee vergelyk Paulus sy dienswerk van die evangelieverkondiging in 2:14, 15 (vgl. Ef. 5:2; Lev. 3:3-5)? Hoe brei hy hierdie vergelyking uit in vers 16 ten einde die uitwerking van die prediking op gelowiges en ongelowiges te beskryf? In watter opsig ondersteun hierdie verse ons belydenis in die Dordtse Leerreëls Hfst. 3/4 8,9,10?
2. Waaruit bestaan Paulus se aanbevelingsbrief as apostel, aldus 3:2? Met watter ink en op watter papier is hierdie brief geskryf (3:3)?
3. Hoe verskil Paulus se bediening van die verbond van dié van die Jode en Judaïste (3:6)? Op watter Ou-Testamentiese gawe van God het die Jode hulle bediening gegrond (3:7)? Wat was die Here se bedoeling met daardie Ou-Testamentiese bediening van die verbond (3:10,11)? In watter opsigte is die Judaïste se sinne (verstand) verhard (3:14)? Hoe kom die verharding tot 'n einde (3:16)?
4. Van wie af het Paulus die opdrag tot die apostoliese bediening ontvang (4:1)? Wie staan in die sentrum van Paulus se dienswerk (4:5)? Wat stel Paulus in staat om sy dienswerk te kan doen (4:7)? Wat stel ons in staat om ons dienswerk te doen? Wie stel ons in staat om te glo (4:6; vgl. ook Ef. 2:8)?

**STUDIE 3**

***Lees 2 Korintiërs*** *4:8* - ***5:21.***

1. Waarom kan Paulus (en elke gelowige) selfs in lewensgevaar vreesloos die waarheid van God bly verkondig (4:11, 14)? Dit is duidelik dat Paulus nie in die heidense skeiding tussen liggaam en siel onderskryf het nie. Wat bedoel hy dan in 4:16 met die 'uiterlike mens' en die 'innerlike mens' (vgl. 5:17; Rom. 7:22)?
2. Waarmee vergelyk Paulus ons aardse bestaan in 5:1? Waarmee vergelyk hy ons bestaan ná hierdie lewe (5:1)? Let op hoeveel opvallende ooreenkomste daar tussen 4:17 - 5:2 en Rom. 8:18, 19, 23 is. Wat dink u is die bedoeling van 5:3 (vgl. Openb. 3:18)?
3. Watter waarborg het ons dat ons eendag die opstanding tot die ewige lewe sal ontvang (5:5)? Waarom het die gelowige, te midde van verlange om by die Here te wees, steeds goeie moed in hierdie lewe (solank hy in die liggaam inwoon) (5:7)? Watter roeping het ons in ons tyd van inwoning (d.w.s. tydens ons aardse bestaan) (5:9)?
4. Waarom probeer Paulus die mense oortuig om hulle te bekeer (5:11; vgl. 5:10, 14)? In watter opsig het ons almal saam met Christus gesterwe (5:15; vgl. ook Rom. 6:6)? Watter versoening moet Paulus aan die mensdom verkondig (5:19)? Hoe het Hy hierdie versoening bewerkstellig (5:21)?

**STUDIE 4**

***Lees 2 Korintiërs 6:11*** - ***7:16.***

1. Wat dink u bedoel die apostel met die verbod om nie "in dieselfde juk saam met ongelowiges te trek" nie (6:14)? Waarom mag ons nie heidense oortuigings met ons Christelike geloof vermeng nie (6:15)? In watter opsig moet ons lewensstyl van dié van ongelowiges verskil (6:17; 7:1)?
2. Waarom is die apostel vol trots en blydskap wanneer hy aan die Korintiërs dink (7:4; vgl. die inleiding hierbo)? Watter verdrukking en verskrikking het Paulus voorheen in Masedonië beleef (7:5; vgl. Hand. 16:22, 23)?
3. Na watter brief verwys Paulus in 7:8 (vgl. die inleiding hierbo)? Watter uitwerking het die brief

uiteindelik op die Korintiërs gehad (7:9)?

4. Waarom moet daar nie in die kerk getalm word om te vermaan en te tugtig nie (7:10)? Watter teenstand kan op die tug en vermaning verwag word (7:11)? Waarom mag daar nie by tuguitoefening met partydigheid opgetree word nie (7:12)?

**STUDIE 5**

***Lees 2 Korintiërs 8:1 - 9:15.***

1. Op watter manier het die Masedoniërs hulle oorvloedige vrygewigheid by die fondsinsameling betoon (8:3,4)? Watter belangrike (oor-)gawe moet eers plaasvind voordat 'n mens werklik stoflike gawes kan gee (8:5)? Wat kan aan 'n mens se bereidwilligheid tot finansiële offers getoets word (8:8)?
2. Wie was die Gewer van wie ons heel eerste 'n onbeskryflike rykdom ontvang het (9:9)? In watter opsig het Hy arm geword sodat ons ryk kon word (8:9; vgl. Filip. 2:6-8)?
3. Verwag die Here van gelowiges om sulke groot bydraes te gee dat hulle self hulpbehoewend word (8:12, 13)? Watter gelykheidsbeginsel (ewewig) bou die Here in die stelsel van onderlinge hulpbetoon in (8:14, 15)?
4. Wie het die insameling van gawes in die kerke behartig (8:6, 18,19)? Waarom het nog 'n broeder Titus met die insameling bygestaan (8:20)? Met watter dienswerk in die kerke vandag sal u Titus se werk in verband bring? Is dit verkeerd vir 'n kerkraad om hom met die reëling van finansiële sake besig te hou (9:3-5)?
5. Watter belangrike beginselriglyne vir finansiële bydraes stel die apostel in 9:6-7? Watter troos en versekering het die gelowige oor sy eie versorging wanneer hy aan ander hulp verleen (9:10, 11)? Wat is die grootste rykdom waarmee die blymoedig gewer beloon word (9:12, 13)?

**STUDIE 6**

***Lees 2 Korintiërs 10:1 - 11:15.***

1. Op watter beskuldiging van sommige Korintiërs teen hom sinspeel Paulus in 10:1 (vgl. ook 10:10)? Watter ander beskuldiging wys hy af in 10:2-3? Met watter kragtige wapens van God kan die gelowige selfs vestings vernietig (10:4; vgl. Ef. 6:13-18)?
2. Waarom durf gelowiges in onderlinge dispute mekaar nie daarvan beskuldig dat hulle nie aan Christus behoort nie (10:7)? Waarom het Paulus se teenstanders in Korinte hom van selfaanstellery verdink (10:12)? Waarmee antwoord Paulus hierdie aanklag teen sy apostelskap (10:13-15, veral vers 18)?
3. Met watter beeld stel Paulus die kerk in 11:2 voor? Vergelyk hierdie voorstelling met Efesiërs 5:23 en Openbaring 21:2. Watter gevaar sien Paulus vir hierdie bruid (11:3)? Vergelyk dit met Jeremia 2:2 en Openbaring 2:4. Hoe moet hierdie beeld in die geval van die Korintiërs toegepas word (11:4)?
4. Wie het Paulus finansieel gedra terwyl hy die evangelie in Korinte bedien het (11:7-9)? Waarom het hy nie steun van die Korintiërs gevra nie (11:12; vgl. ook 1 Kor. 9:12)? In wie se diens staan dwaalleraars in werklikheid (11:13-15)?

**STUDIE 7**

***Lees 2 Korintiërs 11:16 -12:10; 13:1-13.***

1. Watter rede het Paulus om oor sy afkoms te spog (11:22)? Oor watter toewyding in diens van die Here kan Paulus spog (11:23-26)? Waarom wil Paulus hom nie in al hierdie dinge beroem nie (11:16-21)? Waarin wil Paulus hom eerder beroem (11:30)?
2. Watter gesigte en openbarings aan Paulus (12:1) is vir ons wel êrens opgeteken (vgl. Hand. 9:3vv.; 16:9; 22:17; 27:24; Gal. 1:12)? Van watter openbaring wat hy ontvang het, skryf Paulus hier in 12:3-5?
3. Hoe het die Here daarvoor gesorg dat Paulus nie hoogmoedig sou raak oor al die openbarings wat hy ontvang het nie (12:7)? Wat dink u was die "doring in die vlees" waarmee Paulus geworstel het (12:7 - let wel: u antwoord, soos dié van elke ander verklaarder, kan maar net bespiegeling wees)? Wat het die Here geantwoord op Paulus se voortdurende gebed om die "doring" te verwyder (12:8-9)?
4. Hoe klop Paulus se woorde in 13:1, 2 met sy besoeke aan die gemeente soos hierbo in die Inleiding uiteengesit is? Wat sou daarmee bedoel word dat Christus "in swakheid gekruisig is" (13:4; vgl. Filip. 2:8)? Hoe is die krag van God in Hom as gekruisigde geopenbaar (13:4; vgl. Rom. 6:9)?
5. In watter opsig moet ons onsself gedurigdeur toets en ondersoek (13:5)? Waaraan sal ons weet

of ons die toets deurstaan het (13:6; veral die 1983-vert.)? Waaruit blyk Paulus se ware diensknеggesindheid jeens die Korintiërs (13:7; vgl. ook Moses se gesindheid in Eks. 32:32)?

***ROMEINE: Die regverdige sal deur die geloof lewe***

In ons studie oor 2 Korintiërs het ons gesien dat Paulus op sy derde sendingreis by die kerke wat hy besoek het, geld vir die arm Christene in Jerusalem ingesamel het. Aan die gemeente in Korinte het hy in sy brief vooruit laat weet dat hulle die bydraes solank moet gereed kry vir wanneer hy kom (vgl. Hoofstuk oor 2 Korintiërs). In Handelinge 20:3 lees ons dat Paulus by sy aankoms in Griekeland drie maande lank daar vertoef het. Korinte was dan ook die draaipunt van sy derde sendingreis, aangesien hy van daar af weer die terugreis na Jerusalem sou aanpak (vgl. Hand. 20:16).

**'n Vierde sendingreis in vooruitsig**

Maar Paulus was alreeds besig om 'n vierde reis te beplan. Terwyl hy nog daar in Korinte was, het hy aan die gelowiges in Rome 'n brief geskryf om hulle oor sy beplande besoek in te lig.

In Romeine 15:26 skryf hy: "Masedonië en Agaje (Griekeland) het dit goedgevind om iets by te dra vir die armes onder die gelowiges in Jerusalem." En in vers23: "Maar nou is daar vir my in hierdie streke nie meer 'n arbeidsveld nie, en ek koester al baie jare die begeerte om julle te besoek wanneer ek na Spanje reis. Ek hoop om julle dan op my deurreis te sien; trouens, ek sou graag ook eers 'n tydjie by julle wou deurbring en dan met julle hulp verder na Spanje toe reis. Maar nou is ek eers op pad na Jerusalem toe ..."

**Waar kom die kerk in Rome vandaan?**

Wat opvallend is, is dat Paulus self tot op daardie stadium nog nooit in Rome was nie. Die gemeente aldaar het dus nie op sy prediking tot stand gekom nie. Hoe het die gemeente dan ontstaan? Die Bybel sê dit nêrens duidelik nie, en daarom kan 'n mens maar net bespiegel.

'n Moontlike verklaring vind ons in die feit dat Rome destyds hoofstad en wêreldsentrum was. Gevolglik het mense vanoor die hele Romeinse Ryk mettertyd 'n heenkome in Rome gaan soek (vgl. die uitdrukking "alle paaie lei na Rome"). So was daar waarskynlik 'n beduidende aantal Christene (uit Jerusalem en elders) wat in Rome beland het en aldaar saamgekom het as 'n gemeente.

**Paulus stel sy leer vooruit bekend**

Hoe dit ook al sy, Paulus was nou van plan om hulle vir die eerste keer te gaan besoek. Maar juis daarom, omdat hy nog nie vantevore by hulle was nie, wil hy geen twyfel by hulle laat oor die evangelie wat hy aan hulle gaan bring nie. Dit is waaroor sy brief aan die Romeine gaan. Hy skryf vir die gemeente daar in Rome nie net van sy voorneme om na hulle toe te kom nie maar hy gee ook 'n uiteensetting van die leer wat hy verkondig. In kort is die Romeinebrief dus 'n bekendstellingsbrief van die leer wat Paulus verkondig.

Die sentrale bekendstellingswoorde vind ons in 1:16, 17 waarin Paulus die kern van die evangelie wat hy verkondig, saamvat: "Ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe."

Vanuit hierdie sentrale aankondiging bou Paulus dan sistematies in die res van sy brief die dogma wat hy verkondig op. Juis daarom het die Romeinebrief die mees leerstellige trant van al Paulus se briewe. Geen wonder nie dat een van ons Gereformeerde Belydenisskrifte, die Heidelbergse Kategismus, presies dieselfde indeling het as wat ons in die Romeinebrief teëkom, naamlik:

a) ons sonde en ellende,
b) ons verlossing en
c) ons dankbaarheid.

**Die struktuur van die brief**

In geheel is die brief soos volg saamgestel:

1:1-17 *Briefaanhef en inleiding.*

- In hierdie deel gee Paulus die inleidende samevatting van sy leer (v.16,17).

1:18-3:20 *Eerste hoofdeel van die brief: die mens se sonde en ellende.*

- Die ongeregtigheid van die heidene (1:18-32);
- Die ongeregtigheid van die Jode (2:1-3:8);
- Die ongeregtigheid van alle mense (3:9-20).

3:21 - 11:36 *Tweede hoofdeel van die brief: verlossing in Christus vir die wat glo.*

- Regverdigmaking alleen deur die geloof in Christus uit genade (3:21 - 4:25);
- Regverdigmaking in Christus bring verlossing van Gods toorn, van die sonde en van die dood (5:1 - 8:39).
- God skenk ook aan die ontroue Israel uit genade verlossing in Christus (9:1-11:36).

12:1 - 15:13 *Derde hoofdeel van die brief: die dankbaarheidslewe van die verlostes.*

- Ons hele lewe 'n dankoffer van liefde en liefdesgehoorsaamheid (12:1-13:14);
- 'n Lewe in verantwoordelikheid en vryheid (14:1 - 15:13).

15:14- 16:27 *Briefslot.*

- Paulus se toekomsplanne vir 'n vierde sendingreis (15:14-32);
- Groeteboodskappe aan bekendes In Rome (16:1-24);
- Slotseën (16:25-27).

Uit bostaande uiteensetting is dit duidelik dat ons in hierdie brief die mees sistematiese uiteensetting het van die Bybelse leer van verlossing in Christus: ons word verlos nie deur eie verdienste nie maar slegs uit genade deur die geloof alleen! Juis hierdie leer van die Romeinebrief het Maarten Luther daartoe geïnspireer om 95 stellinge teen die valse leer van die Roomse kerk aan die kerkdeur van Wittenberg vas te spyker - die begin van die Reformasie van die 16e eeu!

### Ten slotte

Hoewel Paulus in hierdie brief sy planne vir 'n volgende sendingreis wat hom na Rome sou bring, bekendmaak, het God sy besoek aan Rome anders beskik. By sy aankoms in Jerusalem is hy gearresteer en is hy as gevangene na Rome geneem. Gevolglik was die Romeinebrief die laaste van Paulus se geskrifte wat hy tydens sy sendingreise geskryf het. Daarna sou hy vanuit gevangenskap sy korrespondensie voortsit.

### Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

### STUDIE 1

***Lees Romeine 1:1-32.***

1. Vir watter werk het God Paulus afgesonder (1:1)? Wie het die evangelie van Christus reeds vooraf bekend gemaak (1:2)? Wie het Jesus Christus as die Seun van God aangewys en hoe het Hy dit gedoen (1:4)? Waarom dink u was Jesus se opstanding die bewys dat Hy die Seun van God is (1:4, vgl. Hand. 2:23, 24)?
2. Hoe beskryf Paulus die evangelie van Christus in 1:16? Waarom dink u noem hy die evangelie 'n "krag van God tot redding" (vgl. 6:23)? Waarom voeg hy daaraan toe "vir elkeen wat glo" (vgl. 3:28)?
3. In 1:17 is die woorde "uit geloof tot geloof die Griekse uitdrukking vir "van begin tot einde net deur geloof". Kyk hoe dit die betekenis van vers 17 verhelder. Die woordorde van die laaste sin in 1:17 (1933/53-vert.) kan ook wees: "Maar die regverdige uit die geloof sal lewe." Kyk hoe hierdie woordorde by die geheelboodskap van die brief inpas.
4. Hoe openbaar God Homself aan die mense wat nie die Bybel ken nie (1:19,20)? Waarom is daar dan geen verontskuldiging vir die wat nie die ware God dien nie (1:18, 21)? Watter godsbeelde skep die heidene in hulle dwaasheid vir hulleself (1:23, 25)?
5. Waarmee straf God die mens wat Hom nie wil vereer nie, reeds nou in hierdie lewe (1:24, 26-28)? Waarmee word die harte van die heidene vervul (1:29-32)? Wat is die gevolg van hulle gesindheid en optrede (1:32)?

### STUDIE 2

***Lees Romeine 2:1-16; 3:1-31.***

1. Waarom mag die wat wel die kennis van God ontvang het, nie in hooghartigheid die heidene oordeel nie (2:1-3)? Beteken dit dat die heidene vry sal wees van die oordeel van God (2:12)?
2. Waarom word die Jode nie op grond van hulle afkoms vrygespreek nie (2:1,1)? Waarom kan die

feit dat die Jode die wet van God ontvang het nie grond vir hulle vryspraak wees nie (2:13)?

3. Watter voordeel het die Jode dan daarin dat hulle die wet van God ontvang het (3:1, 2)? Wat het hulle egter met die voordeel gemaak (vgl. 10:3, 21)? Watter nut het ons aan die geskiedenis van die Jode se ontrouheid aan God se verbond (3:5, vgl. ook 1 Kor. 10:11)?
4. Waarom kan geen mens by God op voorkeurbehandeling kan aanspraak maak nie (3:9, 10)? Watter beskrywing van die mens se sondige natuur kry ons in 3:11-18)? Kyk in 'n Naslaanbybel of u kan vasstel waar Paulus hierdie beskrywing vandaan kry. Wat is die uiteinde van die mens se sondige natuur (3:19)?
5. Aan wie gee God dan die vryspraak tot geregtigheid (3:22)? Waarom kan ons geloof nie as eie verdienste beskou word nie (3:23,24)?
6. Op grond waarvan gee God dan aan die regverdigmaking van Christus se verlossing aan ons (3:24)? Watter plek neem die wet in die lewe van die gelowige in (3:21, 31)?

**STUDIE 3**

***Lees Romeine 4:1-5; 5:1-21.***

1. Op grond waarvan het God Abraham as regverdig gereken (4:3)? Waarom is die mens wat self sy saligheid probeer verdien, bejammerenswaardig (4:4; vgl. weer 3:10)?
2. Wat is die onmiddellike vrug van die regverdigmaking in Jesus Christus (5:1)? Waardeur verleen Christus aan ons die toegang tot God se genade (5:2)?
3. Waarin vind die verloste gelowige sy groot vreugde (5:2)? Waarom word die verloste gelowige nie swaar-moedig oor verdrukking wat nou oor hom kom nie (5:3-5)?
4. Waarom is iemand wat sy eie geregtigheid voor God probeer verwerf, in werklikheid besig om Christus se soendood te verwerp (5:7, 8)? Hoe beskryf die apostel God se onbegryplike liefde vir ons in 5:8? Hoe het Christus ons deur sy dood met God versoen (5:10; vgl. ook Ef. 2:16 en Heb. 9:26)? Hoe het Christus ons deur sy lewe gered (5:10; vgl. Rom. 8:34)?
5. In watter opsig was Adam 'n voorbeeld van Christus (5:14, 15)? Watter opvallende verskille is daar egter tussen Adam en Christus (5:15, 16, 17)?
6. As geen mens dan deur eie wetsgehoorsaamheid die vryspraak tot geregtigheid voor God kan verwerf nie, hoe ontvang ons dit dan wel (5:19)? Hoe bring die wet ons dan tot 'n beter besef van ons eie misdade (5:20; vgl. ook Gal. 3:24)?

**STUDIE 4**

***Lees Romeine 6:1-15; 7:7-26.***

1. Waarom is God se genade nie 'n vrypas om maar met die sonde aan te hou nie (6:1, 2)? Wat beteken dit om in Christus se dood gedoop te wees (6:3; vgl. 6:5)? Watter ooreenkoms is daar tussen die doop en Christus se begrafnis en opstanding (6:4; vgl. Kol. 2:12)?
2. Watter deel van ons is saam met Christus dood en begrawe (6:10, 11)? Noem twee dinge waarvan Christus se dood en opstanding ons vrygemaak het (6:14). Waarom is vryheid in Christus dan nie 'n vryheid om te doen net wat ons wil nie (6:13-15)?
3. Van watter nut, sê Paulus in 7:7, 8, is die wet vir die gelowige? Hoe was die wet (gebod) van die Here bedoel om lewe te bring (7:10; vgl. 10:5)? Waarom het die wet dan geblyk om die dood te bring (7:10; vgl. 3:12; Gal. 3:10)?
4. Hoe word die swakheid van die sondaarmens in 7:15, 19 beskrywe? Onder watter wet stel die sonde 'n mens (7:21)? Watter innerlike stryd voer die gelowige sy lewe lank (7:23)? Wie gee vir ons die verlossing in hierdie stryd (7:24, 25)?

**STUDIE 5**

***Lees Romeine 8.***

1. Wie maak ons vry van die oorheersing van die sonde wat lei tot die dood (8:2)? Wat maak die wet kragteloos as manier om verlos te word (8:3)? Wie het die oordeel oor ons sondige wetsongehoorsaamheid gedra (8:3, 4)? Hoe is die regseis van God se wet vir ons vervul (8:3, 4)?
2. Maak 'n lys van die aantal teenstellings tussen die vlees (sondige natuur) en die Gees in 8:5-8. Watter ander Naam vir die Gees van God vind u in 8:9? Wat leer ons uit 8:9 oor die verhouding tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees (vgl. art. 23 van die Geloofsbelydenis van Athanasius).
3. Deur Wie is Jesus Christus uit die dood opgewek (8:11; vgl. weer 1:4)? Deur Wie sal ons liggame eendag in die opstanding opgewek word (8:11)? Watter treffende teenstelling tussen lewe en dood word in 8:13 gemaak?
4. Hoe maak God ons sy kinders (8:14, 15)? Hoe getuig die Gees dat ons kinders van God is

(8:15, 16)? Watter wonderlike voorregte ontvang ons deurdat God ons sy kinders maak (8:17)?

5. Wie almal "sug" saam oor die verganklikheid van alle dinge (8:22, 23, 26)? In watter opsig kom die Gees ons swakheid te hulp (8:26)? Hoe en waar tree die Gees vir ons by die Vader in (8:26, 27)? Hoe en waar tree Christus vir ons by die Vader in (8:34)?
6. Beskryf die heilsordelike weg wat God in die verheerliking van sy kinders volg, volgens 8:30. Voorsien die antwoorde op die volgende onbeantwoorde vrae van die oorwinningslied van 8:31-39: Wie wil beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God (8:33)? Wie probeer ons veroordeel (8:34)? Wie probeer ons van die liefde van Christus skei (8:35)? Waarom kan hy nie in een van sy pogings slaag nie (8:31-39)?

**STUDIE 6**

***Lees Romeine 11.***

1. Het God die volk Israel verstoot (11:2)? Waaraan weet ons dit (11:5)? Op watter gronde het God die uitverkorenes (ook dié in Israel ) bewaar (11:6)? Waarom is die oorgrote meerderheid van Israel dan die verlossing van die Messias (op wie hulle soveel eeue gewag het) kwyt (11:8)? Wie ontvang die verlossing van die Messias dan wel (11:7)?
2. Hoe het God die val van Israel gebruik om sy raadsplan te laat ontvou (11:11)? Hoe gebruik God die heidene om sy uitverkorenes in Israel tot geloof te laat kom (11:11-14)? Wat word bedoel met die volheid (volle getal) van Israel (11:12; vgl. 11:5, 14)?
3. Met watter beeld verduidelik Paulus die verhouding tussen die Godsvolk van die ou verbond en die gelowiges van die Nuwe Testament (11:16-24)? Wie in hierdie beeld is die wortel (11:16, 18)? En wie is die natuurlike takke wat afgebreek is (11:17, 21)? En wie is die takke van die wilde olyfboom wat in die mak olyfboom ingeënt is (11:17)? Wie is die takke van die mak olyfboom wat weer ingeënt word (11:23, 24)?
4. Kan u in u eie woorde vanuit die beeldspraak van 11:16-24 verduidelik wat die verhouding tussen die Godsvolk van die Ou Testament en die Nuwe-Testamentiese kerk is? Uit wie bestaan die "hele Israel " (11:26) dan? Waarom het God toegelaat dat Israel , wat tog sy verbondsvolk was, in ongehoorsaamheid verval (11:30-32)?

**STUDIE 7**

***Lees Romeine 12 en 13.***

1. Waaruit bestaan die redelike (wesentlike) godsdiens van die wat in Christus verlos is (12:1)? Waarom dink u vra God 'n *lewende* offer (12:1)? In watter opsig moet die offer *heilig wees* (12:1, 2)? Op watter manier is die offer aan God welgevallig (12:1, 2)?
2. Waaraan moet ons elkeen die plek wat God ons in sy kerk gee, leer ken (12:3, 4)? Kyk of u die genadegawes in 12:7, 8 in verband kan bring met die dienswerk wat in die kerk verrig word.
3. Watter optrede van die gelowiges onderling is vir God welgevallig (12:10, 13, 15, 16)? Hoe verwag Hy moet ons teenoor ons vyande optree (12:14, 17, 19, 20)? Wat beteken die uitdrukking om "vurige kole op iemand se hoof op te hoop" (12:20; vgl. die '83-vert.)? Hoe kan ons die kwaad oorwin (12:21)?
4. Wie verleen aan die owerhede hulle mag oor ons (13:1)? Waarom mag ons ons dan nie teen owerhede versit nie (13:2)? Watter taak het God elke owerheid opgelê (13:3, 4)? Watter mag het Hy aan owerhede verleen om hulle taak effektief uit te voer (13:4)? Waarvoor mag owerhede belastings van hulle onderdane eis (13:6; vgl. 1 Tim. 2:2)? Aan wie kom die hoogste vrees en eer toe (13:7)?
5. Watter deel van God se Gebooie word in die gebod van naasteliefde saamgevat (13:9)? Uit watter slaap moet ons wakker word (13:11; vgl. Matt. 26:41)? Wat bedoel die apostel in 13:12 met "dit is amper dag" (vgl. 1 Tess. 4:15 - 5:4)?

***FILEMON EN EFESIËRS: Briewe uit gevangenskap***

Toe Paulus aan die einde van sy derde sendingreis in Jerusalem aankom, is hy gearresteer en as gevangene Rome toe geneem. Daarvan lees ons in die laaste hoofstukke van die boek Handelinge. Ook dat hy, in Rome aangekom, as gevangene "twee volle jare in sy eie gehuurde huis gebly en almal ontvang het wat na hom gekom het" (28:30).

**Vier briewe uit gevangenskap**

Gedurende die twee jaar het die apostel ook 'n hele paar briewe geskryf en aan die gelowiges gestuur. In die Bybel het ons nie minder nie as vier briewe wat hy uit gevangenskap geskryf het. Dit was die briewe aan Filemon, die Efesiërs, die Kolossense en die Filippense.

Dit is moontlik dat Paulus in dié tyd nog meer briewe geskryf het, maar dat slegs die vier bogenoemde briewe in die Bybel opgeneem is. Daar is egter 'n baie praktiese verklaring waarom hy nie meer briewe geskryf het nie. Omdat daar destyds nie 'n posdiens soos vandag bestaan het nie, is briewe gewoonlik per hand afgelewer. Paulus kon dus briewe aan verafgeleë gemeentes skryf slegs wanneer iemand wat hy geken het in daardie rigting gereis het. Sulke geleenthede was uiteraard nie volop nie.

Drie briewe saam afgestuur

Dit blyk byvoorbeeld dat die briewe aan die Efesiërs, die Kolossense en aan Filemon almal deur dieselfde persoon, ene Tigikus, afgelewer is (Ef. 6:21; Kol. 4:7-9; Filem. 1:10). Hoe dit gebeur het, was waarskynlik soos volg:

* Een van die gelowiges in Kolosse, genaamd Filemon, het 'n slaaf gehad met die naam Onesimus. Hierdie Onesimus het blykbaar vir Filemon skade berokken (Filem. 1:18) en toe uit Kolosse na Rome gevlug ("alle paaie lei na Rome"!). Daar in Rome het hy Paulus ontmoet en tot bekering gekom (1:10). Paulus het die bekeerde Onesimus onder geleide van ene Tigikus na Kolosse te ruggestuur (Kol. 4:7-9). Tigikus het die wegloperslaaf aan Filemon terugbesorg (Filem. 1:11) saam met 'n begeleidende brief van Paulus waarin hy by Filemon vir Onesimus voorspraak doen. Die brief aan Filemon is dus 'n baie persoonlike brief .
* Maar hiermee het Paulus tegelykertyd die geleentheid gehad om 'n brief aan die hele gemeente in Kolosse te besorg. Daarom het hy die Kolossensebrief laat skrywe en ook deur Tigikus laat aflewer (Kol. 4:7, 8).
* Om in Kolosse te kom, sou Tigikus en Onesimus per skip tot in die hawestad Efese moes reis, en daarvandaan oor land verder tot in Kolosse (vgl. 'n Bybelkaart van Klein-Asië). Dit het Paulus die geleentheid gebied om nog 'n brief te laat aflewer: aan die gemeente in Efese. Hy het dus ook die Efesiërbrief geskryf, wat Tigikus by sy aankoms in die hawestad kon afgee.

Drie briewe, gestuur met een geleentheid. Presies in watter volgorde Paulus hierdie drie briewe geskrywe het, weet ons nie. Dit is egter duidelik dat die apostel die briewe aan die Efesiërs en die Kolossense in ongeveer dieselfde tyd geskryf het. Die twee briewe kom immers soveel met mekaar ooreen dat hulle vandag bekend staan as die "tweelingbriewe". Enkele opvallende ooreenkomste is die volgende:

* Efesiërs 1:15-17 en Kolossense 1:9 - Paulus se gebed vir wysheid en kennis.
* Efesiërs 1:20-23 en Kolossense 1:15-20 - Christus se Hoofskap.
* Efesiërs 5:15-20 en Kolossense3:16-17; 4:5,6 - Psalms en lofsange tot eer van die Here.
* Efesiërs 5:22 - 6:9 en Kolossense 3:18 -4:1 - Reëls (tafels) vir die huisgesin.

U sal nog baie ander ooreenkomste kan raaksien.
In vandeesweek se Bybelstudie het ons net genoeg ruimte om aandag te gee aan die briewe aan Filemon en aan die gemeente in Efese. Volgende keer sal ons DV die Kolossense- en die Filippensebriewe onder oë neem.

**Filemon: die allesoortreffende broederband in Christus**

Hoewel die brief aan Filemon Paulus se kortste (en persoonlikste!) brief is, het dit tog 'n baie besondere plek in die Bybel. Daarin word ons geleer dat gelowiges in Christus in 'n verhouding tot

mekaar gestel word wat alle ander verhoudinge tussen mense oorheers, selfs die baas-slaaf-verhouding wat daar tussen Filemon en Onesimus bestaan het. Paulus hef nie die baas-slaaf-verhouding op nie, maar wys hulle op 'n nuwe en groter verhouding wat hulle nou in Christus ontvang het, naamlik dié van broeders in die geloof (vgl. 1:15-16).

**Efesiërs: Christus is Hoof oor alle dinge, ook van die kerk**

Aangesien Efese 'n streeksentrum was, het Paulus die brief aan hulle waarskynlik as 'n omsendbrief aan die omliggende kerke bedoel. Daarom het dit, in teenstelling met die brief aan Filemon, 'n meer algemene strekking. Nogtans is dit een van Paulus se aangrypendste briewe wat waarskynlik meer as enige van sy ander geskrifte gelees word.

Die sentrale openbaring van die brief vind ons waarskynlik in 1:21 -23, waarin Christus as Hoof oor alle dinge verkondig word. Hy is veral Hoof van die kerk, en die kerk is sy liggaam (1:23).

- Hoe het die kerk sy liggaam geword? God het die mense daartoe uitverkies (2:1-10). Veral 1:3-14 bied een van die belangrikste en duidelikste uiteensettings van die leer van God se genadige uitverkiesing.
- Omdat die kerk die liggaam van Christus is, is hulle geroepe om in Hom één te wees (2:11-22; 4:1-16) en om heilig te wees soos hulle Hoof heilig is (4:12 - 5:21).
- Boonop het Christus se Hoofskap direkte implikasies vir die verskillende verhoudings in die huisgesin. Die sogenaamde huistafels (= reëls vir die huis) in 5:22 - 6:9 spel hierdie verhoudings baie direk en duidelik uit.

**Sewe Bybelstudiestukke**

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees die brief aan Filemon.***

1. In watter omstandighede het Paulus hom bevind toe hy die brief geskryf het (1:1)? Wie het met Paulus meegewerk (waarskynlik as sekretaris) om die brief te skryf (1:1)7 Aan wie, benewens Filemon, is die brief ook geadresseer (1:2)7 Watter gemeente het waarskynlik in Filemon se huis bymekaargekom (1:2; vgl. ook Kol. 4:17)?
2. Waarom dink u sou Paulus aan Filemon opdragte kon gee (1:8)? Waarom doen hy eerder 'n pleidooi op grond van die liefde (1:8; vgl. 1:7)7 Vir wie lewer Paulus 'n pleidooi by Filemon (1:10)? Waarom noem Paulus hom sy "kind" (1:10)? Waarom wou Paulus Onesimus by hom gehou het (1:13)7 Waarom het hy hom op die ou einde nie by hom gehou nie (1:14)?
3. Met watter doel, sê Paulus, is Onesimus waarskynlik 'n kort tydjie van Filemon geskei (1:15, 16)? Wat leer ons uit hierdie woorde oor die voorsienigheid van God (vgl. Kategismus V/A 27; Matt. 10:29 en Rom. 8:28)?
4. In watter dubbele verhouding staan Filemon nou tot Onesimus (1:16)? Waarvoor pleit Paulus by Filemon vir Onesimus (1:17)? Watter onderneming gee Paulus teenoor Filemon vir die skade wat Onesimus hom berokken het (1:18, 19)?
5. Watter verwagting koester Paulus ten opsigte van die uitkoms van die verhoor wat vir hom daar in Rome voorlê (1:22)7 Vergelyk die broeders van wie Paulus groete stuur in 1:23, 24 met dié in Kolossense 4:10-14. Wat kan ons hieruit aflei oor die skrywe van hierdie twee briewe?

**STUDIE 2**

***Lees Efesiërs 1.***

1. Watter van die seëninge waarmee God ons seën (1:3) word deur Paulus in 1:4 uitgesonder? In wie het God ons uitverkies (1:4)7 Wanneer en waartoe het Hy ons uitverkies (1:4)? Hoe het hy sy uitverkiesing vir ons in werking gestel (1:5)? Op grond waarvan het Hy ons uitverkies (1:5)? Met watter doel het Hy ons uitverkies (1:6)7
2. Watter verlossing het God vir sy uitverkorenes bestem (1:7)? Op grond waarvan het Hy dit vir ons bestem (1:7)7 Watter "verborgenheid van sy wil" (1:9) het Hy aan sy uitverkorenes bekend gemaak (1:10)? Oor wie almal strek Christus se Hoofskap (1:10)?
3. Watter erfdeel (1:11) het God vir sy uitverkorenes verordineer (1:14)7 Langs watter weg het Hy die erfdeel aan ons gegee (1:13)?

**STUDIE 3**

***Lees Efesiërs 2.***

1. In watter opsig was alle mense, ook die uitverkorenes, vantevore "dood" (2:1)? In navolging waarvan het ons lewenswandel voorheen gestaan (2:1)? Wie is die "owerste van die mag van die lug" (2:2; vgl. Joh. 12:31)? In watter opsig is daar eenheid en gelykheid tussen die uitverkorenes van God en die goddelose mense (2:3)?
2. Wie het ons uit hierdie geestelike dood gered en ons lewend gemaak (2:4-6)? Op grond waarvan het Hy dit gedoen (2:4, 5)? Met watter doel het Hy dit gedoen (2:7)? Langs watter weg het Hy ons gered (2:8)? Waarom kan ons nie in ons goeie werke roem asof dit ons voor God verdienstelik sou maak nie (2:9, 10)?
3. Van watter voorregte wat die besnedenes ontvang het, was die onbesnedenes (= die heidene) sonder Christus uitgesluit (2:11, 12)? Waardeur het Christus hierdie voorregte ook na die onbesnedes toe gebring (2:13)?
4. Watter "middelmuur van skeiding" wat die Jode tussen hulle en die nie-Jode opgerig het, het Christus afgebreek (2:14, 15)? Beteken dit dat Hy die wet van God vernietig het (vgl. Matt. 5:17)?
5. Waarmee vergelyk Paulus die kerk in 2:21? Op watter fondament is dit gebou (2:20)? Hoe stem hierdie fondament ooreen met dié in Matteus 6:6-18 en 1 Korintiërs 3:11? Op watter hoeksteen staan hierdie gebou (2:21)? Wie woon in die gebou (2:22)?

**STUDIE 4**

***Lees Efesiërs 3.***

1. Watter besondere taak het Paulus as apostel van God ontvang (3:2)? Watter verborgenheid (3:3) het God aan die apostels bekend gemaak (3:6)? Hoe het Hy hierdie verborgenheid aan Paulus bekend gemaak (3:3)? Hoe maak Hy dit aan sy kerk bekend (3:4)?
2. Waarom noem Paulus homself "die geringste van alle gelowiges" (3:8; vgl. 1 Kor. 15:9)? Watter evangelie moes Paulus aan die heidene verkondig (3:8, 9)? Wie moet (na die heengaan van die apostels) hierdie evangelie aan die heidene verkondig (3:10)?
3. Noem drie dinge wat Paulus op sy knieë voor die Vader (3:14) vir die Efesiërs afsmeek (vgl. 3:16-19).
4. Hoe gee God innerlike krag aan die gelowiges (3:16)? Hoe woon Christus in die harte van die gelowiges (3:17)? Waarvan moet die gelowiges die "breedte en lengte en diepte en hoogte" ten volle begryp(3:18; vgl. 3:19)?

**STUDIE 5**

***Lees Efesiërs 4.***

1. Waartoe vermaan die apostel die kerk in 4:1? Hoe moet die kerk die eenheid van die Gees bewaar (4:3)? Waarin bestaan die eenheid van die kerk (4:4-6)? Watter verskeidenheid gee God te midde van die eenheid van sy kerk (4:7)?
2. Met watter dienste van Woordbediening rus Hy die gelowiges toe (4:11)? Waardeur groei die kerk tot die volgroeide liggaam var Christus (4:13)? Waarteen is die volwasse gemeente bestand (4:14)? Hoe bring Christus die verskeidenheid in die kerk tot 'n harmonieuse eenheid saam (4:16)?
3. In watter opsigte is die verstand, hart en gevoel van die goddelosemens aangetas (4:18, 19)? Hoe moet ons die "ou mens" aflê (4:22; vgl. 4:25,28,29,31)? Hoe moet ons met die "nuwe mens' beklee word (4:24; vgl. 4:25, 28, 29, 32)?
4. Wat beteken dit dat ons deur die Heilige Gees *verseël* is tot op die dag van verlossing (4:30; vgl. 1:13,14)? Hoe kan 'n mens die Heilige Gees bedroef (4:30; vgl. Heb. 10:29)?

**STUDIE 6**

***Lees Efesiërs 5.***

1. Hoe het Christus sy liefde vir ons bewys (5:2)? Hoe moet ons in ons lewenswandel wederliefde aan Hom bewys (5:1-4)? Waarom durf ons nie met 'n beroep op God se genade maar ewe rustig met ons sondes aangaan nie (5:5, 6)?
2. Wat word met "lig" en "duisternis" in 5:8-13 bedoel (vgl. Jol 8:12)? Hoe kan ons die wysheid bekom om hierdie bose dae "die tyd uit te koop" (5:15-17)? Hoe verskil die optrede van diegene wat vol wyn is van dié wat vol is van die Heilige Gees (5:18-21)?
3. Waarom moet vroue aan hulle eie mans onderdanig wees (5:22, 23)? Waarom mag die vrou se onderdanigheid nie 'n willose slaafse onderhorigheid wees nie (5:24)?
4. Waarvan moet die man se hoofskap oor sy vrou 'n uitbeelding wees (5:23)? Waarom mag die man se hoofskap nie in 'n heerssugtige tirannie oor sy vrou ontaard nie (5:25)? Wat is die verborgenheid van die huwelik (5:32) wat Paulus in 5:23,24 en 33 verkondig?

**STUDIE 7**

***Lees Efesiërs 6.***

1. Waarom moet kinders hulle ouers gehoorsaam (6:1-3)? Wat pas nie by 'n goeie opvoeding van verbondskinders nie (6:4)? Wat hoort wel daarby (6:4)?
2. Watter gesindheid behoort werknemers ten opsigte van hulle werkgewers te hê (6:5)? Waarom (6:6-8)? Watter gesindheid behoort werkgewers jeens hulle werknemers te hê (6:9)? Waarom (6:9)?
3. In wie se diens staan die magte teen wie die gelowiges in 'n worstelstryd van die geloof gewikkel is (6:11,12)? Wanneer verloor die gelowige in die stryd teen hierdie magte (6:11)?
4. Noem die drie basiese komponente van die volle wapenrusting wat God aan die gelowiges in hierdie stryd voorsien (6:14, *15).* Wat voorsien God in hierdie wapenrusting om die gelowige teen aanvalle van die vyand te beskerm (6:16, 17)? Wat is die enigste aanvalswapen wat die Gees ons in die hand gee (6:17)? Wat stel die gelowige in staat om hierdie wapenrusting volhardend te bly dra (6:18)?

***KOLOSSENSE EN FILIPPENSE: Nog briewe uit die gevangenis***

In die vorige Bybelstudie het ons gesien dat Paulus, terwyl hy 'n gevangene in Rome was, vier briewe geskryf het: aan Filemon, aan die Efesiërs, die Kolossense en die Filippense. Ons het ook gesien dat twee van hierdie briewe, Efesiërs en Filippense, soveel met mekaar ooreenkom dat hulle as "tweelingbriewe" beskryf kan word. Daarom behoort Efesiërs en Kolossense eintlik langs mekaar in vergelyking bestudeer te word. So 'n vergelyking bring egter nie net ooreenkomste na vore nie, maar ook verskille.

**Kolossense: dwaalleer afgewys**

Anders as Efesiërs, is Kolossense 'n brief wat gerig is teen spesifieke dwaalleringe in die kerk. In Kolosse het daar blykbaar 'n sektariese groep na vore getree wat die gemeente op 'n dwaalspoor wou lei. Paulus skryf dan die brief aan die gemeente om die dwalinge af te wys "sodat niemand julle met drogredes mag verlei nie" (Kol. 2:4).

Met watter "drogredes" wou hulle die gemeente verlei? Uit hoofstuk 2 van die brief is dit duidelik dat hulle die gemeente wou verlei om engele te aanbid (2:18), om die Joodse feeste te onderhou (2:16) en om soos die Jode bepaalde soorte kos en drank te vermy (2:16, 20-23).

In die brief weerlê Paulus hierdie dwaalleringe met groot krag. Die gemeente moet nie agter die leringe aanloop nie, skryf die apostel, maar moet onthou dat hulle kerk van die Here is en daarom Christus as Hoof het (2:19). Hulle moet dus aan Christus vashou (2:5, 19) en Hom alleen gehoorsaam (2:6).

Dat Christus Hoof van die kerk en van die hele skepping is, is die middelpunt van Paulus se boodskap aan die Kolossense. So ook in die Efesiërbrief. Maar in die Kolossense-brief verkondig die apostel dit op 'n baie besonderse manier. Hy doen dit naamlik in 'n lied. In Kolossense 1:15-20 vind ons 'n Christuslied wat Christus se Hoofskap oor sy kerk en oor alle dinge besing (in die 1983-vertaling word dit dan ook in die vorm van 'n lied weergegee).

Of Paulus self hierdie lied geskryf het en of dit 'n lied is wat reeds toe al in die kerke gesing is, weet ons nie. Dit maak ook nie werklik saak nie. Feit is: hier het ons 'n voorbeeld van 'n Geesgeïnspireerde lied in die Nuwe Testament wat die heerlikheid van Christus besing.

In die brief word daar, benewens Christus se Hoofskap, ook ander belangrike sake aan die orde gestel. As Hoof van die kerk herskep Christus die gelowiges om weer beelddraers van God te wees (3:9-11). Kolossense 2:11 -14 bied 'n pragtige perspektief op die verhouding tussen die besnydenis en die doop. En in 2:16-17 sien ons van watter betekenis die seremoniële wette van die Ou Testament vir die gelowiges van die Nuwe Testament is.

**Filippense: blydskap in beproewing**

'n Vierde brief wat die apostel tydens sy gevangenskap te Rome geskryf het, was gerig aan die gemeente in Filippi (Filip. 1:13). Hierdie brief is nie met dieselfde geleentheid as die ander drie afgestuur nie, omdat Filippi in 'n heel ander landstreek geleë is. Paulus het die brief ook om heeltemal ander redes geskryf, soos hieronder blyk.

Die kerk in Filippi, die eerste op Europese bodem (vgl. Hand. 16), het deurgaans 'n hegte band met die apostel gehandhaaf (Filip. 1:4,5; 4:15). Toe Paulus as gevangene in Rome beland, het hulle hom ook daar finansieel ondersteun. Een van hulle, 'n man met die naam Epafroditus, het na Rome gereis en die geld by Paulus kom afgee (4:18). By sy aankoms in Rome het Epafroditus egter ernstig siek geword, maar genadiglik weer heeltemal herstel. Paulus het toe die brief aan die gemeente geskryf -
*om hulle te bedank vir die geld wat hulle gestuur het (4:10-18);*
*om hulle in te lig oor Epafroditus se siekte en herstel (2:25-30);*
*om hulle gerus te stel oor Paulus se eie omstandighede as gevangene (1:12-26);*
*om die gemeente te vermaan om eensgesind te wees (1:27-2:2; 4:2-9);*
*om die gemeente aan te moedig tot 'n rein en onberispelike lewe (2:3-18);*
*om hulle teen dwaalleraars te waarsku (3:2-21).*

Regdeur die brief is daar egter die treffende ondertoon van blydskap (1:4, 18, 25; 2:2, 17, 18, 29; 3:1; 4:4). So groot is God se genade oor die apostel dat hy, selfs uit gevangenskap, die kerk oproep tot blydskap in die geloof . Die brief bevat ook, soos die Kolossensebrief, 'n aangrypende Christuslied (2:6-11). 'n Lied oor die heerlikheid van die Here - uit die gevangenis!

**Sewe Bybelstudiestukke**

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUD1E 1**

***Lees Kolossense 1.***

1. Waaroor is Paulus dankbaar as hy vir die Kolossense bid (1:4)? Waarop is die Kolossense se liefde gegrond (1:5)? Wat is die gevolge van hulle kennis van die waarheid (1:6)? Wie het na Paulus se vertrek die Kolossense verder in die waarheid onderrig (1:6, 7)?
2. Watter gebed bid Paulus gedurig vir die Kolossense (1:9)? Noem 3 gevolge wat voortspruit uit kennis en wysheid en insig van die geloof (1:9-12).
3. Tot watter erfdeel het God ons bekwaam gemaak (1:12)? In watter mag was ons van nature vasgevang (1:13)? Watter nuwe bestemming het God ons gegee (1:13)? Hoe het Hy dit gedoen (1:14)? 4. Watter twee titels het Christus by die skepping gedra (1:15)? Wat beteken hierdie Name (1:16, 17)? Watter twee titels het Christus by die herstel van die skepping bygekry (1:18)? Wat beteken hierdie Name (1:19)? Watter blye troos ontvang die gelowige uit hierdie titels (1:21-23)?

**STUDIE 2**

***Lees Kolossense 2.***

1. Waarom verkondig Paulus die kennis van die verborge dinge van Christus (2:2) aan die Kolossense (2:4)? Waarin is die Kolossense se geloof vasgeanker (2:5)? Met watter twee beelde verduidelik die apostel dat hulle geloof vanuit hierdie vastigheid verder toeneem (2:7)?
2. Met watter besnydenis is ons, die Nuwe-Testamentiese gelowiges, nie besny nie (1:11)? Met watter "besnydenis" is ons wel besny (2:11)? Hoe beeld die doop uit dat ons aan hierdie "besnydenis" van Christus deel het (2:12)?
3. Watter gevolge het ons sonde vir ons ingehou (2:13)? Wat word daarmee bedoel dat Christus "die skuldbrief teen ons aan die kruis vasgespyker het" (2:14)? Wat was die gevolge daarvan (2:13, 14)? Watter magte oor ons is deur Christus oorwin (2:15; vgl. 1 Kor. 15:54-57)?
4. Waarom hoef ons, die gelowiges van die Nuwe Testament, nie meer die Ou-Testamentiese bepalings oor kos en drank en feeste en die Sabbat te onderhou nie (2:16, 17; vgl. ook art. 25 van die N.G.B.)? Waarom is dit nou sonde om daardie ou voorskrifte op mense af te dwing (2:20-23)?

**STUDIE 3**

***Lees Kolossense 3:1 - 4:6.***

1. Waarop moet elke gelowige se gedagtes gerig wees (3:1,2)? Waarom (3:3)?
2. Hoe lyk die ou mens met sy werke waarvan ons ontslae moet raak (3:5, 7-9)? Waarom moet ons daarvan ontslae raak (3:6)?
3. Hoe lyk die nuwe mens waarmee ons ons moet beklee (3:12-14)? Wie se beeld neem die nuwe mens aan (3:10)? Waarom kan 'n mens net deur Christus hierdie beeld ontvang (vgl. 1:15)? Wat is kenmerkend van alles wat die nuwe mens sê en doen (3:17)?
4. Watter houding behoort 'n gelowige vrou jeens haar man te hê (3:18)? En 'n gelowige man jeens sy vrou (3:19)? Watter verhouding tussen ouers en kinders is vir die Here behaaglik (3:20, 21)?
5. Watter gesindheid behoort 'n werknemer teenoor hulle werk en hulle werknemers te hê (3:22,23)? Waarom (3:24)? Hoe behoort 'n werkgewer teenoor sy werknemer op te tree (4:1)? Waarom (4:1)?
6. Watter "verborgenheid van Christus" verkondig die apostel Paulus (4:3; vgl. 1:27; 2:2; Ef. 3:4-6)? Watter optrede en woorde pas by die wysheid wat Christene van die Gees ontvang (4:5, 6)?

**STUDIE 4**

***Lees Filippense 1.***

1. Oor watter optrede van die Filippense dank Paulus die Here gedurig (1:3-5, 7)? Vir watter groei van die Filippense se liefde bid die apostel (1:9)? Watter gevolge het sodanige liefdesgroei by gelowiges(l:10)?

2. Hoe het God Paulus se gevangenskap tot bevordering van die evangelie laat dien (1;12-14)? Watter uiteenlopende motiewe bemerk Paulus by diegene wat hom in die verkondiging van die evangelie bystaan (1:15-17)? Waaroor verbly die apostel hom, ten spyte van die verkeerde motiewe van sommige broeders (1:18)?
3. Beteken Paulus se blydskap in 1:18 dat dit maar in orde is as iemand die evangelie met verkeerde motiewe verkondig? Hoe dien 1:18 as bevestiging van die uitdrukking: "Met 'n krom stok slaan God 'n reguit hou"?
4. Wat bedoel Paulus met die woorde: "vir my is die lewe Christus" in 1:21 (vgl. 1:22)? In watter opsig is die sterwe vir hom wins (1:21; vgl. 1:23)? Waarom vind die apostel dit moeilik om tussen die twee te kies (1:23,24)? Wat word ons in 1:21-24 oor die gelowige se roeping en sy troos in lewe en sterwe geleer?
5. Waarom is dit belangrik vir gelowiges om vas te staan in dieselfde geloof(l:27; vgl. 1:28)? Waarom dink u is die standvastigheid van die gelowiges vir hulle teenstanders 'n teken van hulle ondergang (1:28; vgl. Ps. 138:8; Matt. 16:18)? Hoe is dit vir die gelowiges 'n teken van redding (1:28; vgl. 1:29)?

**STUDIE 5**

***Lees Filippense 2.***

1. Watter gesindheid behoort gelowiges onder mekaar te hê (2:3, 4)? Waarom was dit vir Christus alreeds 'n vernedering om mens te word (2:5, 6)? Hoe het Christus Homself nog verder as die mens verneder (2:8)?
2. Hoe is Christus na sy vernedering deur God verhoog (2:9; vgl. Rom. 1:4; Hand. 2:34, 35)? Hoe word die heerlikheid van die verhoogde Christus erken (Filip. 2:10, 11)?
3. Hoe moet die gelowige sy heil (d.w.s. die verlossing wat hy in Christus ontvang het) uitleef (uitwerk; 2:12)? Waarom mag ons onsself nie oor ons goeie werke en goeie wil prys nie (2:13)? Watter gesindheid vra God in ons gehoorsaamheid aan Hom (2:14)? Waarom (2:15)?
4. Verwag die apostel om weer uit sy gevangenskap vrygelaat te word (2:24)? Watter reëlings tref hy intussen om kontak met die Filippense te behou (2:19, 23)? Waarom stuur Paulus ook vir Epafroditus na die Filippense toe terug (2:26)?

**STUDIE 6**

***Lees Filippense 3.***

Watter boodskap skryf Paulus (welbewustelik) oor en oor in hierdie brief aan die Filippense in (3:1)? Toon 3 ander plekke in die brief aan waar dieselfde boodskap voorkom.

1. Met watter beskrywings wys Paulus die dwaalleraars af wat verkondig dat ons saligheid in die besnydenis te vind is (3:2)? Wat bedoel Paulus as hy sê dat ons die besnydenis is (3:3; vgl. Kol. 2:11)?
2. Watter dinge uit Paulus se verlede sou hom in die oë van die Joodse dwaalleraars baie verdienstelik voor God maak (3:5-6)? In watter opsig is hierdie dinge vir Paulus geheel en al waardeloos (3:7; vgl. 3:8-9)? Beteken dit dat Paulus sy eie afkoms heeltemal verwerp (vgl. Rom. 9:1-3; 11:1)?
3. In wie vind die apostel sy regverdigmaking voor God (3:9)? Hoe word ons in Hom regverdig gemaak (3:10)? Wat is die uiteinde van die wat Hy regverdig maak (3:11)? En die uiteinde van hulle wat die Regverdigmaker teenstaan (3:18, 19)?
4. Van wie gaan ons verlossing in die eerste plek uit: van onsself of van Christus (3:12)? Vir watter permanente woonplek is die gelowiges bestem (3:20)? Is net ons siele vir die hemel bestem (3:21)? Hoe sal ons by die wederkoms deur Christus verander word (3:21)?

***STUDIE 7***

***Lees Filippense 4.***

1. Noem die name van twee vroulike gemeentelede in Filippi wat in 'n stryery betrokke was (4:2). Waarin moet die gelowiges hulle blydskap vind (4:4)? Hoe moet die buitewêreld hulle geloofsblydskap raaksien (4:5)? Waarom kan gelowiges altyd bly wees (4:5)?
2. Hoe kan die sorge van ons lewe in gemoedsrus en vrede verander word (4:6, 7)? Waarom gaan die vrede van God alle menslike verstand te bowe (4:7; vgl. Joh. 14:27)? Watter "resep" vir 'n lewe van geloofsblydskap gee die apostel in 4:8, 9?
3. Watter lewenskuns het Paulus bemeester wat hom daarvan weerhou om te kla (4:11)? Watter geloofsperspektief het hy in gebrek en in oorvloed aangeleer (4:12, 13)?
4. Hoe het die gemeente in Filippi Paulus tydens sy sendingreise ondersteun (4:15, 16)? Op watter besondere manier bedank Paulus hulle vir die geld wat hulle met Epafroditus vir hom aangestuur

het (4:18)? Hoe kom Paulus se bedanking aan die Filippense ooreen met sy woorde in 2 Korintiërs 9:11-13?

***1 en 2 TIMOTEUS en TITUS - Van 'n herder aan 'n herder***

Na twee jaar van gevangenskap in Rome (Hand. 28:30), is die apostel Paulus blykbaar weer vrygelaat (vgl. 1 Tim. 3:14 - ± 62 n.C.). Nou was daar vir hom geleentheid om weer met sy sendingwerk op reis te gaan. Waar hy orals heen gereis het, weet ons nie, want dit word nêrens in die Bybel beskryf nie[3]. Volgens 'n ou tradisie het hy, soos hy hom reeds voor sy gevangeneming voorgeneem het, tot in Spanje gereis (vgl. Rom. 15:23,24). Of dit wel gebeur het, weet ons nie.

Wat ons wel weet, is dat Paulus, noudat hy weer op vrye voet was, nog twee briewe geskryf het, wat in die Bybel opgeneem is, naamlik 1 Timoteus en Titus. Die eerste Timoteus-brief skryf hy waarskynlik êrens vanuit Masedonië (1 Tim. 1:3), en die brief aan Titus wanneer hy by geleentheid in Nikopolis oorwinter (Titus 3:12). Hierdie twee briewe is dus ongeveer tussen 62 en 64 n.C. geskrywe.

Paulus is egter daarna weer gevange geneem, want wanneer hy 'n tweede brief aan Timoteus skrywe, is hy duidelik weer in die gevangenis, weer in Rome (2 Tim. 2:9). By die skrywe van hierdie brief weet hy dat sy einde op hande is (2 Tim. 4:6-8). Ons kan 2 Timoteus dus dateer tussen 64 en 65 n.C., laasgenoemde die jaar waarin Paulus in Rome tereggestel is.

**Pastorale briewe**

Die twee briewe aan Timoteus en die een aan Titus vorm 'n afsonderlike briefgroep, wat bekend staan as die "pastorale" of "herderlike" briewe. Daarmee word gesê dat die apostel hierdie briewe aan jong herders van twee jong gemeentes skrywe waarin hy herderlike advies aan hulle gee. Veral wek hy hulle op tot getroue en effektiewe herderlike versorging van die gemeentes waarin hulle dien. So sorg die hemelse Herder, Jesus Christus, dat daar vir sy kudde gesorg word.

**1 Timoteus: hoe om 'n goeie dienaar te wees**

Uit die eerste brief aan Timoteus is dit duidelik dat Paulus Timoteus in Efese agtergelaat het om voortaan alleen die gemeente te bearbei (1:3). In sy brief dra die apostel die taak nou finaal aan Timoteus oor (1:18) en adviseer die jong herder hoe om 'n goeie dienaar van Christus te wees (3:15; 4:6).

Benewens waarskuwings teen verdraaiings van die evangelie (hoofstuk 1), gee hy aan Timoteus herderlike advies oor:

- die gebed in die gemeente (2:1 -8);
- die plek van die vrou in die gemeente (2:9-15);
- die vereistes vir ouderlinge en diakens (hoofstuk 3);
- die taak van die prediking (hoofstuk 4);
- die versorging van bejaardes en weduwees (5:1-16); en
- die tug in die gemeente (5:17-6:10).

Hierdie brief gee waardevolle inligting oor hoe Christus wil hê dat sy kerk regeer moet word. Dit leer ons van die taak van en vereistes vir die ampte van Woordbedienaar, ouderlinge en diakens. Veral die leertaak van Woordbedienaars is sterk in die kollig.

**Titus: die herderlike opdrag**

Paulus het Titus in Kreta agtergelaat om die gemeente daar te bearbei (1:5). In sy brief aan Titus gee hy aan hom opdragte oor wat sy taak as herder en leraar in die gemeente behels. Hy moet:

- sorg dat bekwame persone as ouderlinge aangestel word (1:5-9);
- dwalinge weerlê (1:10-16);
- herderlik omsien na verskillende soorte lidmate (2:1-10);
- die gemeente opskerp tot 'n Christelike lewe (2:11 - 3:8); en
- toesien dat tug in die gemeente plaasvind (3:9-11).

Soos die eerste Timoteus-brief, gee ook die brief aan Titus belangrike inligting oor die vereistes vir en taak van die dienaars in die kerk. Dit lê veral klem op die belang van persoonlike pastorale versorging van verskillende mense in die gemeente.

[3] Die boek Handelinge eindig by Paulus se gevangenskap in Rome.

**2 Timoteus: bemoediging vanuit die dodesel**

Paulus skryf hierdie tweede brief aan Timoteus wanneer hy weer as gevangene terug is in Rome. Hy weet dat sy dood op hande is (4:6) en wil met hierdie brief vir oulaas die jong herder van Efese bemoedig vir sy moeilike taak. Hierdie brief is die laaste uit die pen van Paulus voor sy teregstelling (± 65 n.C.) en kan daarom beskou word as die geestelike testament van die apostel aan die kerk van Christus.

Vir oulaas bemoedig hy die herder en leraar van die gemeente om in sy persoonlike geloofslewe te volhard (hoofstuk 1) en om in die pastorale bediening te volhard (2:1- 4:5). In die laaste deel van die brief (4:6-18) kyk hy met dankbaarheid terug op sy eie dienswerk as apostel, met die besef dat dit deur God se genade tot voltooiing gekom het. Met sy tyd op aarde uitgeloop, wag vir hom nou die heerlike oorwinning in Jesus Christus, 'n Oorwinningslied uit die dodesel!

**Sewe Bybelstudiestukke**

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees 1 Timoteus 1.***

1. Wat is die apostel Paulus se opdrag aan Timoteus in Efese (1:3)? Met watter soort fabels (1:4) het die valse leraars die gesonde leer vervang (vgl. Titus 1:14; 2 Pet. 1:16)? Met watter geslagsregisters (1:4) het hulle hulle besig gehou (vgl. Filip. 3:2-7)? Waarop loop al sulke bedrywighede uit (1:4)?
2. Waarin verval mense wat van die liefde en die geloof wegdwaal (1:5,6)? Watter dinge van die wet het die dwaalleraars in Efese nie verstaan nie( 1:7; vgl. 1:8-11)?
3. Van wie het Paulus sy bediening as apostel ontvang (1:12)? Waarom is Paulus daarvan oortuig dat hy nie in homself waardig genoeg was om apostel te wees nie (1:13)?
4. Watter betroubare woord het Paulus in sy dienswerk as apostel aan die mense verkondig (1:15)? Waarom behoort 'n predikant in sy bekeringsroep tot die gemeente homself nie uit te sluit nie (1:15)?
5. Watter boodskap vertrou Paulus aan Timoteus toe om te verkondig (1:18; vgl. 1:15)? Wat sou dit beteken dat Paulus Himeneus en Aleksander "aan die Satan oorgegee het" (1:20; vgl. Matt. 18:15-18)?

**STUDIE 2**

***Lees 1 Timoteus 2 en 3.***

1. Watter verskillende gebede moet ons vir owerhede bid (2:1)? Waarom het God owerhede daargestel (2:2; vgl. ook Rom. 13:4)? Wat behoort ons dus ten opsigte van die owerhede te bid (2:2)? Waarom is 'n owerheid wat vir 'n rustige en stil lewe sorg, goed vir die uitbreiding van die evangelie (2:3, 4)?
2. Wie is die enigste Middelaar deur wie ons tot God in gebed mag nader (2:5)? Waarom kan Hy as Middelaar vir ons optree (2:6)? Moet ons uit 2:8 aflei dat ons by ons gebede werklik ons hande na God moet ophef (vgl. Ps. 24:4; Ps. 123:2)?
3. Is dit maar net Paulus self wat nie vroue wou toelaat om in die kerk onderrig te gee (te preek) nie (2:12), of is dit 'n opdrag van die Here (vgl. 1 Kor. 14:37)? Waarom sluit dit nie uit dat vroue wel katkisasie en onderwys mag gee nie (2:11, 12)? Waarop grond Paulus die verbod (2:13,14)? Sê hy in 2:14 dat Adam nie gesondig het nie, of dat Adam by die sondeval die vrou se leiding gevolg het (2:14)?
4. Waarom moet 'n ouderling sy eie huis goed kan regeer (3:5)? Waarom is 'n nuweling in die geloof nie geskik vir ouderling nie (3:6)? Waarom moet hy 'n goeie naam in die samelewing hê (3:7)?
5. Aan watter vereistes moet 'n diaken voldoen in sy persoonlike lewe (3:8), sy leer (3:9) en sy huislike lewe (3:12)? Waarom moet elkeen in die gemeente weet hoe om hom te gedra (3:15)? Watter groot verborgenheid van ons saligheid het God geopenbaar (3:16)?

**STUDIE 3**

***Lees 1 Timoteus 4 en 5:1-8.***

1. Waarom sal sommige mense van die geloof afvallig word (4:1,2)? Agter watter dwaalleringe sal hulle aanloop (4:3)? Watter antwoord moet Timoteus op hierdie dwaalleer gee (4:4-5)?
2. Waarmee moet 'n goeie dienaar van Christus die kerk en homself voed (4:6)? Wat is van groter

waarde as liggaamlike oefening (4:8)? Waarom (4:8)?

3. Watter opdrag kry die herder en leraar van die gemeente (4:11, 13)? Oor watter genadegawe moet die Woordbedienaar beskik (4:14)? Watter eienskappe het 'n goeie herder en leraar van die gemeente nodig (4:15, 16)?
4. Waarom dink u behoort almal in die gemeente nie op dieselfde manier vermaan te word nie (5:1,2)? Watter geestelike versorging is nodig vir spesifiek die weduwees in die gemeente (5:3-8)?

**STUDIE 4**

***Lees 1 Timoteus 5:17 - 6:21.***

1. Watter twee soorte ouderlinge word in 5:17 onderskei? Waarom moet aan ouderlinge dubbele eer toekom (5:18, 19)? Hoe moet met ouderlinge se sonde gehandel word (5:20)? Watter motiewe mag daar nie by 'n kerkraad wees nie (5:21)?
2. Watter raad gee Paulus aan Timoteus vir sy herhaalde ongesteldhede (5:23)?
3. Hoe verander die geloof die verhouding tussen werker en werkgewer radikaal (6:1, 2)? Hoe verander dit die verhouding nie (6:1, 2)?
4. Wat gebeur in 'n kerkraad waar van die gesonde woorde van die Here afgewyk word (6:3-5)?
5. Waarom moet 'n mens vergenoegd (tevrede) wees met wat hy het (6:6-8)? Wat is die ellendige gevolge van geldgierigheid(6.9-10)? Wat behoort die herder en leraar eerder na te jaag (6:11, 12)? Wat moet hy aan die rykes leer (6:17-19)?

**STUDIE 5**

***Lees Titus 1:5 - 2:15.***

1. Waarom het Paulus vir Titus in Kreta agtergelaat (1:5)? Waarom moet 'n ouderling vashou aan die betroubare woord (1:9)? Wat moet ouderlinge doen met mense wat die gelowiges wil verlei (1:10, 11)?
2. Waarom moet Titus veral die Kretensiese dwaalleraars bestraf (1:12-14)? Waaraan kan hierdie dwaalleraars uitgeken word (1:16)? Watter antwoord moet Titus op hulle dwaalleer gee (1:15)?
3. Watter vermaning pas by die ou manne in die gemeente (2:2)? En by die ou vroue (2:3)? Hoe moet die jong vroue wees (2:4, 5)? En die jong manne (2:6)? Watter houding en optrede pas by gelowige arbeiders (2:9, 10)?
4. Wat is die reddende genade van God wat aan alle mense verskyn het (2:11)? Watter lewenswyse pas by elkeen wat die reddende genade ontvang het (2:12)? Waarop hoop elkeen wat die reddende genade ontvang het (2:13)? Waaraan hou elkeen vas wat hierdie genade ontvang het (2:14)?

**STUDIE 6**

***Lees 2 Timoteus 1:3-7; 2:1-13; 3:1-9.***

1. Waarom dink Paulus met soveel verlange en mooi herinneringe aan Timoteus terug (1:3, 4)? Langs watter weg het God die opregte geloof aan Timoteus gegee (1:5)? Wat leer ons hieruit oor die verbondsonderrig van ouers?
2. Wat moet Timoteus met die boodskap van genade wat hy ontvang het, doen (2:1, 2)? Met watter twee beelde verduidelik Paulus aan Timoteus dat 'n Woordbedienaar nie 'n ander beroep behoort te volg nie (2:3-6)?
3. Kan die Woord van God gebind word deur sy diensknegte in die gevangenes te sit (2:9)? Watter betroubare sekerheid dra die gelowige met hom saam (2:11-13)?
4. Watter swaar tye sal die kerk in die laaste dae beleef (3:1-5)? Sien u iets van hierdie optrede in ons eie samelewing? Wat moet die gelowige se antwoord wees op sulke optrede (3:5)? Watter waarskuwing moet ons na sulke goddelose mens laat uitgaan (3:8, 9)?

**STUDIE 7**

***Lees 2 Timoteus 3:10 - 4:22.***

1. Waarom kan die kerk toenemende vervolging na die einde toe verwag (3:10-13)? Waarby moet die gelowige bly vasstaan (3:14)? Waarom kan ons verseker wees van die leer wat ons ontvang het (3:14, 15)?
2. Waartoe is die heilige Skrifte vir ons nodig (3:15)? Waarom spreek die hele Skrif met gesag tot ons (3: 16)? Waarvoor is die Skrif vir ons nuttig (3:16)? Wat is die gevolg vir elkeen wat na die Skrif luister (3:17)?
3. Waarom is mense geneig om eerder na dwaalleer as na die waarheid van die gesonde leer te luister (4:3, 4)? Wat moet die Woordbedienaar doen om dit teen te werk (4:2, 5)?

4. Hoe weet ons dat Paulus by die skrywe van hierdie brief weet besef dat sy dood op hande is (4:6)? Watter getuienis gee Paulus in terugskouing op sy lewe as apostel (4:7, 17)? Van watter blye geloofsuitsig getuig hy daar in die dodesel (1:8, 18)?
5. Waaruit kan ons aflei dat die apostel, te midde van hierdie geloofsuitsig, tog nie ophou om hom met die dinge van hierdie lewe besig te hou nie (4:13)? Gaan die apostel heen met enige wrok teen mense wat hom in die steek gelaat het (4:16)? Beteken dit dat die teenstanders van die evangelie maar net oorgesien moet word (4:14)?

***HEBREËRS: Die Ou Testament in Jesus Christus vervuld***

Die boek Hebreërs is in meer as een opsig 'n raaiselagtige geskrif. Tradisioneel is dit beskou as 'n brief wat die apostel Paulus geskryf het (vgl. N.G.B. art.4) aan die Jode (Hebreërs). Nadere studie bring egter aan die lig: ons weet nie wie dit geskryf het nie; ons weet nie aan wie geskryf is nie; trouens, ons weet nie eens of dit regtig 'n brief is nie.

**Wie? Waar? Wanneer? Wat?**

Wie Hebreërs geskryf het, weet ons nie. Anders as in die ander briewe van die Nuwe Testament, stel die skrywer van Hebreërs homself nêrens bekend nie. Hy gee wel te kenne dat hy in die reisgeselskap van Timoteus was (13:23), waaruit ons kan aflei dat hy een van Paulus se metgeselle was. Uit hierdie selfde vers blyk dit dat die vervolging van die apostels reeds begin het. Ons kan die datum van Hebreërs dus stel ongeveer in die laaste dae van Paulus se lewe, so tussen 60 en 70 n.C.

Ons weet ook nie aan wie Hebreërs gerig is nie[4]. Omdat die boek egter so baie na die Ou-Testamentiese offers en die tabernakel verwys, lyk dit of die lesers die Ou Testament goed geken het. Dalk was hulle Christene wat uit die Jodedom gekom het. Heel moontlik het hulle in Rome gebly, want in 13:24 stuur die skrywer aan hulle groete van "dié wat van Italië is".

Hoewel Hebreërs tradisioneel as 'n brief beskou is, ontbreek die briefaanhef (skrywer, geadresseerdes, groet) wat by die ander briewe gebruiklik was. Dit lyk eerder of dit 'n lang geskrewe preek is, met kenmerkende inleiding, hoofpunte en slot van 'n preek. Indien dit die geval is, is Hebreërs die langste preek in die Bybel! Waarskynlik is 13:22-25 'n kort begeleidende briefie wat die skrywer bygevoeg het toe hy die preek aan sy lesers aangestuur het.

**'n Kragtige openbaring van Christus**

Maar al hierdie onbeantwoorde vrae doen geen afbreuk aan die kragtige prediking van hierdie boek nie. Hebreërs is die boek in die Bybel wat die lyn van die Ou na die Nuwe Testament die duidelikste trek: Christus is die hoogtepunt en die vervulling van die Ou-Testamentiese beloftes wat God in die engele, in Moses, in Aäron, in Melgisedek, in die tabernakel, in die offers ensovoorts, gemaak het. In Christus het die Ou Verbond in die Nuwe Verbond oorgegaan.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

| | |
|---|---|
| 1:1-4 | Inleiding van die preek.[ |
| 1:5-13:19 | Preekliggaam. |
| 1:5-2:18 | Hoewel Seun van God, Koning en Skepper, groter as die engele, het Christus minder as die engele geword om mense te verlos. |
| 3:1 - 4:13 | God beloof in Christus, sy getrou Apostel, meer as Moses, die ware Sabbatsrus aan sy volk. |
| 4:14 - 10:18 | Jesus, die Seun van God, is ons groot en barmhartige Hoëpriester, meer as Aaron en al die priesters, volgens die orde van Melgisedek. |
| 10:19 - 13:19 | Tree dus tot God met vrymoedigheid wat Hy gee, en hou vas aan sy beloftes in Christus. |
| 13:20-21 | Preekslot. |
| 13:22-25 | Briefslot. |

Samevattend kan ons sê dat Hebreërs Christus verkondig as ons ewige Koning, Hoogste Profeet en Hoëpriester.

**Sewe Bybelstudiestukke**

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Hebreërs 1 en 2.***

1. Deur wie en hoe het God in die ou tyd (Ou Testament) gespreek (1:1)? Deur wie spreek Hy tot

[4] Die opskrif "Aan die Hebreërs" is nie oorspronklik deel van die boek nie, maar is eers later bygevoeg. Dit geld trouens vir die opskrifte van al die Bybelboeke.

ons in die laaste dae (Nuwe Testament) (1:1)?

2. Watter drie titels word in 1:2, 3 aan Christus gegee? Op watter maniere word Christus in 1:2, 3 as Skepper, Koning en Verlosser verkondig?
3. Watter bewys haal die skrywer in 1:5 uit die Ou Testament dat Christus groter as die engele is? Watter plek beklee Christus, en watter plek die engele, dat Hy soveel heerliker as hulle is (1:6-14)? Watter taak het God die engele opgelê ten opsigte van ons, die gelowiges (1:14)?
4. Noem 3 redes waarom ons nie die evangelie van redding in Christus mag verontagsaam nie (2:3, 4)?. Hoe het God die mens gemaak (2:5-8) en wat het Hy vir ons gedoen (2:9) dat ons Hom ewig dankbaar moet wees?
5. Wat het ons in Christus geword (2:11-13)? Hoe het ons dit geword (3:14)? Wie het Hy oorwin (2:14) en waarvan het Hy ons sodoende bevry (2:15)? Waarom moes Christus aan ons gelyk word(2:17, 18)?

**STUDIE 2**

***Lees Hebreërs 3:1 - 4:13.***

1. Watter twee titels word in 3:1 aan Christus toegeken? Wat dink u is die betekenis van hierdie titels?
2. Watter ooreenkoms en watter verskil bestaan daar tussen Moses en Christus (3:2-6)? Wie is die huis van God (3:6; vgl. ook Ef. 2:21,22 en 1 Pet. 2:5)? Wat is kenmerkend van elkeen wat deel is van die huis (3:6)?
3. Watter vermaning het God reeds in die tyd van Moses tot sy "huis" gerig (4:7-11)? Watter vermaning word op grond daarvan aan die gelowiges vandag gerig (3:12)? Watter waarskuwing het ons in Israel van die Ou Testament (3:16-19)?
4. Op watter manier is die evangelie aan Israel in die Ou Testament verkondig (4:2; vgl. 3:18)? Is dit 'n ander evangelie as dié wat ons ontvang het (4:2)? Watter belofte (en tegelyk waarskuwing) gee God aan elkeen wat glo (4:3)?
5. Waarop is die rus van die sewende dag (Sabbat) gegrond (4:4; vgl. die vierde gebod)? Hoe bewys die Hebreërskrywer uit die Ou Testament dat God se beloofde rus 'n verdere vervulling as bloot die sewende dag van elke week het (4:5-10)? Wat is dan die rus wat God beloof en waarvoor ons ons moet beywer om in te gaan (4:10)?
6. Met watter beeld in 4:12 word verduidelik dat die Woord van God nie net heerlike beloftes inhou nie maar ook woorde van oordeel? Waarom maak ons 'n fout as ons dink dat ons ons sondes vir God kan wegsteek (4:13)?

**STUDIE 3**

***Lees Hebreërs 4:14 - 6:20.***

1. Waarom is Christus 'n Hoëpriester wat ons swakhede deur en deur ken (4:15)? Wat het Jesus, ons groot Hoëpriester, na sy dood en opstanding gedoen (4:14; vgl. Hand. 1:10, 11)? Watter vrymoedigheid gee so 'n Hoëpriester aan ons (4:16)?
2. Waarom kan niemand homself as Hoëpriester aanstel nie (5:4)? By watter geleentheid is Jesus as Hoëpriester aangestel (5:5; vgl. Hand. 13:32-34)? In watter 2 opsigte is Christus se priesterskap hoër as dié van Aaron (5:6)?
3. Waarom is die uitleg van die Bybel dikwels moeilik vir lidmate om te verstaan (5:11)? Waarom sukkel gelowiges dikwels om die Bybel te verstaan (5:12-14)? Hoe moet ons die vermoë ontwikkel om die Bybel beter te verstaan (5:14)?
4. Waarin mag die prediking in die kerk nie bly vasval nie (6:1-3)? Waarom nie (6:4-6)? Wat is die uiteinde van iemand wat oor en oor die bekeringsprediking hoor maar by wie daar geen vrugte van bekering is nie (6:7, 8)?
5. Watter oortuiging het die Hebreërskrywer oor sy lesers (6:9, 10)? Waarop is sy prediking dan toegespits (6:11,12)? Op watter twee dinge is die sekerheid van die prediking gegrond (6:18 - vgl. ook 6:13-17 en 6:19)?

**STUDIE 4**

***Lees Hebreërs 7:11-28; 8:1-13.***

1. Waaruit is dit duidelik dat die Levitiese priesterskap na iets of iemand groter heengewys het (7:11)? Waarom is dit betekenisvol dat Jesus uit die stam van Juda in plaas van die stam van Levi gebore is (7:14; vgl. Miga 5:1)? Wat kan ons daaruit aflei van die priesterorde van Melgisedek (7:17; vgl. ook 7:1 en Gen. 14:18)?
2. Waarom was dit nodig dat die Ou Verbond (die voorafgaande gebod, aldus 7:18) verbeter moes word, en hoe is dit verbeter (7:18,19)? In watter opsig is Jesus se Hoëpriesterskap nog beter as

die van enige ander (7:23-25,28)? En in watter opsig was sy offer beter (7:27)?
3. Waar tree Christus as Hoëpriester vir ons op (8:1)? Watter belangrike funksie het die priesterdiens en die tabernakel in die Ou Verbond (Ou Testament) gehad (8:5)? Waarom weet ons dat die bediening van die Ou Verbond (priesters, offers, tabernakel) nie finaal was nie (8:7)?
4. In watter opsig verskil die Nuwe Verbond van die Oue (8:9)? Waarom kan ons nie sê dat die Nuwe Verbond 'n ander verbond as die Oue is nie (8:10; vgl. Deut. 6:6 en Eks. 6:6)?

**STUDIE 5**

***Lees Hebreërs 9:11-10:18.***

1. Hoe verskil die offer wat Christus as ons Hoëpriester gebring het van dié wat in die tabernakel gebring is (9:11,12)? Hoe verskil die gevolge van sy offer van dié van die Ou-Testamentiese offers (9:13, 14)?
2. Waarom kon die beloftes van die Ou Testament eers by Jesus se dood in die Nuwe Testament geldig word (9:15-17)? Waarom was dit nodig dat sy bloed aan die kruis vergiet word (9:22)? Waarom dan moes die bloed van diere in die offers van die Ou Verbond vloei (9:23)?
3. Waarom moes die priesters in die Ou Testament die offers oor en oor bring (10:2-4)? Hoe het die woorde van Psalm 40:7-9 aldus Hebreërs 10:6-10 in Christus tot vervulling gekom?
4. Hoe het Christus na sy kruisoffer ons Koninklike Hoëpriester geword (10:12, 13)? Hoe het Christus die belofte van die Nuwe Verbond wat in Jeremia 31:33 gemaak is, vir ons laat waar word (10:16-18)?

**STUDIE 6**

***Lees Hebreërs 11:1-13; 32-40; 12:1-4.***

1. Wat is geloof aldus 11:1 ? Hoe vergelyk hierdie beskrywing van geloof met ons belydenis in Vraag/Antwoord 21 van die Heidelbergse Kategismus? Waarom kan 'n ongelowige se werke, selfs al lyk dit vir ons mooi en goed, God nooit behaag nie (11:6)?
2. Waarom was Abel se offer vir Here beter as dié van Kain (11:4)? Waarom het God Henog weggeneem voordat hy gesterf het (11:5)? Wat het Abraham beweeg om op God se bevel na 'n vreemde land weg te trek (11:8, 9)? Na watter nuwe vaderland het Abraham eintlik weggetrek (11:10,13)?
3. Hoe moet ons, in die lig van 11:32-34, die Here Jesus se woorde in Matteus 21:21 verstaan? Noem 'n voorbeeld van 'n gelowige vrou in die Ou Testament wie se dierbares uit die dood teruggebring is (11:35; vgl. 1 Kon. 17:22). Waarom was al die geloofsmartelare in die geskiedenis se lyding nie tevergeefs nie (11:39, 40)?
4. Waarom is dit vir ons belangrik om gedurig van die geloofshelde in die Bybel te lees (12:1)? Watter aansporing in die geloofstryd kry van ons Jesus self (12:2,3)? Wat is die ergste en lewenslange deel van ons geloofstryd (12:4)?

**STUDIE 7**

***Lees Hebreërs 12:5-25; 13:8-19.***

1. Waarom maak swaarkry die gelowige net sekerder van God se liefde en ons uitverkiesing (12:5-8)? Waarom is swaarkry vir die gelowige goed (12:11)? Watter gevolge het swaarkry in die lewe van die gelowige (12:12, 13)?
2. Waarom moet ons bly vorder op die pad van stryd teen die sonde (12:14)? In watter opsig is Esau 'n waarskuwing vir elkeen wat tot kind van God wedergebore is (12:16)?
3. Hoe het God met Israel by die berg Sinai gepraat (12:18, 19)? By watter berg Sion het ons in die Nuwe Testament gekom (12:22)? Waarvan het die bloed van Abel in die Ou Testament gespreek (12:24; vgl. Gen. 4:10-13)? Van watter beter dinge spreek die bloed van besprenkeling wat Christus as Middelaar van die nuwe verbond bring (12:24)?
4. Waarom kan ons met geloofsekerheid aan Christus vashou (13:8)? Waarom kan 'n mens nie tegelyk aan Christus se kruisoffer en die Ou Testamentiese offers vashou nie (13:10, 11)? Watter voortdurende lof offer moet ons aan die Here bring (13:15)?

***DIE BRIEWE VAN PETRUS: Moedhou tot by die wederkoms***

Kort voor sy dood (65 n.C.) het die apostel Petrus twee briewe geskrywe aan die kerke in die noordelike streke van Klein-Asië (1 Petrus 1:1). Hoewel hy sover ons weet nooit self in daardie gebied was nie, het hy as apostel die gesag en deur die Heilige Gees die vrymoedigheid om aan die kerke aldaar te skrywe.

**1 Petrus - Moedhou by swaarkry**

Die gelowiges in Klein-Asië het blykbaar swaar verdrukking en vervolging vanuit die heidensamelewing beleef (1:17, 18; 2:10,11). Daarom skryf Petrus aan hulle vanuit Rome (in 5:13 aangedui met die simboliese naam "Babilon") as die destydse sentrum van vervolging. Hy skryf met die doel om hulle "te vermaan en om te betuig van die ware genade van God waarin hulle staan" (5:12). Hy vermaan hulle om moed te hou in hulle swaarkry. Ten diepste is sy brief dus 'n troosbrief.

Hy troos hulle met die boodskap dat dit in werklikheid genade is wanneer jy ter wille van jou geloof en die geregtigheid vervolging moet verduur (Hfst. 1 en 3). Christus was immers 'n absolute voorbeeld van vervolging ter wille van geregtigheid (3:18 - 4:2). Verder vermaan hy hulle om nie as gevolg van die vervolging moedeloos te raak en maar weer soos die wêreld te leef nie (Hfst. 2). Gelowiges is in werklikheid vreemdelinge in die wêreld (1:1; 2:11).

Vreemdelingskap beteken egter nie dat ons uit die wêreld moet uitgaan nie. Gelowiges het die roeping om steeds voluit in hierdie wêreld te leef. Owerhede moet steeds gehoorsaam word (2:11-17); menslike verhoudinge verdien steeds ons aandag (2:18 - 3:7). Daarom het die Here as Opperherder ouderlinge aangestel om die gelowiges by te staan om in die tyd van hulle vreemdelingskap hulle roeping uit te leef.

**2 Petrus - Die apostel se geestelike testament**

Die tweede brief wat die apostel aan die kerke in Klein-Asië stuur, skryf hy kort voor sy dood. Hy weet sy einde is op hande (1:13-15). Hier kort voor sy dood is die apostel bekommerd oor die dwaalleer wat hy weet op die kerk gaan afkom. Vir oulaas wil hy die gemeente herinner aan die geloofskennis wat hulle reeds ontvang het (1:12) sodat hulle daarin kan vasstaan wanneer dwaling kom (1:15; 3:17). Daarom word hierdie brief beskryf as Petrus se geestelike testament. Wat is die testament wat hy aan die kerk nalaat? 'n Testament van die ware geloofskennis.

In die brief toon Petrus duidelik aan waarom die gelowiges nie na die valse leraars moet luister nie maar eerder na die woorde van die apostels en profete moet luister: die apostels en profete se woorde (die Bybel) is nie die produk van menslike idees nie, maar is deur die Heilige Gees geïnspireer (1:20, 21). Die valse leraars verlei mense met mooiklinkende woorde, maar by die eindoordeel sal hulle beslis die verderf as loon ontvang.

Wanneer Petrus die oordeel oor die valse leraars praat, gebruik hy woorde en uitdrukkings wat onmiskenbaar met die brief van Judas ooreenstem (vgl. 2 Petrus 2:1 - 3:3 met Judas 1:4-18). Hierop het geleerdes al baie teorieë gehad oor die verhouding tussen 2 Petrus en Judas, selfs dat albei deur dieselfde persoon geskryf is. Ons staan egter daarby dat hierdie twee skrywers óf mekaar se geskrifte geken het óf 'n gemeenskaplikebron of bronne gebruik het.

In ieder geval is die Eerste Skrywer van albei briewe, soos ook by al die ander briewe, die Heilige Gees!

**Sewe Bybelstudiestukke**

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees 1 Petrus 1.***

1. In watter landstreke het Petrus se lesers gewoon (1:1)? Kyk op 'n Bybelkaart (agterin die Bybel) waar hierdie landstreke was. Wie was die "vreemdelinge van die verstrooiing" aan wie hy skryf

(1:1; vgl. die inleiding hierbo, asook Jak. 1:1)?

2. Op watter manier het God ons vanuit wanhoop oorgebring na 'n lewe van hoop (1:3)? Wat hoop ons om te verkry (1:4)? Wat is die erfenis wat vir ons bewaar word (1:4; vgl. Luk. 10:25)? Waar word die erfenis vir ons bewaar (1:4)? Hoe en deur wie word die erfgename vir die erfenis bewaar (1:5)?
3. Waaroor kan die gelowiges hulle te midde van allerhande beproewings hulle verheug (1:6)? Sal God ons onnodig beproef (1:6)? Watter is God se doel daarmee dat ons beproef word (1:7)? Waarmee word die beproewing van gelowiges in 1:7 vergelyk? Is dit nodig om die Here te gesien het (soos Petrus) voordat jy in Hom glo (1:8; vgl. Joh. 20:29)?
4. Deur wie is hierdie saligheid in die Ou Testament verkondig (1:10)? Deur wie word dit in die Nuwe Testament verkondig (1:12)? Wie het hulle in staat gestel om dit te kan verkondig (1:11, 12)?
5. Watter leefwyse pas by mense wat hulle hoop op Christus stel (1:13, 14)? Wat word bedoel met "die tyd van julle vreemdelingskap" (1:17; vgl. 1:1)? Waarmee is ons losgekoop uit ons sinlose bestaan (1:18, 19)? Waardeur is ons wedergebore (1:23)?

**STUDIE 2**

***Lees. 1 Petrus 2.***

1. Waarmee word gelowiges wat pas tot bekering gekom het in 2:2 vergelyk? Waardeur word die geloof gevoed sodat dit kan groei (2:2)? Waarmee word die kerk in 2:5 vergelyk? Op watter hoeksteen is die kerk gevestig ! (2:6,7; vgl. Ef. 2:20)?
2. Waarmee word die kerk in 2:9 vergelyk? Watter taak het die kerk as heilige priesterdom (2:5)? Watter taak het die kerk as volk van God (2:9)?
3. Waarmee word die kerk in 2:11 vergelyk? Hoe moet die kerk as "vreemdelinge" in hierdie wêreld optree (2:12)? Op watter manier maak Petrus dit duidelik dat ons, al is ons vreemdelinge in hierdie wêreld, nog steeds aan die dinge van hierdie wêreld deel het (2:13-18; vgl. ook Rom. 13:1-7)?
4. Watter soort lyding is in werklikheid genade (2:19, 20) en watter soort lyding is verdiende loon (2:20)? In watter soort lyding was Christus vir ons 'n voorbeeld (2:21)? Wat het Christus deur sy lyding vir ons verwerf (2:24)? Wie is ons Herder en Opsiener (Bewaker, 2:25; vgl. Joh. 10:11; Psalm 121:5)?

**STUDIE 3**

***Lees 1 Petrus 3.***

1. Hoe moet 'n gelowige vrou optree teenoor haar man, selfs as hy nog 'n ongelowige is (3:1)? Wat kan sy daardeur bereik (3:1,2)? Wat is die mooiste skoonheid wat 'n vrou kan besit (3:4)?
2. Hoe behoort 'n man teenoor sy vrou op te tree (3:7)? Waarom moet hy so teenoor haar optree (3:7)? Hoe word 'n man wat sy vrou mishandel, se gebede verhinder (3:7; vgl. Mal. 2:14)?
3. Watter woorde behoort uit die mond van 'n gelowige te kom en watter nie (3:9, 10)? Waartoe moet 'n Christen altyd bereid wees (1; 15)? Waarom is dit belangrik dat 'n mens se gewete altyd skoon moet wees (3:16)?
4. Wie was die grootste voorbeeld van onskuldige lyding (3:18)? Watter heerlike einde het sy lyding op die ou einde gehad (3:18)?
5. Vir wie was die feit dat Christus heengegaan het (sy hemelvaart - vgl. 3:22) 'n verkondiging dat onskuldige lyding by God 'n goeie afloop het (3:19)? Waarom moes veral die gevange geeste (verlorenes) uit Noag se tyd dit hoor (3:20; vgl. Hebr. 11:7)?

**STUDIE 4**

***Lees 1 Petrus 4 en 5.***

1. Met watter gedagte moet gelowiges hulleself te midde van lyding bewapen (4:1)? Hoe tree ongelowiges op teenoor iemand wat nie verder aan hulle losbandige dinge meedoen nie (4:4)? Hoe word die bordjies vir mense by die eindoordeel verhang (4:5, 6)?
2. Noem 3 dinge wat pas by gelowiges se onderlinge optrede (4:8-10). Na wie se voorbeeld moet ons woorde en werke wees (4:11)? Waarom (4:11)?
3. Waarom moet gelowiges nie verbaas wees as hulle beproef word nie (4:12, 13)? Waar begin God se oordeel (4:17)? Waarom dink u begin dit daar (vgl. 2 Tess. 1:5-7)?
4. Wat is die opdrag van die ouderlinge in die kerk (5:2)? Hoe moet hulle die opdrag uitvoer (5:2, 3)?
5. Waarom moet ons aan mekaar onderdanig wees (5:5)? Watter troos het elkeen wat bereid is om in hierdie lewe nederig te wees (5:6)? Wat moet ons met ons bekommernisse doen (5:7)?

Waarom (5:7)?
6. Wie is die groot vyand wat ons moet teenstaan (5:8)? Met watter beeld word die vyand se iesegrimmige woede uitgebeeld (5:8)?

**STUDIE 5**

***Lees 2 Petrus 1.***

1. Watter beloftes gee God aan diegene wat Hy roep (1:3,4)? Hoe word ons deelgenote van die Goddelike natuur (1:4; vgl. 1 Joh. 3:2)? Wat is die hoogste vrug van die geloof wat kettinggewys in 1:5-7 genoem word?
2. Wat is die gevolg daarvan dat iemand sy roeping en uitverkiesing "vas maak" (= "in praktyk bewys", 1:10)? Wat ontvang elke geroepe uitverkore mens (1:11)?
3. Weet Petrus se lesers reeds hierdie dinge (1:12)? Waarom skryf Petrus dit dan aan hulle (1:14)?
4. Noem 2 redes waarom die apostels se prediking betroubaar is (1:16, 17). Watter ander baie vaste steunpilaar het die apostels se prediking (1:19)? Wat is die eintlike krag agter die woorde van die apostels en die profete (1:21)? Watter baie belangrike getuienis bied 1:21 vir ons belydenis oor die Bybel (vgl. NGB art. 3)?

**STUDIE 6**

***Lees 2 Petrus 2.***

1. Waarom mag ons nie in goeie trou maar alles aanvaar wat leraars verkondig nie (2:1)? Wat is valse leraars se doel met wat hulle preek (2:3)? Wat is hulle uiteinde (2:1,3)?
2. Noem 3 voorbeelde uit die geskiedenis wat bewys dat God die goddeloosheid nie ongestraf laat nie (2:4-6). Watter gesindheid moet gelowiges hê teenoor mense wat goddeloos optree (2:7, 8)? Waarom hoef godvresende mense nie vir hulle eie uiteinde te vrees nie (2:7-9)?
3. Waarom mag ons nie oor die hemelse dinge ligsinnige praatjies maak nie (2:10-12)? Op watter verkeerde optrede by die liefdesmaaltye van die gemeente wys Petrus in 2:13? Wat was die weg van Bileam wat deur die valse leraars gevolg is (2:15, 16; vgl. Num. 22:21-31)?
4. Hoe verlei die valse leraars mense om slawe van die sonde te word (2:18, 19)? Wat is die uiteinde van iemand wat weet wat God van ons verwag, maar tog die pad van sonde verkies (2:20, 21)? Waarmee vergelyk 2:22 iemand wat die heilige evangelie verruil vir die gruwel van goddeloosheid?

**STUDIE 7**

***Lees 2 Petrus 3.***

1. Wat is die doel van Petrus se brief, aldus 3:1? Waarmee kan die gelowiges die aanslae van valse leraars afweer (3:2)?
2. Met watter spotvraag oor die wederkoms praat die spotters hulle eie sondige lewe goed (3:4)? Watter waarskuwing uit die geskiedenis vergeet die spotters gerieflikheidshalwe (3:5, 6)? Wat weet ons oor die toekomstige oordeel van die wêreld (3:7, 10, 12)?
3. Waarom stel die Here die dag van oordeel uit (3:9)? Watter uitwerking het die sekerheid oor die wederkoms en eindoordeel op die lewe van die gelowige (3:11, 12)? Hoe kan ons die wederkoms van die Here "verhaas" (3:12; vgl. 3:9)? Na watter heerlike belofte by die wederkoms sien die gelowiges uit (3:13)?
4. Waar elders word die dinge van die wederkoms beskrywe (3:15, 16)? Kan ons alles in verband met die wederkoms verstaan (3:16)? Wat is die uiteinde van mense wat die Bybelse gegewens oor die wederkoms verdraai (3:16)? Watter "vastigheid" en watter "geleerdheid" moet ons nastreef om ons teen dwaling te beskerm(3:17, 18)?

***DIE JOHANNESBRIEWE: Liefde, waarheid, lewe***

Die laaste drie algemene sendbriewe in die Bybel is in werklikheid anoniem. Die skrywer noem homself net "die ouderling" (vgl. 2 Joh. 1:1; 3 Joh. 1:1). Tog is daar soveel ooreenkomste met die vierde Evangelie dat aanvaar word dat Johannes wat die Evangelie geskryf het, ook die skrywer van hierdie 3 briewe was. Johannes het hierdie 3 briewe waarskynlik in sy laaste lewensjare geskrywe, êrens tussen 85 en 100 n.C.

**1 Johannes: wees verseker van die ewige lewe**

Anders as by die ander sendbriewe, is 1 Johannes nie aan die adres van 'n spesifieke gemeente gerig nie. Johannes noem sy lesers bloot "my kinders" (bv. 2:1, 12), waaruit ons kan aflei dat hulle tot die gemeente behoort het waar hy self gewoon en gewerk het (dalk Efese in Klein-Asië).

Dit blyk dan dat 1 Johannes nie 'n brief in die ware sin van die woord is nie maar, soos die boek Hebreërs, eerder 'n preek in geskrewe vorm.

Johannes rig die preek aan die gemeente om die dwalinge van valse leraars (bv. 4:1) te weerlê, maar ook om hulle te verseker dat elkeen wat in Jesus Christus as die Seun van God glo, die ewige lewe het. Met die oog hierop is die preek in 4 hoofpunte ingedeel (indeling van prof. JC Coetzee):

- *God is lig - wandel in die lig (1:1 - 2:27);*
- *Ons is kinders van God - leef soos kinders (2:28 - 4:6);*
- *God is liefde — wandel in die liefde (4:7 -5:5);*
- *Die Gees is die waaragtige Getuie — leef verseker vanuit sy getuienis (5:6-21).*

**2 Johannes: tree op in liefde vir die waarheid**

Hierdie kort briefie (13 verse) is deur die apostel Johannes geskrywe aan 'n anonieme gemeente, wat hy benoem met die simboliese naam "die uitverkore vrou en aan haar kinders" (d.w.s. die gemeente en die lidmate). In die brief gee hy praktiese advies op die vraag hoe opgetree moet word teenoor valse leraars wat op die gemeente se Christelike gasvryheid aanspraak maak (1:10-11).

Johannes se antwoord is kortliks: Uit liefde vir die waarheid aangaande Christus, moet julle valse leraars wat die waarheid loën, selfs nie in julle huise ontvang nie! Sulke optrede is nie liefdeloos nie, want dit spruit uit liefde vir die waarheid aangaande Christus.

**Johannes: tree op in waarheid en liefde**

Weer 'n kort briefie (15 verse), maar hierdie keer gerig aan 'n enkele persoon: Gajus (1:1). Waar 2 Johannes gasvryheid teenoor valse leraars afwys, is 3 Johannes 'n sterk aanprysing van gasvryheid teenoor "arbeiders van die waarheid" (1:8). So sal Gajus self in waarheid en liefde wandel (1:5-8, 11).

**Sewe Bybelstudiestukke**

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees 1 Johannes 1:1 - 2:11.***

1. Noem 3 opvallende ooreenkomste tussen 1 Johannes 1:1 en Johannes 1:1-4. Op watter maniere het God die waarheid aangaande die Woord (Christus) aan Johannes (en die ander apostels) geopenbaar (1:1)? Watter waarheid het Hy aan hulle geopenbaar (1:2)?
2. Waarom verkondig Johannes hierdie waarheid aan sy lesers (1:3) en waarom skrywe hy dit aan hulle (1:4)? Waarom, sê hy in 2:1, skryf hy dit aan hulle? Hoe dink u hou hierdie 3 doelstellings verband met die hoofdoelstelling van die brief (5:13)?
3. Watter waarheid oor God verkondig Johannes in 1:5? Watter implikasies het hierdie waarheid vir ons daaglikse doen en late (1:6,7)?
4. Waarom kan ons nie volmaak "in die lig wandel" nie (1:7, 8)? Waarom mag ons nie voorgee dat ons sonder sonde is nie (1:10)? Watter goeie gevolge het dit as ons ons sondes opreg voor God bely (1:9)? Beteken dit dat ons maar mag sonde doen (2:1)?

5. Waarom word Jesus Christus in 2:1 "die Regverdige" genoem (vgl. 1 Pet. 3:18)? Waarom word Hy ons "Voorspraak by die Vader" genoem (vgl. Joh. 17:9; Rom. 8:34)? Hoe moet ons dit verstaan dat Hy volgens Johannes 17:9 nie vir die wêreld bid nie, maar tog volgens 1 Johannes 2:2 ook vir die sondes van die hele wêreld versoening doen (vgl. Joh. 1:11,12)?
6. Waaraan weet 'n mens of jy God ken (2:3) en in God is (2:5)? Waarom (2:6)? Waaraan kan 'n mens sien of iemand in die duisternis (die sonde) of die lig (Gods genade) is (2:9-11)?

**STUDIE 2**

***Lees 1 Johannes 2:12-29.***

1. Waarom skryf Johannes hierdie dinge aan sy lesers (2:12)? Watter 2 ouderdomsgroepe onder die "kinders" (d.i. lidmate) sonder Johannes uit in 2:13, 14? Hoe dink u pas die opmerkings in 2:13,14 by die twee ouderdomsgroepe? Waarmee kan ons die Bose oorwin (2:13; vgl. Ef. 6:11,17)?
2. Waarom moet ons nie lief word vir die wêreld of vir die dinge wat in die wêreld is nie (2:15; vgl. Luk. 16:13) Wat word bedoel met "die dinge wat in die wêreld is (2:15; vgl. 2:16)? Waarom is dit dwaas om aan wêreld se dinge verknog te raak (2:17)?
3. Waaraan kan ons weet dat dit "die laaste uur" is (2:18)? Waarom beteken "die laaste uur" nie "die dag van die wederkoms" nie, maar eerder "die laaste bedeling voor die wederkoms" (vgl. 2 Tess. 2:1-4)? (L.W.: daar baie antichriste, op verskillende plekke en tye in die bedeling wat aanloop tot die wederkoms.)
4. Watter leuen word deur die Antichris die wêreld ingestuur (2:22)? Waar kom die antichriste vandaan (2:19)? Hoe moet die kerk bly vasstaan teen die leuen van die Antichris (2:24)? Waarom kan die ware kerk bly vasstaan teen die leuen (2:20)?
5. Watter belofte het die Vader ons gegee (2:25)? Watter salwing het ons van die Vader ontvang (2:27; vgl. *2:1* Hand.2:17)?
6. Waartoe stel die salwing wat in ons bly, ons in staat (2:27)? Waarom moet ons ook in Hom bly (2:28)?

**STUDIE 3**

***Lees 1 Johannes 3.***

1. Watter groot liefdegawe het God as ons Vader ons gegee; (3:1)? Hoe het ons kinders van God geword (vgl. 2: Joh.3:5)? Waarom kan die wêreld die kinders van God nie ken (verstaan) nie (3:1)?
2. Waarom kan ons uiteinde as Godskinders nog nie gesien word nie (3:2)? Watter sekerheid het ons wel in verband met ons uiteinde (3:2)?
3. Waaraan word die kinders van die duiwel uitgeken (3:10)? L.W.: "Wetteloosheid" en "ongeregtigheid" beteken hier: moedswillige verset teen God se gebooie. Waaraan kan gesien word dat ons kinders van God is (3:9)? Hoe moet ons, dit alles in ag genome, 3:9 (" kan nie sondig nie") versoen met 1:8 ("ons kan nie sê dat ons sonder sonde is nie")?
4. Hoe word die kinders van God se sonde wel heeltemal weggeneem (3:6)? Watter houding het kinders van God teenoor andere (3:11)? Wie se voorbeeld behoort ons nie te volg nie (3:12)? Waarom nie (3:15)? Wie se voorbeeld behoort ons wel te volg (3:16)?
5. Waaraan kan gesien word of ons liefde vir ons broeders eg is (3:17,18)? Watter sekere wete kry ons in onsself wanneer ons in liefde optree (3:14)? Watter gerusstelling kry ons daaruit (3:19,20)? Watter verdere rykdom ontvang ons daaruit (3:21,22)?

**STUDIE 4**

***Lees 1 Johannes 4.***

1. Waaraan weet ons dat God in ons bly (3:24)? Waarom moet ons nie elkeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie (4:1)? Hoe moet ons dan iemand op die proef stel of hy wel die Gees van God het (4:1; vgl. 4:2, 3)? Wat weet ons van iemand wat weier om te bely dat Christus mens geword het (4:3)?
2. Waarom kan die ware wedergeborenes die leuen van die Antichris weerstaan en oorwin (4:4)? Wie luister graag na die leuen van die Antichris (4:5)? Waarom (4:5)? Wie luister graag na die kinders van God (4:6)? Hoe kan ons dan, om 4:1-6 saam te vat, waarheid en dwaling onderskei?
3. Hoe het God sy liefde aan ons geopenbaar (4:9)? Waaruit is dit duidelik dat God ons nie liefhet bloot omdat ons Hom liefgehad het nie (4:10)? Waarom moet ons God liefhê (4:19; vgl. ook Filip. 3:12, 13)? Waarom moet ons ook mekaar liefhê (4:11)?
4. As niemand God ooit gesien het nie (4:12), hoe weet ons dan van sy liefde vir ons (4:14)? Waarom is die hoogste liefde by God te vinde (4:16)? Hoe bring Hy sy liefde ook in ons na vore

(4:13, 16)?
5. Wat word deur die liefde verdryf (4:18)? Wat word deur die liefde gewen (4:17)? Hoe word die twee dele van die liefdesgebod van Christus (Matt. 22:37-40) in 4:20, 21 by mekaar uitgebring?

**STUDIE 5**

***Lees 1 Johannes* 5.**

1. Waaraan word 'n wedergebore kind van God uitgeken (5:1)? Waaraan kan 'n mens sien dat iemand God liefhet (5:1)? En waaraan kan 'n mens sien dat iemand God se kinders liefhet (5:2)? Liefde tot God word dikwels verwar met 'n wonderlike gevoel. Wat, leer ons in 5:3 egter, is die liefde tot God werklik?
2. Watter kragtige wapen gee God ons om die wêreld mee te oorwin (5:4)? Deur watter water het Christus gekom (5:6; vgl. Matt. 3:13-17)? Deur watter bloed het Hy gekom (5:6; vgl. Heb. 9:14)?
3. Watter eenstemmige getuienis lewer die water, die bloed en die Gees aangaande Christus (5:8,11)? Is dit moontlik, volgens God se getuienis, om die ewige lewe sonder die Seun van God te hê (5:12)? Is dit dan moontlik vir iemand wat nie in Christus as Seun van God glo nie, om gered te word?
4. Waarom het Johannes al hierdie dinge in sy preek neergeskrywe (5:13)? Watter vrymoedigheid ontvang ons deur die geloof (5:14,15)? Wat is die sonde wat tot die dood lei (5:16; vgl. weer 4:3 en 5:12)? Waarom kan ons nie bid dat iemand wat in hierdie sonde volhard, dit vergewe word nie (5:12, 16)? Waarvoor dink u moet ons wel vir so iemand bid?

**STUDIE 6**

***Lees 2 Johannes.***

1. Hoe noem Johannes die gemeente in 1:1? Waar elders word die kerk ook sinnebeeldig so genoem (vgl. Openb. 19:7; 21:2,9)? Waarop berus die liefde waarmee Johannes die kerk liefhet (1:1,2)?
2. Wat bedoel die apostel met "jou kinders wat in die waarheid wandel" (1:4)? Watter gebod hou hy aan die gemeente voor (1:5)? Waaruit bestaan die liefde (1:6)?
3. Waaraan kan die verleiers (misleiers) wat in die wêreld verskyn, uitgeken word (1:7)? Met watter ander naam noem Johannes die verleiers (1:7)? Waarom kan die Antichris met reg "verleier" genoem word (vgl. 2 Tess. 2:3, 9, 10)?
4. Watter waarheid (leer) aangaande Christus mag 'n mens nie verander of verdraai nie (l:9; vgl. 1:7)? Hoe moet ons optree teenoor iemand wat die waarheid probeer verdraai (1:10, 11)? Waarom dink u word sulke drastiese optrede aanbeveel?
5. Wie dink u is die "kinders van die uitverkore suster" van wie Johannes groete stuur (1:13)?

**STUDIE 7**

***Lees 3 Johannes.***

1. Watter getuienis het Johannes oor Gajus ontvang wat hom daarvan verseker het dat dit met sy siel goed gaan (1:2,3)? Wat besorg die grootste blydskap vir Johannes (1:4)?
2. Watter getroue optrede van Gajus het Paulus ter ore gekom (1:5)? Op watter manier behoort ons selfs onbekende gelowiges te help (1:6)? Watter gesindheid openbaar "arbeiders van die waarheid" (1:7)? Hoe kan ons "medearbeiders van die waarheid" word (1:8)?
3. Watter verwaande gesindheid het Diotrefes in die gemeente gehad (1:9)? In watter optrede het hierdie gesindheid na vore gekom (noem 3 dinge; 1:10)?
4. Waaraan kan gesien word of iemand aan God behoort (1:11)? Watter berigte aangaande Demetrius het by Johannes uitgekom (1:12)? Waarom eindig die apostel die brief so gou af (1:13, 14)?

***JAKOBUS EN JUDAS; Jesus se broers skryf***

**Jakobus: die goeie werke van die geloof**

Die brief van Jakobus is moontlik die oudste geskrif in die Nuwe Testament (± 45 n.C.). Dit is geskryf deur Jakobus (1:1), leier van die kerk in Jerusalem (Hand. 12:17; 15:13). Jakobus was ook 'n broer van Judas (Judas 1:1), en albei was broers van die Here Jesus self (Matt. 13:55). Waarom sê Jakobus dan nie self dat hy Jesus se broer is nie? Omdat hy in die geloof in 'n nuwe verhouding tot Jesus staan: nie meer broer tot broer nie, maar nou "dienskneg" tot "Here" (Jak. 1:1).

Jakobus skryf sy brief aan "die twaalf stamme in verstrooiing" (1:1). Daarmee bedoel hy die kerk, wat soos vreemdelinge (verstrooides) in hierdie wêreld is. Sy brief aan hulle is 'n vermaning om hulle geloof in hierdie wêreld in goeie werke uit te leef.

**Jakobus en Paulus in teenspraak?**

Sommige geleerdes dink dat die Jakobusbrief met sy klem op die goeie werke in teëspraak met Paulus se Romeine-brief staan. In Romeine 3:28, byvoorbeeld, skryf Paulus dat die mens "deur die geloof sonder die werke van die wet" geregverdig word, terwyl Jakobus in 2:24 skryf: "Sien julle nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie."

Die oënskynlike teenspraak verdwyn egter sodra 'n mens besef dat Jakobus en Paulus nie van dieselfde "werke" praat nie. Paulus praat van die werke van die wet, waarmee die Judaïste hulle eie redding wou bewerk (maar nie kon nie); Jakobus praat van die werke van die geloof: geloof wat net by lippetaal vassteek en nie tot goeie werke oorgaan nie, is 'n dooie geloof. Deur so 'n geloof kan jy nie gered word nie. Paulus en Jakobus vul mekaar dus pragtig aan. Paulus skryf oor die noodsaaklikheid van die geloof; Jakobus oor die noodsaaklikheid van 'n lewende geloof!

**Wedergeboorte, geloof en goeie werke**

Waar kom ons geloof vandaan? Dit kom van die hoor van die Woord waardeur God ons tot nuwe skepsele wederbaar, skryf Jakobus aan die begin van sy brief (1:16-19). En die vrug van die geloof is goeie werke (1:20-27). Die res van die brief beskryf dan die goeie werke wat uit die geloof voortkom: geloof is onpartydig (2:1-13), geloof bly nie by blote lippetaal nie (2:14-26), geloof lei tot beheersing van die tong (3:1-18), geloof bring vrede en geregtigheid (4:1 - 5:7), geloof lei tot geduld en 'n kragtige gebedslewe (5:7-18).

**Judas: staan vas teen dwaalleer!**

Die sendbrief wat in ons Bybel heel laaste geplaas is, is dié van Judas. Die Judas wat hierdie brief geskryf het, was natuurlik nie die Iskariot wat Hom verraai het nie, maar hy was 'n broer van Jakobus (1:1) en daarom ook 'n broer van Jesus.

Aan wie Judas die brief geskryf het, weet ons nie. Judas noem sy lesers bloot "die wat geroep, in God die Vader geheilig en vir Jesus Christus bewaar is" (1:1). Dit is wel duidelik dat hulle aan die valse leer van goddelose mense blootgestel is (1:4). Judas skryf aan hulle om hulle te vermaan en aan te moedig om "kragtig te stry vir die geloof" (1:3).

In hierdie kort brief draai Judas geen doekies om wanneer hy oor die valse leraars praat nie. Hy wys hulle goddelose optrede met kragtige taal af. In die proses noem hy 'n paar dinge wat ons tot nog toe nie in die Bybel gelees het nie. Hy skryf onder meer oor die sondeval van engele (1:6), Migael en die duiwel se woordestryd oor die liggaam van Moses (1:9) en die profesie van Henog (1:14). Van hierdie sake kom wel in 2 Petrus ter sprake[5].

'n Sleutelwoord tot die Godsopenbaring van hierdie brief is die woord "bewaar". Judas skerp sy lesers op om hulleself in die liefde van God te bewaar (1:21). Dit kan hulle doen alleen omdat God hulle bewaar, want hulle is "deur God geheilig en vir Jesus Christus bewaar" (1:1) en God is magtig om hulle "vir struikeling te bewaar en sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel" (1:24).

[5] Soos later in die studie van 2 Petrus aangedui sal word, is daar baie sterk ooreenkomste tussen Judas se brief en 2 Petrus.

**Sewe Bybelstudiestukke**

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Jakobus 1:1-18.***

1. Waarom behoort 'n gelowige bly te wees oor beproewings (1:2, 3)? Waarop loop geloofsvolharding uit (1:4)? Wat staan ons te doen as ons wysheid kortkom (1:5)? Wat is dit om "in die geloof' te bid (1:6; vgl. 1:17)? Waarom moet ons so bid (1:6-8)?
2 Wat veroorsaak dat die "geringe" mens "hoogheid" verkry (1:9; vgl. 1:18 en 1 Kor. 1:25)? Watter geringheid deel alle mense, ryk en arm, met mekaar (1:10-11)? Watter "hoogheid" beloof God aan dié wat Hom liefhet (1:12)?
3. Waarom kan ons nie God verkwalik vir die versoekings wat oor ons kom nie (1:13)? Waar kom versoekings vandaan (1:14)?
4. Beskryf kortliks die "geboorteproses" van die geestelike dood (1:14, 15). Beskryf kortliks die "geboorteproses" van die gelowige (1:17, 18).

**STUDIE 2**

***Lees Jakobus 1:19-2:9.***

1. Waarna moet 'n mens graag luister ("gou wees om te hoor", 1:19; vgl. 1:23)? Wat dink u leer ons uit 1:19 vir gewone menseverhoudings? Waarom moet ons graag daarna luister (1:21)?
2. Watter ooreenkoms is daar tussen 'n blote hoorder van die Woord en iemand wat sy eie gesig in 'n spieël sien (1:22-24)? Hoe blyk dit dat die Woord die opregte gelowige bybly (1:25)? Waaraan kan bedrieglike en opregte godsdiens van mekaar uitgeken word (1:26, 27)?
3. Op watter verkeerde oorwegings berus die aansien van mense in hierdie wêreld gewoonlik (2:2-4; vgl. 1:9, 10)? Waarom mag wêreldse aansien nie in die kerk 'n rol speel nie (2:5)? Waaraan word egte geloof gekenmerk (2:1)?
4. Waarom kan ons nie uit 2:5 aflei dat God net (finansieel) armoedige mense uitverkies nie (2:5)? Aan watter verkeerde optrede het die rykes in Jakobus se tyd hulle dikwels skuldig gemaak (2:6, 7)? Aan watter verkeerde optrede het ook die armes hulle skuldig gemaak (2:9)?'

**STUDIE 3**

***Lees Jakobus 2:10-26.***

1. Waarom kan geen mens die wet van God volmaak nakom nie (2:10; vgl. ook HK v/a 114)? Wat is die "wet van vryheid" waarmee ons geoordeel sal word (2:12; vgl. 1:25 en Gal. 5:1, 16, 18)? Hoe bevestig hierdie uitdrukking dat Jakobus nie die werke van die wet verkondig nie (vgl. inleiding hierbo)?
2. Waaraan word ware, lewende geloof uitgeken (2:14, 18)? Waarom is dit nie genoeg om maar net te sê dat jy geloof het nie (2:14)? Waarmee vergelyk Jakobus blote lippetaal-geloof in 2:15, 16? Hoe noem hy blote lippetaal-geloof in 2:17, 20?
3. Wat is die verhouding tussen ons geloof en goeie werke (2:22)? Waarom kan ware geloof en goeie werke nie van mekaar geskei word nie (2:26; vgl. ook HK v/a 91)?
4. In 2:21 sê Jakobus dat Abraham deur die werke geregverdig is, en in 2:23 dat hy deur sy geloof geregverdig is. Hoe kan altwee hierdie uitsprake waar wees? Hoe moet albei uitsprake verstaan word in die lig van Romeine 3:24 (vgl. veral HK So. 23)?

**STUDIE 4**

***Lees Jakobus 3.***

1. Waarom sal leermeesters eendag 'n strenger oordeel as ander deurgaan (3:1; vgl. 3:2 asook Matt. 18:6)?
2. Watter drie beelde gebruik Jakobus in 3:3-5 om die mag van die tong (die gesproke woord) te verduidelik? Wat bedoel hy daarmee dat die tong "uit die hel aan die brand gesteek word" (3:6; vgl. Hand. 5:3)? Hoe kan die tong "die hele liggaam besmet" (3:6; vgl. Matt. 15:18)?
3. In watter opsig is die ongetemde tong "vol dodelike gif' (3:8; vgl. Ps. 140:2-4)? Watter gebod van God word met die tong oortree (3:9; vgl. HK So. 40)? Waarvoor het God 'n tong (die gawe van spraak) aan die mens gegee (3:9-10)? Waarom is dit ondenkbaar dat 'n gelowige sy naaste sal vloek (3:11, 12)?
4. Waar kom wysheid vandaan (3:17)? Hoe verkry 'n mens wysheid (vgl. 1:5)? Hoe lyk wysheid in praktyk (3:17)? Wat is die vrug van wysheid (3:18)? Hoe lyk gebrek aan wysheid in praktyk (3:14)? Wat is die vrug daarvan (3:16)?

**STUDIE 5**

***Lees Jakobus 4.***

1. Wat is die oorsaak van stryd en rusies tussen mense (4:1)? Op watter verkeerde (en vrugtelose) maniere probeer mense kry wat hulle begeer (4:2)? Wat is die regte manier waarop ons dit moet verkry (4:2; vgl. Filip. 4:6)? Waarom gee God dikwels nie wat ons van Hom bid nie (4:3)?
2. Waarom is dit verkeerd om by sondige mense (die wêreld) te probeer populêr wees (4:4)? Hoe moet ons voor God nederig wees (4:6, 7)? Hoe kan ons van die duiwel in ons lewe ontslae raak (6:7)? Hoe kan ons God in ons lewe ontmoet (4:8)?
3. Waaroor moet die gelowige treur en huil (4:9; vgl. Luk. 18:13)? Hoe sal die Here ons dan verhoog (3:10; vgl. Luk. 18:14)? Watter optrede teenoor ander mense pas nie by die gelowige nie (3:11)? Wie is Wetgewer wat besluit wat by gelowiges pas en wat nie (4:12)?
4. Waarom is dit goed om jou lewe in te rig met die gesindheid van "As die Here wil..." (4:14, 15)? Teen watter sonde moet ons wat God se beskikking oor ons lewe erken, waak (4:16, 17)?

**STUDIE 6**

***Lees Jakobus 5.***

1. Verse 1 tot 6 kondig die oordeel oor die (ongelowige) rykes aan. Wat het die rykes verkeerd gedoen (5:4-6)? Watter troos dink u sou Jakobus se lesers uit hierdie oordeelsaankondiging put?
2 Watter houding pas by gelowiges wat (onder rykes) swaarkry (5:7, 8)? Waarom (5:8)? Watter voorbeeld van geduld (5:7) en van lydsaamheid (5:11) noem Jakobus?
3. Vir. watter sondes van die tong moet gelowiges in swaar tye oppas (5:9, 12)? Waarom (5:9)? Wat moet ons eerder met die tong doen wanneer ons swaarkry (5:13)? En wanneer dit met ons goed gaan (5:13)?
4. Watter twee dinge is vir siekes nodig (5:14)? Wat beteken dit om iemand "in die Naam van die Here met olie te salf" (5:14, in ag genome dat olie destyds die mees algemene geneesmiddel was, bv. Luk. 10:34)? Watter perspektief gee 5:14,15 ons op genesing vandag, met soveel moderne medisynes en mediese prosedures?
5. Kan sonde soms die oorsaak van siekte wees (5:15; vgl. 1 Kor. 11:29, 30; Openb. 2:22)? Watter ander oorsaak kan daar ook wees (vgl. Joh. 9:1-3)?

**STUDIE 7**

***Lees die brief van Judas.***

1. Met watter doel skryf Judas die brief (1:3)? Watter dwaling het die goddelose mense in die gemeente probeer indra (1:4)?
2. Wat het met die ongelowiges in Israel gebeur nadat hulle uit Egipte verlos was (1:5)? Wat het met die engele gebeur wat nie tevrede was met die plek wat God hulle gegee het nie (1:6)? Wat het met Sodom en Gomorra as gevolg van hulle onsedelikheid gebeur? Wat sal uiteindelik gebeur met mense in die gemeente wat in ongeloof en sonde volhard?
3. Noem 3 gruwelike sondes waaraan die valse leraars hulle skuldig gemaak het (1:8). Met watter voorbeeld uit die geskiedenis toon Judas aan dat 'n mens jou nie met ligsinnige praatjies oor hemelwesens (selfs nie eens oor die duiwel) moet ophou nie (1:9)?
4. In watter opsig tree die valse leraars soos redelose diere op (1:10)? Wat was "die weg van Kain" waarop hierdie mense ook loop (1:11; vgl. 1 Joh. 3:12)? Wat is die "verleiding van Bileam" waaraan ook hulle skuldig is (1:11; vgl. Num. 31:16)? En die "verset van Korag" (1:11; vgl. Num. 16:1-3)?
5. Hoe besoedel sulke mense die gemeente se liefdesmaaltye (by die Nagmaalviering) (1:12; vgl. ook 1 Kor. 11:17-22)? Noem 4 kragtige beelde waarmee Judas hierdie mense se bose optrede verwerp (1:12, 13). Hoe kry die valse leraars dit reg om die gelowiges te beïnvloed (1:16)?
6. Watter 4 opdragte gee Judas aan die gelowiges ten einde standvastig te bly (1:20, 21)? Watter 3 opdragte gee hy aan die gelowiges vir optrede teenoor medegelowiges (1:22, 23)?

***Die OPENBARING Van Johannes: Die Kerk op pad na die voleinding***

Die laaste Bybelboek ken ons as die Openbaring van Johannes, so genoem omdat die apostel Johannes daarin 'n openbaring beskryf wat hy van God ontvang het (Openb. 1:1). Watter soort openbaring? Johannes noem dit 'n "apokalips" (1:1) en 'n "profesie" (1:3). Met "profesie" word bedoel dat dit God se wil vertolk vir eie tydsomstandighede; met "apokalips" word bedoel dat dit die sluier lig oor God se wil vir die toekoms. So was die Here se opdrag aan Johannes dan ook: "Skryf die dinge op wat jy gesien het, dié wat is sowel as dié wat gaan gebeur" (1:19).

**Beelde en simbole**

Hierdie apokaliptiese profesie het God gegee in die vorm van gesigte (visioene) wat Hy Johannes laat sien het. Die gesigte is vol van allerhande beelde en simboliese taal. Ons lees byvoorbeeld van vreemde lewende wesens (hfst. 4), 'n draak (hfst. 12), 'n dier uit die see en 'n dier uit die aarde (hfst. 13). Veral opvallend is die simboliese gebruik van die getal 7 (7 gemeentes, 7 briewe, 7 seëls, 7 trompette, ens.) en die getalle 3, 4, 10 en 12. Hierdie beelde en simbole mag natuurlik nie letterlik eenvoudig verklaar word nie.

Waarom spreek God dan in sulke beelde en simboliese taal? Omdat sy openbaring vir alle tye geld. Die beelde en simbole kan dan na gelang van tydsomstandighede verskillend vertolk word. Wat in Openbaring staan, het dus beslis betrekking op ons tyd, maar nie net op ons tyd nie. Daarom moet ons versigtig wees om Openbaring so te verklaar asof dit in ons tyd sy eintlike vervulling het. In kort: by die verklaring van hierdie boek moet ons met groot versigtigheid en beskeidenheid te werk gaan.

**'n Troosboek in tye van verdrukking**

Waaroor spreek God in hierdie boek? Hy spreek daarin woorde van troos aan sy kerk in tye van swaarkry en vervolging. In Johannes se tyd is die kerk vervolg deur die Romeinse owerheid. In die eeue daarna tot vandag toe het die vervolging baie ander gestaltes en vorms aangeneem, en so sal dit ook in die toekoms wees. Maar te alle tye troos God sy kerk met die troos van sy Koninkryk (1:9; 11:15-19). Daarom neem die troon van God so 'n belangrike plek in Openbaring in (vgl. 1:4; 4:2-5:14; 6:16; 14:5; 19:4 ens.)

Wanneer die vervolging so fel raak en die verdrukking so swaar word dat dit lyk of Satan die oorhand kry, word die kerk getroos met die Koninkryk van God. Die gelowiges weet immers altyd en orals dat God steeds regeer en dat Jesus Christus ongetwyfeld oor Satan en sy magte triomfeer. Nou reeds is sy oorwinning 'n werklikheid, maar by sy wederkoms sal Hy sy vyande finaal vernietig (20:11-15). Dan sal Hy alles nuut maak en sal die volle glorie van sy Koninkryk aanbreek (21:1-8), 'n glorie waarin ook sy kerk 'n heerlike deel sal hê (21:9-27).

**Die inhoud van Openbaring**

Die inhoud van die boek kan soos volg ingedeel word:

| | |
|---|---|
| *1:1-8* | *Inleiding* |
| *1:9 - 3:22* | *Christus verskyn en stuur boodskappe aan die 7 gemeentes.* |
| *4:1 -19:4* | *Die ontplooiing van God se raadsplan in die geskiedenis te midde van verwoede aanvalle van Satan.* |
| *19:5 - 20:15* | *Die bruilof van die Lam en die eindoordeel.* |
| *21:1 - 22:5* | *Die nuwe hemel en die nuwe aarde.* |
| *22:6-21* | *Slotvermaninge in afwagting op die wederkoms.* |

**Voortsetting en afsluiting van die Bybel**

Dit is opmerklik dat Openbaring baie sterk by beelde en begrippe in die Ou Testament aansluit, veral by Eksodus, Daniël, Esegiël, Sagaria en ook Jesaja. Hieruit is dit duidelik dat die boek Openbaring nie los staan van die res van die Bybel nie, maar 'n besliste voortsetting is van die openbaring wat God in die Ou en die Nuwe Testament gegee het. Derhalwe mag 'n mens nie die beeldspraak en simbole in Openbaring na willekeur vertolk nie, maar moet dit in verband gebring word met wat elders in die Bybel geskrywe is.

Johannes het die Openbaring ontvang toe hy 'n banneling op die eiland Patmos was (1:9). Die verbanning na Patmos het gebeur tydens die Christenvervolging onder keiser Domitianus (81-95

n.C.). Dit bring die datum van die boek te staan op ongeveer 95 n.C. Daarmee is dit duidelik dat Openbaring nie net die laaste boek in die Bybel is nie maar inderdaad ook die boek in die Bybel wat heel laaste geskryf is. Met hierdie boek gee die Here dus nie net 'n voortsetting van sy openbaring in die Ou en die Nuwe Testament nie, maar ook die afsluiting daarvan.

**Sewe Bybelstudiestukke**

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Openbaring 1.***

1. Noem die vier "skakels" in die ketting van die openbaring wat God aan Johannes gegee het (1:1). Waarvan getuig Johannes in hierdie boek (1:2)? Waarom moet ons die woorde van die profesie bewaar(1:3)?
2. Aan wie rig Johannes die woorde van sy profesie (1:4)? Hoe word God in 1:4 genoem? En die Heilige Gees? Met watter 3 titels word Christus in 1:5 benoem? En in 1:8? Wie sal Christus sien wanneer Hy op die wolke kom (1:7)? Wat sal die goddelose wêreld doen wanneer hulle Hom sien (1:7)?
3. Waar was Johannes toe hy die openbaring van God ontvang het (1:9)? Op watter dag van die week was dit (1:10)? Hoe was dit vir Johannes moontlik om die openbaring te sien (1:10)?
4. Wie se stem was dit wat Johannes agter hom gehoor het (1:10, 13)? Kyk hoeveel ooreenkomste u kan kry tussen Openbaring 1:13-17 en Daniël 10:5-9. Watter simboliese betekenis het die sewe goue kandelaars (lampe) (1:12, 20)? En die sewe sterre (1:16,20)?

**STUDIE 2**

***Lees Openbaring 2:1-7; 3:1-6, 14-22.***

1. Watter voortreflike optrede van die gemeente in Efese word in 2:2, 3, 6 genoem? Wat is die aanklag teen die gemeente in 2:4 (vgl. ook Jer. 2:2)? Waartoe word die gemeente in 2:5 vermaan? Met watter dreiging word die vermaning ondersteun (1:5)? Watter belofte gee die Here aan die gehoorsame gemeente (2:7)?
2. Watter aanklag teen die gemeente in Sardis word direk aan die begin van die brief genoem (3:1)? Hoe dink u moet die aanklag vertolk word? Waartoe word die gemeente in 3:2, 3 opgeskerp? Wat belowe die Here aan hulle in die gemeente wat volhard (3:5)?
3. In watter opsig dink u was die gemeente in Laodisea nie koud of warm nie (vgl. Rom. 12:11)? Watter geestelike armoede word bestry met "goud wat deur vuur gelouter" is (3:17, 18; vgl. Mal. 3:3)? En wat is die wit klere waarmee geestelike naaktheid bedek word (3:17,18; vgl. Sag. 3:4, 5)?
4. Wie word deur die Here getugtig (3:19)? L.W.: Die Here se klop aan die deur van die hart (3:20) is nie, soos soms beweer word, 'n oproep tot ongelowiges om Hom in hulle lewe toe te laat nie. Watter wekroep is dit dan wel (vgl. 3:20)? Watter heerlike belofte gee Hy in 3:21 aan dié wat oorwin?
5. Kyk hoeveel ooreenkomste u kan sien tussen die openingsgesig in die boek (1:11-18) en die inleiding van elk van die sewe briewe in Openbaring 2-3. Kyk ook in hoeveel van die sewe briewe die woorde van 3:22 herhaal word. Waarom dink u word hierdie woorde soveel keer herhaal?

**STUDIE 3**

***Lees Openbaring 4:1-4; 5:1-10; 6:1-11.***

1. Wat dink u was die "geopende deur" wat Johannes in die hemel gesien het (4:1; vgl. Hand. 7:56)? Wat was die eerste ding wat Johannes in die hemel gesien het (1:2)? Wat het rondom die troon geskyn (4:3)? Wie het rondom die troon gesit (4:4)?
2. Wat was in die regterhand van Hom wat op die troon sit (5:1)? Waarom kon Johannes niemand kry wat waardig was om dit oop te maak nie (5:3, 4; vgl. Rom. 3:10)? Wie alleen was waardig om dit oop te maak (5:9)? Waarom (5:9)? Met watter 3 titels word Hy in 5:5, 6 benoem? Wat beteken elk van die titels (vgl. Gen.49:9,10; Jes. 11:1,10; Joh. 1:29)?
3. Wat het Johannes gesien toe die eerste seël oopgemaak is (6:2)? Waarvan is die wit perd en die kroon 'n simbool (6:2)? Wie dink u is dit wat op die wit perd sit?
4. Wat het Johannes gesien by die oopmaak van die tweede seël (6:4)? Waarom dink u was hierdie ruiter se perd rooi (6:4)? Waarom het die derde ruiter 'n skaal in sy hand gehad (5:5,6)? Watter simboliese waarde het die kleur van sy perd (swart - 5:5)?

5. Wie het op die vaal perd gesit (6:8)? Watter bevoegdheid het hierdie ruiter ontvang (5:8)? Na watter soort rampe in die wêreldgeskiedenis verwys 6:8? Wat het Johannes gesien toe die vyfde seël oopgemaak is (6:9)? Watter troos het hierdie mense ontvang (6:11)?

**STUDIE 4**

***Lees Openbaring 8:1-13; 12:1-17.***

1. Wat het gebeur onmiddellik nadat die sewende seël oopgemaak is (8:1)? Wat het God aan die sewe engele gegee (8:2)? Wat het saam met die reuk van die wierookbak na God toe opgegaan (8:3, 4)?
2. Wat het gebeur toe die eerste engel op sy trompet blaas (8:7)? En toe die tweede engel blaas (8:8,9)? Kyk watter ooreenkomste u tussen die tekens by die vier trompette (8:7-13) en die tien plae voor Israel se uittog uit Egipte (Eks. 7-11) kan uitwys.
3. Wat is die simboliese betekenis van die vrou met die mooi kleed aan in 12:1 (vgl. 19:7; Ef. 5:32; 2 Joh. 1)? En die betekenis van die draak (12:3; vgl. 12:9)? Hoe moet ons dit verstaan dat die draak se stert 'n "derde van die sterre van die hemel" saamgesleep het (12:4; vgl. 2:20; Judas1:6)?
4. Hoe word Christus van sy geboorte tot sy hemelvaart in 12:5 beskryf? Hoe het die draak gewag om die Kind by geboorte te verslind (12:4; vgl. Matt. 2:13-16)? Hoe het God voorkom dat Hy doodgemaak word (12:5; vgl. Matt. 2:13-15)?
5. Wat was die uiteinde van Satan en die engele wat teen die hemel oorlog gevoer het (12:7-8; vgl. 2 Pet. 2:4)? Aan wie behoort die oorwinning in die stryd (12:10)? Waarom is dit tevergeefs dat Satan God se kinders voor Hom aankla (12:10; vgl. Rom. 8:33, 34)?
6. Waarop spits Satan hom toe na sy nederlaag teen Christus (12:13)? Wie red die kerk elke keer uit Satan se vervolging (12:14)? Hoe kan ons die rivier waarmee Satan die kerk wil oorspoel (12:15) vertolk in die lig van Matteus 13:22? Waarom mag ons nie dink dat Satan gaan ophou om die kerk te vervolg nie (12:17)?

**STUDIE5**

***Lees Openbaring 13:1 -14:5.***

1. Met watter beeld word die Antichris in 13:1 beskryf? Hoe word die Antichris se mag uitgebeeld (13:1)? Waar kry hy sy mag vandaan (13:2)? Watter aanhang kry die Antichris onder die mense (13:3,4)? Wat is hulle uiteindelike houding teenoor Satan (13:4)?
2. Op watter manier tart die Antichris God uit (13:5, 6)? Teen wie voer die Antichris oorlog (13:7)? Hoe sal die kerk onder die mag van die Antichris beland (13:8)? Waaraan weet ons dat God nie sal toelaat dat die kerk tot niet gaan en die Antichris navolg nie (13:8, 9)?
3. Met watter beeld word die Antichris in 13:11 beskryf? Met watter soort tekens verlei hy die mensdom om hom te aanbid (13:13)? Waartoe verlei hy die bewoners van die aarde verder (13:14)? Op watter manier oefen hy sy mag oor die mensdom uit (13:16, 17)?
4. Watter merk ontvang hulle wat die Antichris aanbid (13:17)? L.W. die Antichris sal baie naby daarom kom om hom as God voor te doen (vgl. 2 Tess. 2:4), maar sal nooit soos God kan word nie. Dit word in 13:18 uitgebeeld deur die getal 3 keer 6 (666), maar nooit 7 nie - die getal van Goddelike volheid.
5. Watter merk ontvang die uitverkorenes van God op hulle voorhoof (14:1)? Waarom dink u behoort ons nie die getal 144 000 in 14:1 letterlik op te neem nie (vgl. die inleiding hierbo)? Hoe het hulle God se eiendom geword (14:4)? Waaraan word hulle uitgeken (14:4, 5)? Wat doen hulle rondom die troon van God (14:3)?

**STUDIE6**

***Lees Openbaring 15:1-8; 17:1-3,9-18; 18:1-6; 19:11-16.***

1. Met watter laaste teken word die eindoordeel van God beskryf (15:1)? By watter vorige geleentheid het die verloste volk van God die lied van Moses gesing (vgl. Eks. 14:29 - 15:1)? Hoe moet ons, in die lig van Eksodus, Openbaring 15:2-4 verstaan? Vanwaar af stuur God sy laaste oordeel uit (15:5-8)?
2. Met watter beeld word die imperiale wêreldmagte, oor wie God sy oordeel bring, in hoofstuk 17 beskryf (17:1-3)? Wat beteken die sewe koppe van die rooi dier (17:3,9,10)? En die tien horings (17:3,12, 13)?
3. Hoe weet ons dat die vrou van hoofstuk 17 inderdaad die imperiale wêreldmag wat oor al die volke wil regeer, versimboliseer (17:15, 18)? Aan wie alleen kom dit toe om oor volke en konings te regeer (17:14)?
4. Met watter ou stad word die imperiale magte in 18:2 vergelyk? Waarom is dit 'n baie sprekende

vergelyking (vgl. Gen. 11:3-9)? Waaraan weet ons dat Babilon hier inderdaad die imperiale wêreldmag verteenwoordig (18:3)? Watter opdrag kry die volk van die Here (18:4)? Wat is die uiteinde van Babilon (18:5, 6)?

5. Met watter name word Hy wat op die wit perd sit, benoem (19:11, 13)? Wie is Hy (vgl. 1:5; Joh. 1:1)? Wat is die skerp swaard wat uit sy mond uitgaan (19:15; vgl. Heb. 4:12)? Met watter beeld word verduidelik dat Hy die eindoordeel oor die nasies sal bring (19:15)? Oor wie almal regeer Hy (19:16)?

**STUDIE7**

***Lees Openbaring 20:1-3, 11-15; 21:1-11; 22:11-21.***

1. Waar word Satan vir duisend jaar lank (d.w.s. 'n lang tydperk) gebind (20:2, 3)? Wie staan almal in die eindoordeel voor die troon van God (20:12)? Wie word almal in die poel van vuur gegooi (20:14,15)? Wie word deur God vrygespreek (20:12,15)?
2. Wat sal in die voleinding met hierdie hemel en aarde (die ou bedeling) gebeur (21:1)? Waarvandaan sal die nuwe Jerusalem dan kom (21:2)? Wie of wat is die nuwe Jerusalem (21:2, 9)? Hoe sal die verhouding tussen God en die mense dan wees (21:3)? Wie is dit wat alles aan die einde sal nuut maak (21:5)?
3. Wat sal Jesus Christus doen wanneer Hy kom (22:12)? Watter belofte gee Hy aan elkeen wat sy gebooie gehoorsaam (22:14)? Hoe noem Christus Homself in 22:16? Waar kom die benaminge vandaan (vgl. 2:28 en 5:5)?
4. Wie roep dat Christus gou moet kom (22:17)? Waarom dink u het die kerk die Gees in hierdie roep nodig? Watter uitnodiging rig die Here aan die mens (22:17)? Wat gee die Here verniet aan elkeen wat na Hom toe kom (22:17)?
5. Watter waarskuwing rig die Here aan diegene wat iets by die profesie van Openbaring wil byvoeg of daarvan wil weglaat (22:18, 19)? Dink u dat hierdie waarskuwing ook geld vir iemand wat iets van die hele Bybel wil weglaat of daaraan wil toevoeg (vgl. Gal. 1:6-8; 2 Pet. 3:16)?